DIENAARSKAP

die roeping van elke Christen

darrow l. miller

Servanthood: The Calling of Every Christian
Copyright © 2009 by Darrow L. Miller
Published by the Disciple Nations Alliance
1110 E Missouri Ave, Suite 393
Phoenix, AZ 85014
United States of America

Copyright © 2009 by Darrow L. Miller. Translated and published in Afrikaans by Coenraad Vrey with permission of the author.

You are permitted and encouraged to reproduce and distribute this material in any format provided you do not alter the wording in any way, you do not charge a fee beyond the cost of reproducing, and you do not make more than 1,000 physical copies. For web posting, a link to this document at www.disciplenations.org is preferred. The Disciple Nations Alliance, Inc. must explicitly approve exceptions to the above permissions.

Permission to Reproduce: Third parties (such as individuals, churches or other organizations) may freely reproduced DNA self-published resources in any format (using their own logotype and style guide) on condition that they abide by the terms of the above Permission Statement and that all copies clearly display the DNA copyright and Permission Statement on the title page or another prominent location.

ANDER BOEKE DEUR DARROW L. MILLER

Discipling Nations:
The Power of Truth to Transform Culture

Against All Hope:
Hope for Africa

The Forest in the Seed (with Scott Allen)

Nurturing Nations:
Reclaiming the Dignity of Women in Building Healthy Cultures

LifeWork:
A Biblical Theology for What You Do Every Day

Hierdie en ander soortgelyke titels is beskikbaar by www.disciplenations.org

DEDICATION

To those who have gone to the hard places
and have learned the joy of service
among the poorest of the poor—
our partners in experiencing the coming of the Kingdom.

INHOUD

	Voorwoord	vii
	Inleiding	1
1.	Die mens se ambisie	5
2.	Voorbeelde van dienaarskap	12
3.	Die Diensknegkoning	17
4.	Die motivering vir diens	26
5.	Die konteks van diens	33
6.	Die dienskneg se vryheid	40
7.	Die dienskneg se lyding	48
8.	Die gesindheid van die dienskneg	58
9.	Die gedrag van die dienskneg	68
10.	Die persone vir wie ons dien	76
11.	Die werk van die dienskneg	91
12.	Waar dien ons?	102
13.	Die toegewydheid van die dienskneg	110
	Aangaande die Disciple Nations Alliance	118
	Bylaag 1: Persoonlike evaluering	119
	Notas	121

VOORWOORD

God het ’n duidelik omskrewe doel vir jou lewe, en daardie doel is om jou tot ’n dienskneg te omvorm.

Meer algemeen, God se ambisie is om jou karakter te hervorm sodat dit die karakter van sy Seun volmaak weerspieël. Sedert die dag dat jy wedergebore is in sy ewige koninkryk, het Hy in jou gewerk. Deur elke gebeurtenis en omstandigheid is sy Gees besig om Christus se karakter in jou te verfyn, te suiwer en te ontwikkel.

Hy doen dit omdat Hy ’n groter missie in die oog het – ’n missie om alle nasies te seën, te genees en te verlos, om sy koninkryk hier op aarde te bevorder soos wat dit in die hemel bestaan. Hoe gaan Hy te werk om hierdie missie van Hom te bereik? Hy begin met mense soos jy – gebroke, behoeftig en onvolmaak. Hy trek jou nader aan Hom, neem jou sondes weg, plaas sy Heilige Gees in jou en begin met ’n proses van totale hervorming – ’n proses om Christus se eie karakter in jou te vorm.

Maar dit is net die begin. Soos wat jou lewe verander word, kring hervorming uit deur jou familie, vriende, medewerkers, selfs deur jou ongebore kinders en kleinkinders. Deur hierdie goddelike proses word nasies in hulle totaliteit beïnvloed. Jy begin om lief te hê soos Christus liefhet. Die mense wat jou lewenspad kruis begin om iets van God se goddelike liefde te ervaar, en op sy beurt lei dit hulle na die bron daarvan – na Christus self. Die doel van jou lewe is opgeneem in God se onwankelbare ywer om al die nasies te seën. Jy is geseën om ’n seën te wees. God gebruik letterlik vir jou om die wêreld te verander.

Die sleutel tot hierdie hele proses is immers om soos Christus te word, en om soos Christus te word beteken heel eerste om ’n dienskneg te word. ’n Dienskneg is iemand wat steeds op die uitkyk is vir die nood van ander – spesifiek die gemarginaliseerdes en verwaarloosdes – en neem dan proaktiewe stappe om iets omtrent daardie nood te doen. Om ’n dienskneg te wees beteken om vir die welstand van mense te werk – mense van wie jy nie noodwendig hou nie en mense wat nie noodwendig van jou hou nie.

Kyk, Christus is die volmaakte weerspieëling van God se karakter in ’n menslike liggaam, en God se karakter word gedefinieer deur die woord *barmhartigheid*. Toe Moses God op die berg Sinai ontmoet het, het hy ’n versoek gehad: “Laat ek tog net u magtige verskyning sien!” (Eks 33:18). God het hierdie moedige versoek beantwoord: “Ek sal al my voortreflikheid voor jou laat verbykom en Ek sal die Naam ‘die Here’ vir jou uitroep.” (Eks 33:19) God se heerlikheid word in sy Naam vertoon, en sy Naam beskryf sy karakter. Dit is hierdie selfde karakter wat Christus volmaak beliggaam het terwyl Hy op die aarde was. Dit is dieselfde karakter wat sy Gees in jou vorm. Kom ons kyk daarna:

> "Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van hulle vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag." (Eksodus 34:6-7 AFR1983)

Daar kan baie oor hierdie Naam gesê word maar, vir ons doel, laat ek jou aandag vestig op die eerste woord wat God gebruik om sy eie karakter te beskryf en sy heerlikheid te openbaar. Hy kon baie ander woorde gekies het, maar Hy het hierdie spesifieke een gekies, en dit sal vir ons goed wees as ons dit goed bestudeer. Hierdie woord is *barmhartigheid*.

Barmhartigheid is 'n woord wat baie gebruik en misbruik word in ons tyd. Baie verstaan dat dit 'n sinoniem is vir *jammerte* of *simpatie*. Dit word algemeen geassosieer met 'n gevoel of 'n emosie. Sommige van die hedendaagse woordeboeke definieer dit so. Maar wat beteken dit werklik? Die Engelse woord "*compassion*"(barmhartigheid) is 'n saamgestelde woord waarvan die betekenis duidelik word wanneer diebetekenis van elke deel ondersoek word. Die Latynse voorvoegsel "*com*" beteken "*with*" (met). Die woord "*passion*" beteken letterlik "*to suffer*" (om te ly). Die tipiese gebruik van hierdie woord is op Goeie Vrydag wanneer ons fokus op die lyding (*passion*) van Christus. Dus beteken "*compassion*" letterlik "*to suffer with*" (om saam te ly). Ware "*compassion*" (barmhartigheid) beteken aksie – nie emosie nie. Dit kom daarop neer om langs iemand wat in nood is te kom met die bedoeling om sy/haar las te deel. In kort beteken dit om ander te dien.

Omdat God se karakter gedefinieer word deur barmhartigheid, het Hy sy Seun gestuur om te ly saam met ons – gevalle, swak en verlore mense. Dit was Hy wat "aan mense gelyk geword het. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis." (Fil 2:7-8)

God se agenda is om binne-in jou hierdie selfde barmhartigheid te vorm – hierdie selfde gewilligheid om ander te dien, selfs tot by die punt van lyding. Omdat hierdie soort optrede so onnatuurlik, so onverwags is in 'n wêreld wat selfgesentreerd is en in homself opgaan, is dit ongelooflik kragtig. Dit staan uit en veroorsaak dat mense oplet. Dit skyn soos 'n helder lig op die donkerste van die nag. So 'n barmhartigheid het nie 'n aardse verduideliking nie. Dit is letterlik 'n wonderwerk.

Sulke barmhartigheid kom nie natuurlik nie. Dit moet aangeleer word. Om meer spesifiek te wees, die Heilige Gees werk in ons om aan ons die begeerte en die krag te gee om te dien, maar ons het 'n rol om te vervul en

hierdie rol mag nie geminimaliseer word nie. Wat is ons rol om soos Christus te word? Hoe kan ons saam met God se Gees werk? 2 Korintiërs 3:18 gee vir ons 'n leidraad:

> "En terwyl ons almal met ontsluierde gesig, soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is." (AFR1953)

Die woord *aanskou* beteken *om te kyk*, *om te bepeins*, *om te oordink*, *om na te dink oor*. Ons moet ons onverdeelde aandag gee aan God se heerlikheid (sy Naam, sy karakter, sy barmhartigheid), en terwyl ons dit doen, word ons al meer en meer hervorm tot dieselfde heerlikheid. Wanneer ons Christus aanskou, aanskou ons die Een wat "nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (Mark 10:45).

Hierdie Bybelstudie is ontwerp om jou te help om juis dit te doen. Om God se barmhartigheid en Christus se opofferende diens te bestudeer, te aanskou en te bepeins met die bedoeling dat hierdie sentrale deug in jou lewe gevorm word. *Servanthood: The Calling of Every Christian* is jare gelede deur my vriend en medewerker Darrow Miller geskryf om te help om korttermynsendingspanne en sendingspanne in ander kulture voor te berei. Ek het hierdie lesse al baie keer bestudeer en het dit oor die wêreld al onderrig. Ek kan persoonlik van die krag daarvan getuig. Hierdie Bybelstudie het werklik my lewe verander, soos dit baie ander mense se lewens verander het. Ek is vol vertroue dat wanneer jy toelaat dat hierdie dertien hoofstukke jou dieper in die Skrif in lei, jy God en sy Seun in 'n ander lig sal sien – as die barmhartige Diensknegte wat Hulle is. En wanneer jy hulle voorbeeld volg, sal jy verander word – en God sal jou gebruik om die wêreld te verander.

Scott D. Allen
Disciple Nations Alliance
Mei 2009

ERKENNINGS

My goeie vriend, Bob Moffitt, het my aangespoor om in 1979 hierdie reeks saam te stel.
Sedertdien het baie mense dit gebruik, dit aan ander oorgedra
en bygedra tot die verbetering daarvan.
Dankie aan julle almal!

Aan Marilyn, die bruid van my jeug,
wat ’n dienskneg se hart openbaar in die skepping van ons tuiste,
haar sorg vir ons gesin en die gasvryheid aan ons vriende –
gee ek my liefde en dankbaarheid.

Aan die Een wat my met sy dood gedien het, is ek my hoogste dank verskuldig.

INLEIDING

Die Kerk in die Weste is al dikwels deur die wêreld se agenda en waardesisteem geneutraliseer. Ons is op soek na selfverwesenliking, terwyl ons nie die krag van Christus se woorde besef dat ons moet sterf om te lewe en gee om te wen nie. In plaas daarvan is die goeie lewe – die lewe van gemak en persoonlike vrede – ons doelwit. Ons aap die wêreld na in plaas daarvan om die wêreld uit te daag. Omdat die einde van hierdie ywer vlak en onbevredigend is, jaag ons voort in die hoop dat, as ons vinniger beweeg, geluk tog sal kom.

In teenstelling met ons natuurlike geneigdheid tot selfdiens, het God ons geroep tot "diens aan ander". Die gesag wat aan Christus gegee is in Matteus 28:18, en wat Hy aan sy dissipels gegee het, is die gesag om te dien (2 Kor 10:8). Die vroeë kerk het dit verstaan en vir ons 'n nalatenskap gegee van diens toe hy herberge vir reisigers, hospitale vir siekes, armhuise vir die armes en weeshuise vir die weeskinders gebou het. Ons diens is 'n dinamiese getuienis dat ons glo dat die Bybelse boodskap waar is.

Met ander woorde, die vervulling waarna ons verlang, sal nooit in die wêreld se agenda gevind word nie maar slegs in Christus se planne. In Lukas 19:12-27 vertel Jesus die gelykenis van 'n man van adellike afkoms (wat Jesus self voorstel) wat na 'n ver land toe gegaan het om sy koninkryk te ontvang. Hy het aan sy getroue diensknegte gesag oor die stede in die land gegee, hulle beveel (in die woorde van die King James-vertaling) om dit te beset (*occupy*) totdat hy terugkom. Dit is die kerk se opdrag – "om die land te beset" vir die koms van die Koning. Ons moet God se volk wees. Dr Tetsunao Yamamori, voormalige president van Food for the Hungry, het dit só uitgedruk: ons moet betrokke wees in "simbiotiese bediening" – dit is, verkondig die Goeie Boodskap van God se verlossing deur Jesus Christus (evangelisasie) en bevry mense uit sosiale, politieke en ekonomiese kettings om vrede, orde en harmonie in alle menslike verhoudings te vestig (sosiale aksie).[1]

Die sleutel tot hierdie "besetting" is jy. Soos ons in die gelykenis in Lukas leer: God het lewe, talente, vermoëns en gawes aan jou gegee; en Hy wil hê dat jy dit moet gebruik. Jou lewe maak 'n verskil! Dit is wonderlik; dit is groots. Francis Schaeffer het graag gesê: "Like a pebble thrown into a still pond, your life makes ripples that continue...forever."[2]

Christus sal terugkom, net so seker as wat Hy uit die dood uit opgestaan het. Soos Lukas 19:12 sê: Hy is nou in die hemel om sy koninkryk te ontvang. Elke plek waar jy as Christen staan, word besette gebied. Wanneer jy staan en 'n gebied beset, skep jy 'n plek waar ander saam met jou kan staan.

Agtergrond

Hierdie reeks Bybelstudies is ’n oproep aan die Kerk om wakker te word en sy opdrag uit te voer.

Oorspronklik het ek hierdie reeks geskryf om ’n groep Christen hoërskooljongmense van Ohio aan te spoor toe hulle gereed gemaak het vir ’n tweeweke-werksprojek in die Dominikaanse Republiek . Ek onthou dat ’n soortgelyke ervaring my uit my sluimering wakker gemaak het. As ’n negentienjarige kollegestudent het ek saam met tien studente, ’n pastor en en sy vrou na Mexico Stad gereis waar ons vir ses weke in ’n weeshuis geleef en gewerk het. Ons is met $1.25 per week onderhou – ons het dieselfde kos as die weeskinders geëet. Hierdie tydperk van korttermyn-uitreike het die koers van my lewe totaal verander. Van die dertien wat daardie somer gegaan het, het agt van ons meer intensief betrokke geraak in uitreike.

Ek wou graag hê dat die Ohio-werkspan ’n horisonsverbredende en lewensveranderende ervaring sou hê; en dit is my gebed ook vir julle almal wat deelneem aan hierdie Bybelstudie. Ek hoop dat dit nie net ’n Bybelstudie sal wees nie maar ’n viering van ons hoë roeping; nie net maar nog inligting nie, maar ’n basuin wat tot aksie oproep. Terwyl ons op die Koning wag, laat ons die beste gebruik maak van ons tyd. Laat ons sy koms verhaas deur Hom goed te dien.

Die doel

Die doel van hierdie reeks:

1. Om jou te help verstaan dat dit die Kerk se opdrag is om hierdie wêreld vir Christus te beset.
2. Om jou aan te spoor om te sien dat jy die sleutel is; jou lewe tel.
3. Om jou te lei in die vervulling van jou roeping – om ’n dienskneg te wees.

Die basis

Hierdie Bybelstudie is gebaseer op vyf grondwaarhede:

1. Ons lewe in ’n gevalle wêreld. Sonde het ons almal se lewens en alle verhoudings verongeluk. God haat die sonde en Hy treur oor die gebrokenheid in die wêreld.
2. Christus het gekom om ons in sy dood te dien, wat tot ons verlossing dien. Met sy lewe het Christus vir ons gewys hoe om te dien en hoe om die proses te begin om herstel aan ’n gevalle wêreld en hoop aan gebroke lewens te bring.
3. Christus sal terugkom om sy koninkryk te vestig terwyl Hy alles wat stukkend is sal heelmaak.
4. Hy het sy Kerk gevestig om die magte van die duisternis te bestry en om die moeilike plekke vir sy koms te beset.
5. Individuele Christene en ons gemeenskaplike optrede in die plaaslike kerk is die sleutel. Hy het ons vir ’n basiese taak geroep – diens.

Die formaat

Die volgende sal die ses elemente van elke Bybelstudieles wees:

1. Vorige Bybelstudie ... Dit sal 'n opsomming gee van wat tot dusver in die vorige studies gedoen is, en skets die agtergrond vir die huidige studie.

2. Voorskou ... Hierdie deel som die rigting van die huidige studie op en gee 'n kort uiteensetting van die studie.

3. Ken en doen ... Christus het altyd die belangrikheid van KEN en DOEN van God se wil beklemtoon. In ons geval is dit van toepassing om God se Woord te ken en te doen. Ons moet oor God se Woord nadink sowel as daarop reageer. Om 'n hoër waarde te heg aan weet of doen, beroof die Woord van sy krag. OM TE KEN beteken dat 'n mens kennis sowel as begrip het. OM TE DOEN vereis toewyding en betrokkenheid gebaseer op ons kennis.

   Dit kan soos volg geïllustreer word:



   Om net sy Woord te KEN is verbalisme; om net sy Woord te DOEN is aktivisme.
   Die beklemtoning van KEN EN DOEN gee die KEN EN DOEN-doelwitte van elke Bybelstudie.

4. Studie ... Die studie is die liggaam van die werk. Dit moet behoorlik gedoen word en dit vereis studie van drie tot vyf uur. Die mense wat die meeste tyd aan die Bybelstudie bestee sal ook die meeste groei as gevolg van die studie. Die fokus in hierdie gedeelte is om die KEN te beklemtoon. Al die aanhalings uit die Skrif kom uit die 1983 Afrikaanse Vertaling van die Bybel, tensy anders vermeld.

5. Op jou eie ... Hierdie deel daag die leser uit om 15-30 minute lank oor die teksvers na te dink of dit te memoriseer.

6. Jou aandeel ... Die fokus van hierdie gedeelte is om die DOEN te beklemtoon – die toepassing van die kennis wat versamel is. Hierdie deel gee ’n relevante, praktiese oefening wat ontwerp is vir individuele groei.

Hoofstuk 1

Die mens se ambisie

Voorskou

Die woorde wat ons gebruik, weerspieël ons waardes. Watter woorde gebruik ons om ons ambisies te beskryf? Weerspieël dit Christus se ambisie vir ons? Ons gaan eers die woordeskat van die Westerse kultuur bestudeer soos dit in verband staan met ambisie en dan gaan ons Christus se ambisie vir ons ondersoek.

Ken en doen

In hierdie Bybelstudie sal ons te wete kom dat dit ons roeping is om diensknegte te wees. Ons begin doelbewus om die mense die naaste aan ons te bedien.

Studie

Die name waarmee gelowiges benoem word

Toe ons tot geloof in Christus gekom het, is daar nuwe name vir ons gegee: Seuns van God, Kinders van die lig, Christene, Verlostes, Nuwe skepping, en nog baie ander. Hierdie name gee aan ons identiteit en maak ons bly. Toe ons in God se familie aangeneem is, het ons sy Naam ontvang.

Daar is natuurlik ook baie ander titels wat ons nie so bly maak nie. Aangesien hierdie titels 'n negatiewe konnotasie het, is ons geneig om hulle eerder te vermy. Ons is Gevangenes (Efes 4:1), Diensknegte (Fil 1:1), Werkers (2 Tim 2:15) en Dienaars (1 Tim 4:6). Om 'n gevangene van Jesus Christus te wees is beter as om 'n vryman van die wêreld te wees. Om 'n slaaf van Jesus Christus te wees is eintlik 'n groter voorreg as om 'n baas van miljoene te wees.

God se wil vir jou lewe

Wanneer ons aan God se wil vir ons lewens dink, kan ons praat van sy algemene wil en van sy besondere wil. Sy algemene wil (dat ons godvresende mans en vrouens sal wees) word in die Skrif vir ons uiteengesit. Sy besondere wil (met wie ons sal trou, waar ons sal bly, watter hoofvakke ons op universiteit sal neem) word aan ons geopenbaar wanneer ons ons beywer vir sy algemene wil. In Matteus 6:33 staan geskryf: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God (sy algemene wil), dan sal Hy ook al hierdie dinge (verskillende aspekte van sy besondere wil) gee."

Ons vind soortgelyke raad in Jesaja 58:10-11: "... as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is (God se algemene wil) ... Die Here sal jou altyddeur lei (sy besondere wil) ..."

Ons vra graag: Wat moet ek met my lewe doen – wat is my roeping? God antwoord: Fokus op jou Christelike roeping: wees 'n dienskneg. Wat moet ek doen? Ek moet dien.

Maar is dit ons natuurlike ambisie?

Die belangrikheid van woorde

Die woordeskat van enige samelewing kan ons baie vertel van die waardes van die mense in daardie samelewing. In CS Lewis se boek *Out of the Silent Planet* strand die held, Ransom, op 'n planeet waar die bewoners nie woorde vir oorlog of haat het nie. Dit weerspieël die afwesigheid van haat en oorloë in daardie samelewing.

Die woordeskat van 'n samelewing lê die waardes van die mense in daardie samelewing bloot. Byvoorbeeld, wat noem ons dit wat 'n vrou in haar baarmoeder dra – 'n baba of 'n fetus? Die woord wat ons kies beïnvloed ons gesindheid en optrede teenoor daardie kind. Praat ons van die heiligheid van lewe of die kwaliteit van lewe? Maak ons dood of termineer ons? Die verlies aan die algemene gebruik van woorde soos *kuisheid*, *waarheid*, *geregtigheid* en *skuld* in ons samelewing en kultuur weerspieël 'n dramatiese skuif in ons wêreldbeskouing, waardes en lewenstyl.

Om met ons studie oor dienskneg wees te begin wil ons sommige woorde wat in ons kultuur gebruik word, ondersoek en ontdek hoe hierdie woorde vorm gegee het aan ons ambisies.

1. Merk die woorde in die onderstaande lys wat jy meen die beste beskrywing van die waardes van ons kultuur is – die hoogste mikpunte waarna mense in ons samelewing streef:

assistent	laaste	heerser
dienskneg	leier	tweede
baas	heer	dienskneg
blou boordjie	bestuurder	selfhandhawend
hoof	meester	slaaf
direkteur	bediende	klein
werknemer	mindere	ondergeskik
werkgewer	eienaar	sukses
eerste	arm	meerdere
helper	invloedryk	ondersteunend
minderwaardig	primêr	handlanger
vermoënd	prinsipaal	opwaarts
betekenisloos	besitter	wit boordjie
groot	ryk	wenner

2. Wat vertel hierdie woorde van ons kultuur se ambisie?

3. Kies vyf woorde uit die lys wat jy gewoonlik gebruik om jou persoonlike doelwitte te beskryf.

   Verskil jou doelwitte van die doelwitte in die samelewing?
   Indien wel, hoe?

   Indien nie, wat sê dit van jouself?

4. Die meeste van die woorde in die lys is sinonieme van een van die volgende twee woorde: *meester* of *slaaf*.
5. Gebruik 'n woordeboek om die woorde *meester* en *slaaf* te bestudeer. Skryf 'n definisie van elkeen in jou eie woorde neer:
   meester:

   slaaf:

6. Ons het na hierdie teenoorgestelde woorde gekyk en ook gesien dat ons samelewing sukses in terme van outoriteit, mag en oorwinning definieer. Ons samelewing stel mislukking gelyk aan arbeid, diens en om ondergeskik te wees.

Hierdie woorde is egter nie noodwendig in konflik nie. Jesus is God en mens gelyktydig, Hy is Here sowel as Dienskneg. Eintlik is goeie leierskap dienende leierskap.

Koninkrykwaardes is eintlik: regte kant bo

1. In Lukas 3:4-6 preek Johannes die Doper oor die boodskap van Jesaja aangaande die koms van Christus se koninkryk. In die koninkryk is alles onderstebo gekeer. (Meer korrek gestel, alles is na hulle regte posisie herstel.) Beskryf wat gebeur met die volgende:
   Klowe:

   Berge:

   Krom paaie:

   Ruwe paaie:

2. In Lukas 6:20-26, algemeen bekend as die Saligsprekinge, beskryf Jesus diegene wat geseënd is en die wat vervloek is. Let weer op hoe die waardes van die koninkryk verskil van die waardes van die wêreld.

Vergelyk en skryf die omstandighede van die geseëndes en van die vervloektes neer. Dink met watter een jy die meeste identifiseer.

Geseënd	***Vervloek***
Geseënd is julle, wat ter wille van My ...	Ellende wag vir julle ...
_____	_____
_____	_____
_____	_____
_____	_____

3. In Lukas 6:27-29 word die vreemdheid van die koninkryk voortgesit wanneer Christus vir sy volgelinge die *Regte kant bo*-waardes leer. Beskryf hoe ons, as Christene, die volgende mense moet behandel:
   Ons vyande:

   Hulle wat ons haat:

   Hulle wat ons vervloek:

   Hulle wat ons mishandel:

   Hulle wat ons op die een wang slaan:

   Hulle wat ons bo-klere vat:

4. Bestudeer Matteus 10:39. Hoe kry ’n mens die lewe in die koninkryk van God?

5. Die waardes van die koninkryk staan in kontras met die waardes van die wêreld. Daarom is die ambisie van die Christen ook anders as die ambisie van die wêreld. Die ambisie van die Christen is om ’n dienskneg te wees.
6. Daar is hoofsaaklik drie Griekse woorde wat in die Nuwe Testament vir *dienskneg* gebruik word:
   doulos – slaaf, voorwerp, dienskneg
   diakonos (van *diako* om boodskappe te dra) – ’n bediende, kelner, dienskneg
   therapon – ’n bediende, dienskneg

Die Nuwe Testament gebruik die woord *dienskneg* dieselfde as wat ons vandag die woord gebruik. Dit is die persoon wat handewerk verrig.

Christus se leer oor ambisie

1. Lees Markus 10:32-45.
   Wat is die agtergrond van hierdie bespreking? Wat staan op die punt om te gebeur? (vers 32-34)

   Wat wil Jakobus en Johannes hê moet Christus vir hulle doen? (vers 35-37)

   Waarom kan Christus nie hulle versoek toestaan nie? (vers 38-40)

   Hoe het die ander dissipels gereageer? (vers 41)

   Wat is die wêreld se standaard vir grootheid? (vers 42)

   Wat is die betekenis van die woord *maar*? (vers 43-44)

   Wat is Christus se standaard vir grootheid? (vers 43-44)

   Wat is die een ding wat Christus nie gekom het om te doen nie? (vers 45)

   Watter twee dinge het Hy kom doen? (vers 45)

2. Die wêreld beskryf die vername man as die een wat die meeste diensknegte het, terwyl Christus die vername man beskryf as die een wat die meeste mense bedien.

Die wêreld se waardes ***Die koninkryk se waardes***



In die koninkryk is diens nie die voorvereiste vir grootheid nie. Dit is die standaard vir grootheid. Ons moet die knie buig voor die heerlikheid! Christus het die egte grootheid kom herstel.

3. Volgens die koninkryk se waardes ontvang die Vader die eer vir die diens wat mense verrig. Wanneer die mens dien, trek die vername man nie die aandag na hom toe nie maar na God toe.

   Wat veroorsaak die goeie werke van 'n Christen by ander mense, volgens Matteus 5:16?

   Hoe bevoordeel dit die koninkryk?

   Voltooi die sin: Christus het my verstaan van die woord *dienskneg* verander van:

   na:

Op jou eie ...

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Maar by julle moet dit nie so wees nie.
Elkeen in julle kring wat groot wil word, moet julle dienaar wees;
en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees.
Markus 10:43-44

Jou aandeel ...

Bid en vra die Here om jou te lei om iemand anders te bedien. Bid dat dit iemand moet wees wat normaalweg jou bedien. Wees spesifiek.

Byvoorbeeld, hierdie persoon kan jou ma wees wat altyd jou wasgoed vir jou was ... dit kan jou werknemer wees wat vir jou werk ... dit kan jou vriend wees wat altyd vir jou beskikbaar is ... of dit kan ’n kelner of ’n winkelassistent wees wat jou gewoonlik bedien.

1. Wie is hierdie persoon?

2. Wat doen hierdie persoon gewoonlik vir jou?

3. Wat verwag jy van of beveel jy hierdie persoon?

4. Wat sal jy vir hierdie persoon doen?

5. Wanneer sal jy dit doen?

Deel dit met die Bybelstudiegroep of ’n naby vriend. Vra hulle om vir jou te bid. Vertel vir hulle wat gebeur het.

Hoofstuk 2

Voorbeelde van dienaarskap

Vorige Bybelstudie

In die eerste Bybelstudie het ons opgemerk dat dit die mens se natuurlike geaardheid is om bedien te word, dit is om BAAS te wees. In teenstelling daarmee is die ambisie van Christus om te dien. Hy het vir ons die perfekte voorbeeld van 'n dienskneg gegee; trouens, Hy is DIÉ DIENSKNEG.

Voorskou

In hierdie Bybelstudie wil ons na voorbeelde van diensknegte kyk. Met die oog daarop dat ons sal leer om te dien, moet ons sien hoe ander dien. Ons gaan hierdie voorbeelde van diens sien in die karakter van God, in sy vleeswording in Jesus Christus, dié Dienskneg, en in die lewens van Bybelse en hedendaagse mense.

Ken en doen

In hierdie Bybelstudie wil ons verstaan dat God 'n dienende God is; hierdie kennis sal ons daartoe lei om Hom te aanbid.

Studie

Inleidend

Daar is een onderskeiding wat ons moet maak wanneer ons begin – die onderskeiding tussen argetipe en antropomorfisme (vermensliking). 'n Argetipe is 'n ideale model, gebaseer op ewige beginsels, waarvolgens aardse aktiwiteite gedoen word. Antropomorfisme, aan die ander kant, is om menslike karaktertrekke of optrede aan 'n nie-menslike entiteit toe te voeg.

Wanneer ons van God praat as 'n dienskneg, praat ons argetipies, en nie antropomorfisties nie. Met ander woorde, God is 'n dienende God en sy karakter is 'n patroon vir ons optredes. Ons neem nie 'n menslike aktiwiteit en skryf dit aan God toe nie. Dit is andersom – ons sien in God 'n patroon vir menslike aktiwiteite.

God die Dienskneg

In die Bybel lees ons dat liefde bestaan het voordat die wêreld geskep was. Hierdie liefde is selfopofferende, dienskneg**liefde** (Joh 17:24). Hierdie liefde kom tot uitdrukking in God se karakter sowel as in die vleeswording van die Seun.

1. God se karakter
   a) Die Ou en die Nuwe Testament beskryf God as 'n dienende God. Die woord goedertierenheid (*loving kindness*) (Hebreeus *Hesed*) kom meer as 250 keer in die Ou Testament voor. Dit verwys na God se

lojale en standvastige liefde. Dit beskryf sy goedheid en genade teenoor ons in praktiese, alledaagse terme. In die Nuwe Testament word die Griekse woord *Agape* gebruik om God se selfopofferende liefde, sy dienende liefde, te beskryf. Hierdie dienende liefde vind orals waar God 'n lewe aangeraak het, uitdrukking. Dit word juis daar gevind omdat dit inherent in sy karakter is.

b) In die harde wêreld van die Midde-Ooste het die Jode hierdie karaktertrek van God verstaan en het dus gasvryheid (dien) 'n deug van die woestynlewe gemaak. Die gas is altyd geëer.

Die vroeë kerk was ook bewus van die dienende aard van God en het Hom nagedoen in hulle gasvrye lewenstyl. Hulle het hulle huise vir vreemdelinge oopgestel en het plekke opgerig waar siekes, sterwendes en reisigers versorg is. In die Engels is daar verskeie woorde wat verband hou met hierdie karaktertrek van gasvryheid (*hosting*) (diens):

hospital – bedien die sieke

hostel – bedien die reisiger

hospice – bedien die sterwende

hospitality – bedien die vreemdeling

host – bedien die gas

c) God is ons Gasheer. Dit word vir ons op twee maniere in Psalm 23 geïllustreer. Lees hierdie psalm en skryf die maniere neer waarop God dien.

As Herder (vers 1-4)	***As Gasheer (vers 5-6)***
_____	_____
_____	_____
_____	_____
_____	_____

d) Lees Johannes 14:2. Dink na oor wat hierdie vers beteken in die lig daarvan dat God 'n Gasheer is. Beskryf kortliks jou reaksie of insig.

2. Seun se vleeswording – Jesus Christus

Kolossense 2:9 stel: In Hom is die volle wese van God beliggaam. Wat 'n wonderlike geheimenis – God het mens geword! Maar watter soort mens?

As jy God was en kon kies om aarde toe te kom op enige tydstip van die geskiedenis, op enige plek en in enige vorm, hoe sou jy gekom het? Is dit nie so dat hedendaagse mense wil hê dat God as 'n wêreldleier van 'n magtige land, na 'n mediastad soos New York, Londen of Tokio moet kom nie?

Maar wat het God gekies? Twee duisend jaar gelede het God gekies om na 'n klein dorpie, Nasaret, in Palestina te kom, na 'n nasie wat toe geen nasie was nie. Hy het gekies om mens te word – nie as 'n wêreldleier nie, maar as 'n dienskneg. Hy het Homself geïdentifiseer met die armes, die naamloses en die betekenisloses.

a) Lees Jesaja 42:1-4. Wat is sommige van die karaktertrekke van die Dienskneg in hierdie gedeelte?

b) In Johannes 1:14 word geopenbaar dat toe God Homself met mense geïdentifiseer het, het Hy ... onder ons kom woon. Hy het in die woonstelblok, die vlugtelingskamp, die woonbuurt, die plakkerskamp ingetrek.

c) Hebreërs 4:15 beskryf die algehele identifisering van God met die mens, want Christus ... was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.

d) Lees Matteus 11:29. Jesus beskryf Homself as _____ en _____.

e) Lees Filippense 2:1-11. In vers 5-8 stip Paulus sewe treë neer wat Christus gegee het van sy glorieryke troon af tot in die vernederende dood in. Vul die oorblywende treë in.

Bestaan op Godgelyke wyse

_____

_____

Het die gestalte van 'n slaaf aangeneem

_____

_____

Dood aan die kruis

f) Na aanleiding van die bogenoemde, wat was die omvang van Christus se diens? Hoeveel was Hy bereid om te doen?

g) Vir wie het Christus gedien? Aan wie het Hy Homself onderwerp?

h) Hoekom dink jy het God gekies om eerder as 'n dienskneg na die aarde te kom as 'n wêreldbekende politieke leier?

Mans en vroue wat gedien het

1. Bybelse persoonlikhede

   Lees elkeen van die volgende gedeeltes en beskryf hoe elkeen van hierdie persone gedien het of gasvry was. Wat het hulle gedoen? Is daar een sentrale gedagte?

   a) Genesis 24:10-27 (Rebekka)

   b) Rut 2:8-17 (Boas)

   c) Handelinge 9:36-43 (Dorkas)

   d) Lukas 7:36-39 ('n Sondaar)

2. Hedendaagse persoonlikhede

   a) As 'n jongman het CS Lewis in 'n eenvertrekwoonstel in die huis van 'n vriend se weduweema ingetrek. Sonder vergoeding het hy haar vir meer as 20 jaar versorg soos 'n seun vir sy ma. Toe hy baie bekend geword het en sy al seniel was, het hy voortgegaan om haar te versorg tot haar dood. Later in Lewis se lewe het 'n boesemvriend van hom, wat twee tienerseuns gehad het, kanker gekry en gesterf. Lewis het uit liefde vir hierdie weduwee en uit begeerte om haar en haar seuns te versorg, met haar getrou. Hierdie dienskneg het baie vreugde en hartseer gedeel.

      By 'n hoërskool in Israel het daar probleme gekom met die 30 jaar oue septiesetenk-stelsel. 'n Vrywilliger was nodig om in die tenk in te gaan en met 'n emmer die gemors uit te skep. Dr W, 'n professor aan 'n teologiese skool in Amerika, het ingewillig om hierdie onaangename werk te doen.

      Colleen het deur haar kombuisventster gekyk en gesien hoe twee verwaarloosde ou mans in haar asblik krap op soek na iets om te eet. Sy het hulle in haar huis ingenooi en 'n warm ete aan hulle voorgesit.

   b) Wat het hierdie mense met mekaar gemeen? Watter deug het hulle optrede beheer?

   c) Beskryf 'n persoon wat aan jou bekend is as 'n dienskneg.
      Naam:

      Beskrywing:

d) Watter karaktertrekke in sy/haar lewe sal jy graag in jou eie lewe wil sien?

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.

1 Petrus 2:21

Jou aandeel

1. Met verwysing na Vraag 2(c) onder *Hedendaagse persoonlikhede* hierbo, bid vir 'n week lank en werk daaraan om daardie karaktertrekke wat jyself wil hê, te implemeteer. Hou 'n Diensknegdagboek om jou suksesse en gebreke in neer te skryf in hierdie onderneming. Vra God om jou te help en aan te spoor. Deel dit met jou Bybelstudiegroep of goeie vriend. Vra hulle om vir jou te bid en vertel hulle van jou resultate. (Hou jou Diensknegdagboek waar jy dit maklik in die hande kan kry, aangesien jy dit weer by die 8ste Bybelstudie gaan nodig hê.)

OF

2. Jy kan op jou eie of saam met vriende 'n aanbiddingsdiens beplan wat fokus op die feit dat God 'n dienende God is. In hierdie aanbiddingsdiens is daar ook danksegging en lofprysing. Lei 'n groep in so 'n diens.

Hoofstuk 3
Die Diensknegkoning

Vorige Bybelstudie

In die eerste Bybelstudie het ons gesien dat die mens van nature hoë waarde daaraan heg om mag te hê – om in beheer te wees. Ons samelewing definieer grootheid in terme van outoriteit, mag en oorwinning. Verder beskou ons samelewing die posisie van 'n dienskneg as minderwaardig. En tog is dit elke Christen se roeping.

Ons tweede Bybelstudie het daarop gewys dat God 'n dienende God is en dat diens – in teenstelling met die populêre opvatting – 'n heilige pand is. Toe die Seun van God die mens Jesus Christus geword het, het Hy die gestalte van 'n slaaf aangeneem (Fil 2:7). In Christus vind ons die beliggaming van die Diensknegkoning.

Voorskou

In hierdie Bybelstudie sal ons sien dat Diensknegkoning nie teenstellende begrippe is nie. Jesus Christus beliggaam alles wat koninklik is en alles wat dienend is. Leierskap en diens is nie teenstrydig nie. Eintlik beteken dit dat iemand wat 'n goeie leier wil wees, ook 'n goeie dienskneg moet wees.

Om dit anders te stel, Christus het 'n nuwe orde van diensknegkonings daargestel, 'n orde waarin konings dien en diensknegte prysenswaardig is. Aangesien ons geroep word om op die plek te gaan staan waar Christus gestaan het, is ons geroep om diensknegleiers te wees. Dit is nie 'n plek waar absolute mag uitgeoefen word nie, maar 'n plek van groot verantwoordelikheid.

Ken en doen

In hierdie Bybelstudie wil ons tot die begrip kom dat leierskap en volgelingskap komplementêr is. Hierdie kennis behoort ons te lei tot die praktyk van volgelingskap in ten minste een deel van ons lewe.

Studie

Die beginsel – die diensknegkoning

1. Terwyl dit voor die hand liggend is dat die dienskneg 'n dienskneg moet wees, dink ons nie altyd daaraan dat die koning ook 'n dienskneg moet wees nie. Die een onder gesag moet dien, maar wat van die persoon in gesag? Beteken dit dat die persoon in 'n gesagsposisie en 'n leiersposisie daarvan verskoon word om te dien?

2. Lees 1 Konings 12:1-11. Koning Rehobeam, Salomo se seun, soek advies.

   a) Wat wou die mense gedoen het? (vers 4b)

   b) Wat het hulle verhinder? (vers 4)

   c) Watter twee dinge het die oudstes aanbeveel? (vers 7)

   d) Verskoon iemand se gesagsposisie en leierskap hom daarvan om ander te dien?

3. Soos Francois Shaeffer dikwels gesê het: "In die oë van die Here is daar nie klein mensies en klein plekkies nie."[3] Dit gaan nie oor die grootte of die rang nie maar oor toewyding. Is die dienskneg toegewyd? Indien wel, is hy 'n koning. Is die koning toegewyd? Indien wel, is hy 'n dienskneg.

Gesag of verantwoordelikheid

1. Lees Markus 10:32-45. Jesus beskryf die kontras tussen wêreldse ambisie en Goddelike ambisie.

   a) Hoe definieer die wêreld leierskap? (vers 37, 42)

   b) Hoe definieer Christus leierskap? (vers 43-44)

2. Die volgende lys vergelyk die wêreld se leierskap met diensknegleierskap:

	Die wêreld	**Die dienskneg**
Identifiseer met:	die gesagvolle	die mense
Definieer suskes as:	besit van diensknegte	dien van mense
Fokusbelange:	inwendig (self)	uitwendig (ander)
Gebruik simbool van 'n:	voorsitterstoel	handdoek

3. Richard Forster het, in *Celebration of Discipline*, 'n baie fyn onderskeiding gemaak:

   "We must see the difference between choosing to serve (an activity) and choosing to be a servant (a person/a lifestyle). When we choose to serve, we are still in charge ... when we choose to be a servant, we give up the right to be in charge ... we become available and vulnerable."[4] In the area of management principles, Myron Rush makes the destinction between secular management and Biblical management.

"Secular management is defined as 'getting things done through others'. Biblical management, however, is defined as 'meeting the needs of people as they work at accomplishing their jobs'[5]."

4. Samevattend, die wêreld se leierskap begeer gesag; die diensknegleierskap van die koninkryk soek en aanvaar verantwoordelikheid.

Bybelse balans

1. In die evangelie word 'n viervoudige prent van Christus geskilder. Vier Ou-Testamentiese Messiaanse gedeeltes stem ooreen met die vier evangelieprente van Christus.

Evangelie	**Ou Testament**	**Die prent van Christus**
Johannes	Jesaja 40:9	Hier is julle _____
Lukas	Sagaria 6:12	Kyk, 'n _____
Markus	Jesaja 52:13	Kyk, my _____
Matteus	Sagaria 9:9	Kyk, julle _____

Elkeen van hulle beskryf een aspek van ons Here se karakter. Hulle is nie teenstellend nie. Hulle vorm eerder die dinamika van Christus se lewe. In die geval van God wat mens geword het, vind ons 'n geheimenis; in die geval van die diensknegkoning, is daar nie 'n geheimenis nie, net balans.

2. Waarheid word mooi gebalanseer, soos in die bogenoemde voorbeeld van Christus se karakter. Soos 'n kind se bewertjie, met al die dele op hulle plek, beweeg dit met skoonheid en simmetrie. As een deel verwyder word, is die hele bewertjie uit balans. Dit mag wees 'n saak van wet/genade, vrye wil/uitverkiesing, evangelisasie/sosiale bediening, of die nog/nog nie van God se koninkryk. In plaas daarvan om onversoenbare teenstellings te maak, definieer hierdie oënskynlike teenoorgesteldes die grense – die parameters – vir die Christen se lewe en geloof. Wanneer Christene een saak ten koste van 'n ander een beklemtoon, word die kerk verdeeld en leweloos. Ons menslike geneigdheid om te verdeel en te polariseer beroof die kerk van sy dinamika en beroof die wêreld van hoop.

3. Vir 'n voorbeeld van Christelike beginsels, wat met die eerste oogopslag teenstellend lyk, lees Efesiërs 4:15. In hierdie gedeelte sien ons dat ons in _____ by die _____ moet bly. Ons lewens moet deur die grense van hierdie twee woorde gekenmerk word. Hulle is nie dieselfde ding nie, maar hulle kan ook nooit van mekaar geskei wees nie.

(----------)

Waarheid Liefde

Ons was almal al in situasies waar een kant van die waarheid/liefde-skaal meer beklemtoon word as die ander kant. Eintlik leef ons baie maal buite die grense van die een of die ander kant.

a) Wat is die resultaat wanneer die waarheid sonder liefde gepraat word?

b) Wat is die resultaat wanneer liefde gegee word sonder om die waarheid te praat?

c) Ons lewe dikwels uit balans uit, buite die grense van hierdie gebalanseerde pare, soos die volgende skets illustreer:

----------(----------)----------

Regverdig Waarheid Liefde Leeg

Te velde trek Wasig

d) Wanneer ons ook al buite die **grense** optree wat deur fyn gebalanseerde pare gestel word, verloor ons nie net die beginsel wat ons vermy nie, maar verloor ons ook die beginsel wat ons beklemtoon!

Byvoorbeeld, as ons liefde net in terme van 'n leë wasigheid definieer, verloor ons nie net die waarheid nie, ons verloor ook die betekenis van die liefde self, want liefde kan net verstaan word in die konteks van waarheid.

Die ander kant is net so geldig. As ons waarheid uitdruk deur regverdig te velde te trek, verloor ons nie net die liefde nie, maar ook die waarheid, want waarheid kan net binne die konteks van liefde verstaan word.

4. Christene moet lewe binne die grense van die beginsels wat in die Skrif gevind word, beginsels wat dikwels teenstellend en in konflik met mekaar lyk. Wanneer Christene gebalanseerde lewens binne die grense van dien en lei, lewe, kan ons Christus vertoon, die Diensknegkoning, totdat Hy kom.

----------(----------)----------

Lei Dien

Die gemene deler

1. Om die balans tussen volgelingskap en leierskap te verstaan moet ons eers verstaan wat ons gemene deler is as mense wanneer ons voor God staan.

Lees elkeen van die volgende gedeeltes en beskryf die gemeenskaplike faktor wat deur alle gelowiges gedeel word.

a) Genesis 1:26-27

b) Eksodus 23:9

c) Matteus 23:8

d) Kolossense 4:1

2. Francis Shaeffer het in *No Little People* die verhouding tussen Christene soos volg opgesom:

"... the basic relationship between Christians is not that of elder and people, or pastor and people, but that of brothers and sisters in Christ. This denotes that there is one Father in the family and that his offspring are equal. There are different jobs to be done, different offices to be filled, but we as Christians are equal before one Master. We are not to seek a great title, we are to have the places together as brethren."[6]

3. Die Bybel leer twee dinge gelyktydig – alle mense is gelyk en alle mense is verskillend. Almal is gelyk in waarde, maar verskil in die rol wat hulle vervul en hulle verantwoordelikheid.

a) Lees Galasiërs 3:26-29. Verduidelik die gelykheid van man en vrou in Christus.

b) Kyk in 1 Korintiërs 11:3 na die onderskeie rolle van ...

i Vrou

ii Man

iii Christus

Die kuns van om te lei en te volg

1. Om te lei sowel as om te volg is 'n kuns.

2. Die kuns van om te volg kan gesien word in die voorbeeld van 'n getroude paartjie. Die vrou was ses jaar ouer as haar man – en tien jaar langer 'n gelowige as haar man. Toe hulle getroud is, het die vrou na haar

man opgesien vir leiding. Sy het nie haar man se leierskap geeïs nie, maar dit bevestig deur haarself onder hom te stel en na hom op te kyk. Sy het die kuns van om te volg beoefen en toegelaat dat hy die kuns van om te lei, ontwikkel.

3. Almal van ons is leiers sowel as volgelinge, afhangende van die situasie. Ek is 'n leier-volgeling vir my vrou en gesin en 'n volgeling-leier vir my predikant en werkgewer. Ondersoek jou eie lewe en identifiseer drie plekke waar jy 'n ...

   Leier-volgeling is, en

   Volgeling-leier is

4. Daar kom 'n wanbalans wanneer ons onsself net in een rol sien. As ek myself net as 'n leier sien, dink ek baie van myself. As ek myself net as 'n volgeling sien, dink ek te min van myself en laat ek na om God se werk in my lewe te waardeer.

5. Ons moet ons lewens lei binne die raamwerk van die kuns om te lei en te volg.

   ----------(----------)----------

   Arrogansie Leiding Volg Selfverkleinering

6. 'n Goeie volgeling sal onderskeiding gebruik om te weet wie hy moet dien en hoe om te dien. 'n Goeie volgeling sal nie verval in 'n houding van verslaafdheid nie, maar moet weet wanneer om "nee" te sê, of dit vir die langtermynvoordeel is van die persoon wat hy dien, of omdat hy sy kapasiteit oorskry het om aan die nood van daardie persoon te beantwoord.

   'n Goeie leier sal sy leierskap met deernis uitoefen, terwyl hy weet wanneer en hoe hy moet dien. 'n Goeie leier is nie 'n tiran nie, maar moet weet wanneer om "ja" te sê – dit is wanneer om een van sy volgelinge te dien.

   Om goeie leiers te wees, moet ons goeie volgelinge wees – eers van Christus en dan van mekaar.

Kies die stil plek

1. Jesus se onderrig

   a) Lees Lukas 14:7-11. Watter plek is die mens geneig om te kies? (vers 7)

b) Wat is eintlik die beste plek om te kies? (vers 10)

c) Skryf Christus se beginsel in jou eie woorde neer. (vers 11)

2. Paulus se voorbeeld

a) Na Paulus se bekering het hy nie na die kalklig in Jerusalem teruggekeer nie. Lees Galasiërs 1:1, 11-24.

i Waarheen het hy gegaan? (vers 17)

ii Hoe lang tyd het verloop voordat hy na Jerusalem gegaan het? (vers 18)

iii Wat het hy gedurende hierdie tydperk gedoen? (vers 1, 11, 12, 16)

b) Toe Paulus uiteindelik na Jerusalem toe gegaan het, was dit net vir 'n kort tydjie (Gal 1:18; Hand 9:26-31). Hy het Jerusalem verlaat om na Tarsus te gaan waar hy vir die volgende nege jaar 'n stil lewe gelei het. Barnabas het, op die tydstip deur die Here bepaal, vir Paulus van hierdie stil plek af weggeneem (Hand 11:22-26).

3. Francis Schaeffer het hierdie gesindheid mooi opgesom:

"Jesus commands Christians to seek consciously the lowest room. All of us – pastors, teachers, professional religious workers and non-professionals included – are tempted to say, "I will take the larger place because it will give me more influence for Jesus Christ." Both individual Christians and Christian organizations fall prey to the temptation of rationalizing this way as we build bigger and bigger empires. But according to the scripture, this is backwards: "we should consciously take the lowest place unless the Lord himself EXTRUDES (emphasis added) us into a greater one."[7]

Karaktertrekke van diensknegleiers

1. Lees Esegiël 34:1-6.

a) Wat het hierdie herders gedoen? (vers 2-3, 4b)

b) Hoe het hulle nie vir die kudde gesorg nie? (vers 4)

2. Lees 1 Petrus 5:1-5.

   a) Let op die kontras tussen hierdie gedeelte en Esegiël 34:1-6. Wat moet die goeie herders doen? (vers 2a)

   b) Hoe moet hulle dit doen? (vers 2b, 3)

   c) Wat is die sleutel om goed te lei en te volg, soos Petrus dit beskryf? (vers 5)

3. 'n Diensknegleier is ...

   a) 'n persoon met visie en kreatiwiteit, wie se oë gefokus is op Christus en wat Christus tot die hoogtes toe sal volg;

   b) 'n nederige persoon, wat ander mense bemagtig, 'n kataliseerder, iemand wat die stil plekke opsoek, iemand wat lei deur te dien en iemand wat die eer van Christus soek.

   c) 'n persoon wat impulsief op die Heilige Gees se leiding reageer, sensitief en vrywillig om aandag te gee aan die nood van ander.

Dawid, die diensknegkoning

1. Lees 1 Samuel 16:1-13.

   a) Wat was God se houding teenoor Saul? (vers 1)

   b) Wat was God van plan om te doen? (vers 1b, 3b)

   c) Wat is die verskil tussen 'n mens se beoordeling en God se beoordeling van leierskap? (vers 7)

   Let wel: Alhoewel Dawid gesalf is tot en deur God erken is as koning in daardie stadium, het hy nie toe al as koning gedien nie maar eers later.

2. Lees 1 Samuel 16:14-23. Hoe het God se diensknegkoning vir koning Saul gedien?

3. Lees 1 Samuel 18:5-16.

   a) Let daarop dat Dawid Saul se opdragte uitgevoer het. (vers 5)

   b) Hoe het Saul gereageer op Dawid se groeiende populariteit? (vers 9, 12, 15)

   c) Wat het Saul probeer doen terwyl Dawid hom gedien het?

4. Lees 1 Samuel 24:1-12. Som in jou eie woorde daardie dinge op wat kenmerkend is van Dawid as diensknegkoning.

5. Christus is dié Diensknegkoning by uitnemendheid. In hierdie gedeelte sien ons baie paralelle tussen Dawid se karakter en optrede en Christus s'n. Skryf drie of vier ooreenkomste neer wat jy sien tussen Dawid en Christus.

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Hulle het vir hom gesê: "As u dit goed bedoel met hierdie volk en hulle tevrede stel en hulle 'n gunstige antwoord gee, sal hulle altyd u onderdane bly."

1 Konings 12:7

Jou aandeel

Dink na oor lei en volg in die lig van hierdie diagram:

----------(----------)----------

Arrogansie Leiding Volg Selfverkleinering

Merk met 'n kruisie op die punt tussen arrogansie en selfverkleinering wat jou eie posisie die beste weerspieël. Beskryf maniere hoe jy na 'n meer gebalanseerde posisie kan beweeg. Indien jy buite die grens van leiding aan die kant van arrogansie val, hoe kan jy na volg toe beweeg? Indien jy buite die grens van volg aan die kant van selfverkleinering val, hoe kan jy na leiding toe beweeg? Dink aan drie spesifieke dinge wat jy hierdie week kan doen. Deel dit met jou Bybelstudiegroep of met iemand anders aan wie jy verantwoordbaar is; vertel hulle van jou resultate.

1.

2.

3.

Hoofstuk 4

Die motivering vir diens

Vorige Bybelstudie

In die eerste Bybelstudie het ons gesien dat Christus die wêreld se waardes omgekeer het. Die mens se natuurlike doelwit is om baas te wees, maar Christus sê dat ons daarna moet streef om diensknegte te wees. In ons tweede Bybelstudie het ons na voorbeelde van diensknegte gekyk – God, Jesus en ons medemens. Dit is gevolg deur 'n studie oor Diensknegleierskap.

Voorskou

In hierdie Bybelstudie kry ons te doen met die motivering vir diens. "Hoekom moet ek dien?" Dit is die eeue oue vraag. Hoe dit beantwoord word, hang af van ons siening van die wêreld sowel as van ons verstaan van die verhouding tussen geloof en werke.

Daar is drie hoofafdelings in hierdie Bybelstudie. By die eerste afdeling gaan ons kyk na die oënskynlike paradoks tussen geloof en werke. Tweedens gaan ons kyk na die humanistiese reaksie op die vraag: "Hoekom moet ek dien?" Derdens gaan ons kyk na die Bybelse reaksie op hierdie vraag.

Studie

Geloof en werke

Vir jare was die kerk verdeeld oor die saak van geloof en werke, of wet en genade. Word ons gered deur ons werke of deur ons geloof? Dien ons (werk) met die oog daarop om gered te word? Is ons deur ons geloof gered? Indien wel, is ons dan daarvan vrygestel om te dien of die wet te gehoorsaam? Dit lyk asof die Bybel twee teenstellende dinge gelyktydig leer.

1. Lees Romeine 4:1-8. Paulus veronderstel: "Ons word gered deur _____." (vers 8)

2. Lees Jakobus 2:18-26. Dit lyk asof Jakobus sê: "Ons word gered deur _____." (vers 24)

3. Die sleutel tot die motivering vir ons diens word gevind in die antwoord op hierdie eeue oue vraag, naamlik: Wat is die verhouding tussen wet en genade? Om die oënskynlike paradoks op te los moet ons verstaan wat Christus vir ons gedoen het. Maar laat ons eers kyk hoe die humanisme antwoord op die vraag: "Waarom moet ek dien?"

Humanistiese antwoord op "Hoekom moet ek dien?"

Humanisme – om mensgesentreerd te wees – het die Christen se denke op twee manier binnegedring en dit het daartoe gelei dat daar twee verskillende antwoorde op die vraag gegee word. Ons vind hierdie twee denkrigtings uitgedruk in die kerk van die eerste eeu sowel as in die kerk van vandag.

1. Antwoord #1: Wettisisme (wat geleer is deur die Judaïseërs van die vroeë kerk). Hierdie antwoord sê:

   "Ek dien (doen goeie werke/gehoorsaam die wet) om 'n beloning te ontvang (om gered te word/om hemel toe te gaan)."

   a) Lees Matteus 6:1-8, 16-18. Skryf neer wat is die beloning waarna gesoek word.

   b) Maak 'n lys van die verskillende maniere waarop jy optree om hierdie soort beloning te kry.

2. Antwoord #2: Antinomianisme (wat geleer is deur die Libertyne van die vroeë kerk). Hierdie antwoord sê:

   "Ek word gered deur geloof/genade; daarom is dit nie nodig om te dien/te werk/die wet te gehoorsaam nie. Omdat ek vry is (alreeds gered), kan ek doen net wat ek wil."

   a) In Romeine 6:1, 15 spreek Paulus die Libertyne aan. Petrus spreek hulle in 1 Petrus 2:16 aan.

   b) Maak 'n lys van die verskillende maniere waarop jy genade gebruik as 'n vrybrief in jou lewe.

In albei gevalle van die mensgesentreerde posisie, val die Christen in die strik. Aan die een kant is daar die veronderstelling "Ek kan goed genoeg wees" en die gevolg sal die skuldgevoel wees van aanhoudende mislukking. Aan die ander kant word die Christen vasgevang in die net van selfdiens en dan leer hy nooit die vreugde daarvan ken om ander te dien nie.

Bybelse antwoord op "Hoekom moet ek dien?"

Die Bybelse antwoord staan lynreg teenoor die humanistiese antwoord. Humanisme neig om ons in wettisisme vas te vang of om ons van alle verantwoordelikheid vry te maak. Maar God se boodskap aan ons is dat ons <u>vry</u> is <u>om te dien</u>. Die Christen se antwoord op hierdie vraag is drievoudig. Elke antwoord is tog ook in die voltooide werk van Christus gegrondves.

Laat ons eers na die fondament van ons motivering kyk – die voltooide werk van Christus – en dan na die drievoudige motivering vir 'n Christen se diens.

1. Die werk van Christus – die fondament vir ons begeerte om te dien

   a) Lees Romeine 5:6-11. Hierdie gedeelte beskryf die werk van die dienskneg.

      i. Vir wie sal sommige mense waag om te sterf? (vers 7)

      ii. Hoe het God sy dienende liefde gedemonstreer? (vers 8)

      iii. Hoe het Christus sy dienende liefde gedemonstreer? (vers 8)

      iv. Watter titels word gegee aan hulle wat Christus se dienende liefde ontvang het? (vers 6, 8, 10)

   b) Lees Romeine 11:30-32.

      i. Watter woord gebruik God om *sondaars* in hierdie gedeelte te beskryf?

      ii. Alhoewel ons almal sondaars is, wat *gee* God vir ons?

   c) Lees Efesiërs 2:1-7.

      i. Watter woorde gebruik God om ons te beskryf? (vers 1-3)

      ii. Watter drie dinge het God vir ons gedoen *toe ons dood was*? (vers 5-6)

      iii. Waarom het Hy hierdie dinge gedoen? (vers 4)

      iv. Hoe beïnvloed hierdie verstaan van wie ons is ons vermoë om te dien?

      TOE ONS NOG SONDAARS WAS, HET CHRISTUS ONS GEDIEN.
      HY HET AAN ONS DIE GAWE VAN SY LEWE GEGEE!

   d) Dink na oor die woord DAAROM. Wat beteken dit? Hoe gebruik ons dit normaalweg?

      i. Lees 1 Korintiërs 6:19-20. Wat het God volgens hierdie gedeelte gedoen?

      DAAROM, op grond van wat God vir jou gedoen het, wat is jy nou veronderstel om te doen?

      ii. Lees Efesiërs 4:1. Die woord DAAROM wys terug na die genade van God wat ons in die drie studies hierbo teëgekom het. Ons vind 'n voorbeeld daarvan in Efesiërs 2:5-9 hierbo. Op grond van wat God vir jou gedoen het, wat sê Efesiërs 4:1 is jy veronderstel om nou te doen?

iii. Lees Romeine 12:1-2. Die woord DAAROM wys terug na die ontferming van God in Romeine 11:30-32. Op grond van wat God gedoen het, wat is jy veronderstel om te doen?

iv. Regdeur die Bybel kry ons hierdie konsep van DAAROM. As gevolg van die werk van Jesus Christus – en as gevolg van die gawes van genade en geloof – DAAROM moet ons werk en die wet gehoorsaam. Lukas 1:74 toon aan <u>dat ons gered is sodat ons kan dien</u>. Omdat Christus gedien het – DAAROM – moet ons dien.

v. Die vraag "Hoekom moet ek dien?" pas in by die verhouding tussen geloof/werke en wet/genade. Diens veroorsaak nie dat ons verlos word nie, tog is ons ook nie vry van diens as gevolg van genade nie. Geloof en werke is simbioties in hierdie verhouding – hulle is verskillend, maar hulle reageer en bevoordeel mekaar wedersyds. Alhoewel dit nie dieselfde is nie, is God se gawe van verlossing deur geloof (Rom 4:1-8) en die uitvloeisel van ons verlossing in werke (Jak 2:18-26) funksioneel onskeibaar. ONS IS GERED OM TE DIEN.

2. Bou op hierdie fondasie – Daar is drie antwoorde wat ons as Christene kan gee op die vraag "Hoekom moet ek dien?"

a) Antwoord #1 – Dankbaarheid: Ek dien omdat ek dankbaar is.

i. Lees 1 Johannes 4:9-11. God het sy liefde vir ons gegee. God wil graag hê dat ons met liefde sal reageer. As ons gedoen het wat ons veronderstel is om te doen, sou ons dankbaarheid na God toe teruggestroom het deur Hom en ander mense lief te hê. Let op vers 11: "... as dit is hoe God sy liefde _____, behoort ons _____."

ii. God se dienende liefde is bedoel om <u>aangegee</u> te word. Lees Johannes 21:15-17. Soos Kefa Sempangi in *A Distant Grief* skryf:

"Perhaps you are thinking now that giving is a two-way street, but to tell you the truth, it is a flowing river. It does not stop or return, but only passes on ... but it will not be an oppurtunity to repay those from whom you received, it will be a time to pass your gift on to someone else."[8]

iii. Gebruik jou eie naam en skryf die eerste rede om te dien:

Ek (naam), _____, gaan dien omdat _____.

b) Antwoord #2 – Pragmatisme. Ek dien omdat dit God se plan is vir my lewe en ek kan sy seën op my gehoorsaamheid verwag.

i. Lees Jesaja 58:6-12. Hoe staan die ware vas in vers 6 en 7 in verband met diens?

Jesaja 58:8-12 is 'n voorwaardelike belofte. Identifiseer die voorwaardes:

a. _____

b. _____

En die beloftes:

a. _____

b. _____

c. _____

d. _____

e. _____

f. _____

g. _____

ii. Opsommend, God het ons ontwerp om op ons beste te funksioneer, om alles te wees wat Hy wil hê ons moet wees en om sy seëninge te ontvang wanneer ons ander bedien.

iii. Gebruik jou eie naam en skryf die tweede rede om te dien:

Ek (naam), _____, gaan dien omdat _____

c) Antwoord #3 – Gehoorsaamheid: Ek dien omdat ek so beveel word.

i. Lees Galasiërs 5:13-14. God het aan ons sy dienende liefde gegee en Hy wil hê dat ons met liefde sal antwoord. Ons is nie altyd soos wat ons moet wees nie, maar dit beteken nie dat ons vrygestel is van die bevel om te dien nie. Die uiteinde van die saak is *gehoorsaamheid* en ons word beveel om te dien.

ii. Lees Lukas 17:7-10. Watter dinge word van die slaaf geeïs? (vers 7-8)

a. Op grond van hierdie gedeelte, is dit nodig dat 'n slaaf bedank moet word?

Ja _____ Nee _____ Hoekom of hoekom nie?

b. Watter twee dinge is tekenend van die slaaf se gesindheid? (vers 10)

_____

iii. Gebruik jou eie naam en skryf die derde rede om te dien:

Ek (naam), _____, gaan dien omdat _____

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees.
Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil.
Hebreërs 12:28

Jou aandeel

1. Toe jy ander mense gedien het deur hierdie lesse toe te pas, watter beloning het jy ontvang?

Skryf vyf dade van diens wat jy uitgevoer het neer en evalueer hulle op grond van hierdie drie motiverings vir diens:

Daad van diens	Dankbaarheid	Pragmatisme	Gehoorsaamheid
1.			
2.			
3.			
4.			
5.			

2. Doen die een of ander diens anoniem hierdie week sodat net jy en God sal weet wat jy gedoen het. ("Moenie dat jou linkerhand weet wat jou regterhand doen nie." – Matteus 6:3)

Hoofstuk 5
Die konteks van diens

Vorige Bybelstudie

In ons vorige Bybelstudies het ons gesien dat God 'n dienende God is, en daarom is daar nie 'n konflik tussen die begrippe *leierskap* en *diens* nie. Eintlik sal 'n goeie leier 'n goeie volgeling wees. In die laaste Bybelstudie het ons die Christen se drie motiverings om te dien ondersoek: (1) Liefde vir en dankbaarheid teenoor die Vader; (2) pragmatisme (d.i. diens is die opdrag wat God vir ons bedoel het en is daarom die beste vir ons); en (3) gehoorsaamheid aan God en sy opdragte.

Voorskou

In hierdie Bybelstudie wil ons die konteks van ons diens ondersoek. Ons gaan na daardie elemente kyk wat 'n omskrywing gee van ons diens. Soos wat die ligte op 'n aanloopbaan die spesifieke plek aanwys waar 'n vliegtuig kan land, so gee die punte van die konteks vir ons 'n riglyn vir ons diens. Terwyl daar baie sulke punte kan wees, wil ons net vyf in hierdie Bybelstudie ondersoek.

Ken en doen

Ons oogmerk in hierdie Bybelstudie is om die volle rykdom van ons erfenis te leer ken en om toe te laat dat hierdie nuwe begrip ons lei om mense te dien wat ons van nature geneig is om te vermy.

Studie

Eerste punt van die konteks: 'n Dienskneg behoort aan iemand anders

Aan wie behoort ons – aan onsself of aan Christus?

Om hierdie eerste punt van die konteks te begryp – dat 'n dienskneg nie aan homself behoort nie – moet ons eers na die teenoorgestelde kant kyk, wat deur die Skotse skrywer George MacDonald uitgedruk is as "die eerste beginsel van hel ... dat ek aan myself behoort".

1. Om aan onsself te behoort

   'n Prediker het op 'n keer die verskil tussen hemel en hel geïllustreer. In albei is daar bankkettafels wat tot oorlopens toe vol kos is. Die inwoners van albei plekke sit aan die tafels, maar hulle het almal stywe arms wat veroorsaak dat hulle nie die kos na hulle monde kan bring nie. Die wat in die hemel is, is goed gevoed (want hulle voed mekaar), maar die in die hel vergaan van die honger. In die hemel dien die mense mekaar; in die hel wag elkeen om gedien te word.

In die hel draai die wêreld van elkeen om homself en sy behoeftes. Ons gee ook hieraan uitdrukking deur ons gedagtes en aksies: “Ek is die belangrikste in die heelal, die wêreld, my land, my skool, my familie, my kantoor, my lewe.” Om hierdie beheptheid met homself te handhaaf skep die mens sy eie gode.

a) Lees Galasiërs 4:8. Voordat ’n mens ’n dienskneg van die lewende God word, is hy ’n slaaf van daardie dinge wat glad nie gode is nie. Daardie dinge mag die voorkoms van gode hê omdat die fokus van ons tyd, aandag en gevoelens op hulle gevestig is. In werklikheid is hulle geen gode nie.

b) Lees Hosea 8:6 en Jeremia 16:20. Wat noem God hierdie skeppings?

c) Lees Psalm 135:15-18. Wat beteken die frase “Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word.”

d) Lees 2 Timoteus 3:1-5. In hierdie gedeelte word sommige valse gode genoem. Noem hierdie plaasvervangende gode en/of hulle eienskappe. Teken die wat probleme in jou lewe veroorsaak aan.

e) Die Engelse woord “*idolater*” kom van die Grieks “*eldololatres*” en beteken ’n *beeldedienaar*. Ons dien óf vir God óf ons dien ’n beeld.

f) Lees Romeine 6:16, 18. As ons hierdie valse gode dien, is ons verslaaf aan hulle? _____ Word ons deur hulle besit? _____

g) Lees Filippense 2:19-22. Wat sê Paulus van die toestand van baie van die Christene wat hom omring? (vers 21)

2. Om aan Jesus Christus te behoort

Ons behoort aan iemand anders, aan Jesus Christus – in ons verstaan van hierdie eerste punt van die konteks sien ons dat ’n dienskneg se fokus, sy volle aandag, op Christus is.

a) In Filippense 2:20-22 word vier dinge genoem wat Timoteus van ander mense onderskei. Noem hulle.

_____

_____

b) Lees 1 Korintiërs 6:19-20.

i. Aan wie behoort ons volgens hierdie verse?

ii. Waarom behoort ons aan Hom?

iii. Wat is ons verantwoordelikheid teenoor ons Eienaar?

c) Lees Galasiërs 6:14. Wat behoort die fokus van ons lewe, die fokus van ons roem, volgens hierdie vers te wees?

Wees prakties en skryf 'n paar dinge neer waaroor jy roem. Dit mag dinge wees waaroor jy nie hardop roem nie, maar hulle gee jou 'n gevoel van trots, selfvertroue en meerderwaardigheid. Moontlike antwoorde kan die volgende insluit: aantreklikheid, werk, atletiese vermoëns, gesondheid, vaardighede, talente, onderrig, familiegeskiedenis, karaktereienskappe, ens.

d) Lees Filippense 3:4-9.

i. Skryf die sewe dinge neer waaroor Paulus kon roem. (vers 5-6)

_____

_____

ii. Wat dink Paulus van hierdie dinge? (vers 7-8)

iii. In hierdie "balansstaat" van Paulus lys hy al sy "menslike bates" onder *Laste*. Watter EEN ding noem hy as die ware bate? (vers 8)

e) Lees Galasiërs 2:20.

i. Oor wie handel hierdie vers? Hoekom sê jy so?

ii. Noem die dinge op wat Christus vir jou gedoen het volgens hierdie vers.

iii. Hoeveel keer kom die persoonlike voornaamwoorde *ek* en *my* in hierdie vers voor?

Christus behoort ons fokus te wees, tog hou ons nie op om te bestaan of belangrik te wees nie. Ons moet voluit en oorvloedig in Christus lewe, maar ons moenie valse gode dien of aan hulle behoort nie.

f) Lees Hebreërs 12:1-3. Wat is ons fokus in ons lewenswedloop? Hoe behou ons hierdie fokus?

Samevatting van die eerste punt van die konteks:
Ons behoort aan iemand anders – aan Christus, daarom dien ons.

Tweede punt van die konteks: 'n Dienskneg is 'n aanbidder

1. Lees Matteus 4:10. Watter twee dinge moet ons vir God doen?

2. Meer as die helfte van die kere wat die woord *aanbid* in die Bybel voorkom, word dit geassosieer met die woord *diens*. Wat is die betekenis van hierdie assosiasie? Skryf 'n stelling neer wat die beginsel van die verhouding tussen aanbid en diens omskryf.

3. 'n Vrou het 'n gedenkplaat uit hout vir haar kombuis laat maak. Daarop was geskryf: *Aanbiddingsdienste word drie maal per dag hier gehou.* Hoe het sy haar voorbereiding van etes beskou?

4. Lees Romeine 12:1. Wat behoort ons logiese reaksie op God se genade te wees?

Samevatting van die tweede punt van die konteks:
Omdat ons aanbidders van God is, dien ons.

Derde punt van die konteks: 'n Dienskneg is 'n kind van God

1. Lees Efesiërs 1:3-6, waarin God se goedheid vir ons duidelik blyk.

a) Hy het ons in Hom uitverkies, sodat ons ... (vers 4)

b) Hy het ons bestem om ... (vers 5)

In Efesiërs 2:2-3 word ons genoem, van nature "kinders van die ongehoorsaamheid" en "kinders van die toorn" (OAV). Maar Efesiërs 1:5 verseker ons dat ons AANGENEEM is in die gesin van God.

c) Wat het God aan sy kinders gegee volgens Efesiërs 1:3?

d) Wat beteken dit vir jou?

2. Lees Efesiërs 2:4-6.

a) Noem die drie dinge wat God vir sy kinders gedoen het volgens hierdie verse.

b) Wat beteken dit vir die manier waarop ons lewe?

3. Lees Romeine 8:14-17. Ons hemelse Vader wil 'n intieme verhouding met ons hê. Ons moet Hom aanroep as *Abba* of *Pappa*. Dink vir 'n oomblik na oor hierdie gedagte ... die Skepper van die heelal wil hê ons moet Hom *Pappa* noem.

a) Wat beteken dit om 'n erfgenaam te wees? (vers 17)

b) Waarvan is ons erfgename? (vers 17)

c) Wat beteken dit as ons mede-erfgename van Christus is? (vers 17)

4. Lees Matteus 7:7-11.

a) Noem die drie dinge wat 'n kind van God moet doen wanneer hy sy Vader nader. (vers 7)

b) Wat gee die Vader aan die kind? (vers 11)

c) Dink jy dat die ding wat aan die kind gegee word altyd die ding is wat gevra is?
Ja _____ Nee _____

Hoekom of hoekom nie? _____

Samevatting van die derde punt van die konteks:

Omdat ons kinders van God is, dien ons.

Vierde punt van die konteks: 'n Dienskneg is 'n lid van die liggaam van Christus

Omdat ons kinders van God is, is ons deel van dieselfde gesin.

Lees Efesiërs 1:22-23; Romeine 12:4-5 en 1 Korintiërs 12:12-14. Wat is die analogie wat Paulus gebruik om die intiemheid van ons verhouding met mekaar en met Christus te beskryf?

Die woord *mekaar* word 48 keer in die Nuwe Testament gebruik om te beskryf hoe ons as Christene in die liggaam van Christus met mekaar te doen het. Ons word, byvoorbeeld, aangesê om mekaar lief te hê, om mekaar te dien en vir mekaar te bid.

Om hierdie rede:

Die dienskneg is nooit alleen nie. Hy of sy moet in kameraadskap, in 'n toegewyde verhouding en in gemeenskap wees met ander Christene regdeur hulle lewe. Daar mag nooit iets wees soos 'n "*Lone Ranger Christian*" nie.

Samevatting van die vierde punt van die konteks:
Ons is deel van die gesin van God – die liggaam van Christus –
daarom dien ons mekaar.

Vyfde punt van die konteks: 'n Dienskneg is onder gesag

1. Lees Johannes 6:38.

    a) Wie se wil het Christus kom doen?

    b) Wat het dit uiteindelik vir sy eie lewe beteken?

    c) Wat gee hierdie gehoorsaamheid aan God?

2. Lees elkeen van die volgende verse en skryf neer hoe ons as diensknegte onder gesag is.

    a) Efesiërs 5:21

    b) Efesiërs 6:1

    c) 1 Petrus 2:13-14

d) 1 Petrus 2:18

e) 1 Johannes 2:3-6

f) 1 Korintiërs 11:3

Samevatting van die vyfde punt van die konteks:

Omdat ons onder gesag is, dien ons.

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding.

Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.

Openbaring 2:2b, 4

Jou aandeel

Met die vyfde punt van die konteks in gedagte, beantwoord die volgende vrae:

1. Is daar mense, instansies of posisies aan wie jy jou moeilik onderwerp? (Voorbeelde: ouers, eggenoot/te, onderwyser, skool, opsigter, werkgewer, predikant, vriend, owerheid, medegelowige, 'n sekere wet, ens.)

2. Skryf neer hoe jy jou aan hulle moet onderwerp.

3. Hoe kan jy hierdie week wys dat jy jou aan hulle onderwerp?

4. Vra God om jou gesindheid en hart te verander om jou aan hierdie persoon, instansie, posisie of wet te onderwerp. Deel dit met 'n vriend en vra vir aanmoediging en gebed.

Die Meesterwewer weef die garingdrade van ons lewe tot 'n mooi stuk materiaal. Wanneer Hy ons roep om diegene te dien wat deur ons lewens aangeraak word, laat ons ons eerste liefde onthou. Ons diens moet altyd binne die konteks bly van sy lewe en werk. Laat ons nie ander gode dien nie, insluitende die gode van diens en goeie werke.

Hoofstuk 6

Die dienskneg se vryheid

Vorige Bybelstudie

Wanneer ons terugkyk op ons vorige Bybelstudies, merk ons op dat ons nuwe temas ontdek het. Ons het ontdek dat die almagtige, alomteenwoordige, ewige God 'n dienende God is. Ons het ook gesien dat goddelike leierskap diensknegleierskap is omdat Christus Dienskneg en Koning is.

Voorskou

Dikwels gebeur dit dat die begrippe wat ons dink botsend is eerder komplementêr is. Ons sal weer dié waarheid in hierdie Bybelstudie teëkom. Ons dink aan slawe en diensknegte as mense wat gevange is. Hulle is inderdaad gevange. Tog vind ons dat slawe en diensknegte in Christus vry is.

Ons gaan drie hoofterreine ondersoek: (1) die aard van slawerny of gevangenskap, (2) die aard van vryheid, en (3) die praktyk van vryheid. Kom ons bid saam dat die Een wat gekom het om ons vry te maak ons sal help om ons vryheid te verstaan en te lewe as vry mense.

Ken en doen

Ons oogmerk met hierdie Bybelstudie is om meer oor ons vryheid in Christus te leer en om dit oor te dra in 'n atmosfeer binne ons kerke waar ons as Christene kan ingroei in alles wat God vir ons bestem het.

Studie

Die aard van gevangenskap of slawerny

1. Bestudeer die volgende woorde in 'n woordeboek: *gevangenskap*, *slawerny* en *slaaf*. Skryf in twee sinne jou eie definisie van *slawerny* neer.

   Mense verslaaf mense ... ons is 'n geslag van slawehandelaars. Ons verslaaf ander mense institusioneel en ons verslaaf onsself deur ons lewenstyl.

2. Institusionele slawerny

   a) Gee jou mening oor die volgende advertensies van twee Amerikaanse koerante; een van die *Charleston*, Suid-Carolina, in 1796, en die ander een van *The New Orleans Bee* in 1830. Hierdie mentaliteit reken dat mense besittings is.

i. "... they are not negroes selected out of a large gang for the purpose of sale, but are prime. Their present owner, with great trouble and expense, selected them out of many for several years past. They were purchased for stock and breeding negroes ..."

ii. "A negro woman, 24 years of age, and her two children (one eight and the other three years old), said negroes will be sold separately or together, as desired."

b) Institusionele slawerny het voorgekom gedurende die apartheidsjare in Suid-Afrika, en vandag is daar nog "wit slawe"-handel in die Moslemwêreld.

c) In die Ou sowel as die Nuwe Testament word die bestaan van institusionele slawerny erken. Die Mosaïese wette het die mishandeling van slawe verbied en Christus se lewe en onderrig het die standaard gestel om slawerny te beëindig. Tog het slawerny 'n werklikheid gebly in die kulture van die Bybelse tye.

d) Lees die volgende gedeeltes en beskryf hoe slawe bekom is onder die Hebreeuse mense.

i. Levitikus 25:44-46

ii. Levitikus 25:39-43

iii. Eksodus 21:2-4

iv. Eksodus 21:5-6

e) Ons moet onthou dat 80% van die ganse bevolking van die Romeinse Ryk in die eerste eeu slawe was. Slawerny het alle beroepe ingesluit. Professionele mense soos kunstenaars en dokters was slawe, sowel as gewone handearbeiders, soos die kokke en die tuinwerkers. Lees 1 Petrus 2:18-19.

i. Wat word deur Petrus veronderstel?

ii. Watter raad gee hy aan die Christene wat slawe is? (vers 18)

iii. Hoekom gee hy aan hulle hierdie raad? (vers 19)

3. Ander definisies van *gevangenskap*

   In die moderne tyd word gevangenskap nie slegs in institusionele slawerny beleef nie. Mense mag egter gevange wees om ander redes, soos:

   a) Sosiopolitieke strukture wat vryheid van spraak, media, godsdiens, onderwys, ens. beperk

   b) Tekorte aan lewensnoodsaaklike dinge – werk, behuising, mediese sorg, kos, ens.

   c) Die wêreld se lewenstyl, waardes en rangordes – die gevangenskap om jou eie sin te wil hê

   d) Geestelike gevangenskap – om gevange te wees in sonde en dood

4. Watter terreine van slawerny het jy self raakgesien?

   a) In ander mense?

   b) In jouself?

Die aard van vryheid

1. Die werk van Christus vir ons vryheid.

   a) Lees 2 Korintiërs 3:17. Wat kry ons wanneer ons die Gees van die Here ontvang het?

   b) Lees Galasiërs 5:1, 13.

      i. Waartoe het Christus ons geroep?

      ii. Wat is die waarskuwing? Waarvoor moet ons oppas?

   c) "*Eleutheria*" is die Griekse woord vir *vryheid* wat ons in die vorige twee Skrifgedeeltes gekry het. WE Vine het in *The Expository Dictionary of New Testament Words* die metode om 'n slaaf vry te stel soos volg beskryf:

"... among the Greeks (it) was effected by a legal fiction, according to which the manumitted (freed) slave was purchased by a god; as the slave could not provide the money, the master paid it into the temple treasury in the presence of the slave, a document being drawn up containing the words "for freedom" ("*eleutheria*"). No one could enslave him again as he was the property of the god."[9]

Hier is een van die wonders wat God vir ons gedoen het. Die mite van die Griekse samelewing – dat 'n slaaf deur 'n god gekoop was – is vervul in die geskiedenis deur Christus.

d) Die gedagte aan vryheid is ook ontwikkel in 'n ander Griekse woord – "*agorazo*" – wat beteken *om te koop*. Die "*agora*" was die markplein van antieke stede waar mense hulle goedere gekoop en verkoop het. (Slawe is ook gekoop en verkoop op die markplein, by die slawemark.) Die woord "*agorazo*" beteken *om op die markplein te koop vir die volle bedrag*. 'n Verwante woord "*exagorazo*" word vertaal met *verlos* en word spesifiek gebruik in die geval waar die koop van slawe hulle vrystel.[10] "*Exagorazo*" word in die volgende Skrifgedeeltes gebruik:

   i. Lees 1 Korintiërs 7:23. Hoe het Christus ons vrygemaak?

   ii. Lees 1 Petrus 1:18-19 en Openbaring 5:9. Wat is die betaling wat gebruik is om ons vry te maak?

e) Lees 1 Korintiërs 7:20-24. Onthou dat wettige slawerny deel van die lewe was en dat die meeste Christene slawe was.

   i. Wat het gebeur wanneer 'n slaaf 'n Christen geword het? (vers 22a)

   ii. Wat het gebeur wanneer 'n vryman 'n Christen geword het? (vers 22b)

   Let daarop dat die instelling van slawerny <u>sekondêr</u> is aan die ware vryheid.

   iii. Skryf die beginsel wat in hierdie verse voorkom in jou eie woorde.

2. Ons vryheid is <u>in Christus</u>

Lees Galasiërs 2:4. Let op dat ons vryheid in CHRISTUS is. Handelinge 17:28 en Efesiërs 1:3-14 bevestig dat alles wat ons is en het in Christus is.

3. Drie hoofelemente van ons vryheid

   a) Wettige vryheid: Vryheid van die straf op die sonde en vryheid met God. Lees Romeine 8:1 en voltooi die volgende: In Christus is ek vry omdat _____.

   b) Persoonlike vryheid: Vryheid van die geneigdheid om sonde te doen en die vryheid om regverdig te lewe. Lees Romeine 6:2-7, 18, 22. Voltooi die volgende: "In Christus is ek vry omdat _____ _____."

   c) Sosiale vryheid: Vryheid van gierigheid en vryheid om ander lief te hê en te dien. Lees Galasiërs 5:13-15. Hierdie sosiale vryheid maak van Christene "liefdeslawe". Voltooi die volgende: "In Christus is ek vry omdat _____."

Die praktyk van vryheid

1. Vryheid van die hart

   Lees 1 Petrus 2:18-19 en Kolossense 3:22.

   a) Wie word aangespreek?

   b) Wat moet hulle doen?

   c) Hoe behoort hulle gesindheid te wees?

   d) Richard Forster het in *Celebration of Discipline* die Bybelse gesindheid so opgesom:

      "The revolutionary thing about this teaching is that these people, to whom first-century culture afforded no choice at all, are addressed as free moral agents. Paul gave personal moral responsibility to those who had no legal or moral status in their culture. He made decision-makers of people who were forbidden to make dicisions."[11]

      Gevangene wees van Christus beteken vryheid; vry wees van Christus beteken gevangene wees van die wêreld.

2. Vorm en vryheid

   a) In ons moderne, sekulêre samelewing word vryheid omskryf as die afwesigheid van beperkings. Absolute vryheid is die ideaal, die doelwit – om te doen wat jy ook al wil, wanneer jy wil. Hierdie idee

van vryheid is glad nie vryheid nie; dit is anargie. Ware vryheid het altyd grense. Wanneer is 'n trein die meeste vry? Op die spoor of van die spoor af?

b) Francois Schaeffer, van L'Abri Fellowship, het die balans waarin ons as vry mense lewe, beskryf. Hy verduidelik dat mense normaalweg waarheid of leerstellige ortodoksie as iets rigied beskou – 'n punt op 'n lyn.

.....X.....

Alles aan die regterkant van die punt is Reg; alles aan die linkerkant is Verkeerd. Tog, sê Schaeffer, het Christus waarheid beskryf op 'n dinamiese manier; Hy het beginsels gevestig – nie moets en moenies nie – wat riglyne vir ons lewe moet wees.

(.....)

'n Christen se geloof kan bedreig word buite elkeen van hierdie punte, maar daar is vryheid tussen die punte. Sulke riglyne soos die Tien Gebooie en Christus se woorde en lewe het <u>rigtinggewende beginsels</u> geword – die vorme – <u>die grense van ons vryheid</u>. Die bediening van die Heilige Gees en die wens van Christus het die <u>leidinggewende beginsels</u> van ons lewens geword, wat wys waar ons behoort te wees in enige stadium binne hierdie gevestigde grense.

In sake waaroor daar sekerheid in die Skrif is, behoort daar eenheid onder Christene te wees. In sake waaroor daar opinies is, behoort daar vryheid vir elke Christen te wees om op verskillende plekke te staan. In alle sake behoort barmhartigheid te heers.

3. Drie beginsels vir die daaglikse lewe[12]

a) Die Beginsel van Vryheid

i. Lees Galasiërs 5:1, 13a

ii. Lees Johannes 10:7-10

iii. Voltooi die volgende stelling: "In Christus is ek vry om _____."

iv. Terwyl die Beginsel van Vryheid die vyheid en die lewe aan ons voorhou, is dit nie sonder grense nie. Die Beginsel van Vryheid word beperk deur die volgende twee beginsels: Die Beginsel van Liefde het voorrang bo ons vryheid wanneer ons met ander Christene te doen het, en die Beginsel van Doelmatigheid het voorrang bo ons vryheid wanneer ons met nie-Christene te doen het.

b) Die Beginsel van Liefde (toegepas teenoor Christene)

Lees weer Galasiërs 1:13b; Filippense 2:2-4 en 1 Korintiërs 8:9-13.

i. Wat behoort my gesindheid teenoor Christene te wees volgens Filippense 2:3?

ii. Voltooi die volgende stelling: Wanneer ek met **mede-Christene** te doen het, word my vryheid beperk omdat _____.

c) Die Beginsel van Doelmatigheid (toegepas teenoor nie-Christene)

i. Lees 1 Korintiërs 9:19-23 en 1 Korintiërs 10:23-24. Wat het Paulus geword? (vers 22)

Hoekom het Paulus sy vryheid ingeperk? (1 Korintiërs 9:22-23)

ii. Voltooi die volgende stelling: Wanneer ek met **medemense** te doen het, word my vryheid beperk omdat _____.

Ons is vrygemaak om te dien. Martin Luther het dit baie goed gestel: “A Christian is the most free lord of all and subject to none; a Christian man is the most dutiful servant of all and subject to everyone.”[13]

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Julle, broers, julle is tot vryheid geroep.
Moet net nie julle vryheid misbruik as ’n verskoning om sonde te doen nie,
maar dien mekaar in liefde.
Galasiërs 5:13

Jou aandeel

Lees die volgende drie toepassingsoefeninge:

1. Gaan terug na punt 3 op bladsy 46 en 47. Dink aan ’n terrein van gevange wees in jou eie lewenstyl (byvoorbeeld, die behoefte om jou eie sin te kry, ’n onversadigbare afhanklikheid van iemand anders, ens.)

2. Dink aan kere wanneer jy ander mense bind wanneer die Skrif vryheid toelaat (byvoorbeeld, *moet nooit drink nie*, *moet nooit gaan fliek nie*, ens.)

3. Identifiseer ’n terrein in jou lewe waar jy jou vryheid uitleef en iemand anders seermaak (byvoorbeeld, drink, gaan fliek, ens.)

Kies nou een van die terreine wat jy hierbo genoem het.

1. Identifiseer die terrein in jou lewe wat aandag nodig het.
2. Beplan biddend om hierdie terrein onder God se beheer te bring.

Deel jou plan met ’n vriend of met die Bybelstudiegroep. Bid, begin om die plan uit te voer en gee terugvoer.

Hoofstuk 7

Die dienskneg se lyding

Vorige Bybelstudie

In die vorige twee Bybelstudies het ons te doen gehad met die konteks van ons diens en die Christen se vryheid om te dien.

Voorskou

In hierdie Bybelstudie gaan ons die lyding wat in die Christen se lewe voorkom, ondersoek.

1. Dit gaan nie oor die lyding wat ons oor onsself bring deur ons eie sondige besluite of deur selfopgelegde martelaarskap nie.

2. Ons gaan ook nie kyk na die boosheid in die wêreld nie. (Die bose is verantwoordelik vir baie lyding, maar ons fokus op Christus se lyding en die lyding in die lewe van sy volgelinge.)

3. Ons gaan kyk na die begin van lyding toe dit in die wêreld ingekom het as 'n gevolg van die sondeval.

4. Ons gaan kyk hoe God selfs die lyding wat ons oorkom tot ons beswil gebruik.

5. Ons gaan Christus se lyding en die aard en doel van lyding vir Christene ondersoek.

Ken en doen

Ons oogmerk is om te verstaan dat die lyding in Christene se lewens deur God gebruik kan word om ons te vorm en in Christus volwasse te laat word. Ons gaan kyk hoe ons om iemand wat swaarkry op 'n konkrete manier kan help.

Studie

Troos, persoonlike vrede en oorvloed staan uit as sommige van die heiligste en mees gewaardeerde waardes van die Westerse samelewing. Ons offer bykans enigiets, insluitende Christus, op vir hierdie "goeie lewe".

Ons tree op asof ons glo dat as ons gemaklik en goed voel, dan is alles reg. Aan die ander kant glo ons dat as iets seermaak, moeilik is en werk vereis, dit sleg is. Persoonlike vrede – die vermyding van worsteling en vervolging – is 'n hoë prioriteit. Oorvloed – om te hê wat ons wil hê, wanneer ons dit wil hê – is een van ons ander doelwitte. Ongelukkig word hierdie doelwitte van die sekulêre samelewing dikwels ook die doelwitte van die kerk.

Daarom het voorspoed en oorvloed vervlegd geraak met ons teologie. “God wil die beste hê vir sy mense en die beste is ’n goeie lewe.” In hierdie teologie is daar nie plek vir die arme, of vir die Derde Wêreld, of vir die Saligsprekings nie. As jy nie die beste het nie, is dit omdat jy geloof kortkom – jy het daarin gefaal om dit te noem en te eis (“*name it and claim it”*).

Hoe hartseer en verspot moet dit nie lyk vir die Somaliese vlugteling wat Christus leer ken het nie. Hoe oneerbiedig moet dit nie lyk vir die kerk binne-in kommunistiese Viëtnam of Noord-Korea nie. Hoe moet dit nie ons Vader laat treur nie.

Wanneer ons dit gesê het, moet ons ons egter daarvan weerhou om armoede, lyding en konflik op te hemel. Ons moet daarop bedag wees om nie op die teologie van gemak te reageer deur lyding ons doelwit en bron van trots te maak nie.

Dit is God se begeerte dat sy mense die beste sal hê, maar die beste moet nie net in terme van materiële welvaart gedefinieer word nie. Ons moet realisties wees. ’n Gevalle wêreld word gekenmerk deur lyding. Lyding is ook nie sonder doel of voordeel nie.

Die sondeval – die binnekom van lyding in die wêreld in

1. Voor die sondeval was alles wat God geskep het in harmonie met Hom. In Genesis 1:2-31 beoordeel Hy elke daad van sy skepping met een van die volgende frases: “Dit was goed” of “Dit was so.”

2. Lees Genesis 3:1-7. Hier word die begin van die mens se rebellie teen God beskryf.

3. Lees Genesis 3:8-19. Ons begin die gevolge van die sondeval raak te sien. Die sondeval het pyn en lyding in die wêreld ingebring.

    a) Hoe het dit die vrou geraak wat geboorte skenk? (vers 16)

    b) Hoe het dit die man geraak in sy werk? (vers 17-19)

4. Lees Romeine 8:18-23.

    a) Watter woorde word gebruik om die lyding in die skepping te beskryf? (vers 20-22)

    b) Watter woorde beskryf ons lyding? (vers 23)

c) Waarop wag ons? (vers 23b)

d) Waarop wag die res van die skepping? (vers 19, 21)

5. Soos ons in Romeine 8:20-21 gesien het, is lyding normaal in die gevalle wêreld. As Christene aanvaar ons die werklikheid daarvan en werk en bid ons daarteen. Ons gaan nie daarna soek nie, en ons gaan ook nie maak asof dit nie bestaan nie. Soos Efesiërs 6:10-18 ons leer: Ons is in 'n stryd teen die bose magte; en ons moet toegerus word vir hierdie stryd.

6. Omdat die sondeval lyding normaal gemaak het, sal elkeen ly. Die vraag is: "Ly ons as gevolg van ons dwaasheid of as gevolg van iemand anders s'n? Lei lyding tot bitterheid of geloof, agteruitgang of groei?"

   Oswald Chambers sê in *My Utmost for His Highest:*

   > "We say that there ought to be no sorrow, but there is sorrow, and we have to receive ourselves in its fires. If we try and evade sorrow, refuse to lay our account with it, we are foolish. Sorrow is one of the biggest facts in life; it is no use saying sorrow ought not to be. Sin, sorrow, suffering are, and it is not for us to say that God has made a mistake in allowing them.
   >
   > "Sorrow burns up a great amount of shallowness, but it does not always make a man better. Suffering either gives me my self, or it destroys my self."[14]

Die lydende Dienskneg

1. Soos ons in die vorige Bybelstudies ontdek het, is Christus dié Dienskneg.

2. Die evangelie volgens Markus word dikwels die evangelie van die Dienskneg genoem. In Markus 10:45 het Jesus die tema van die evangelie gevestig toe Hy gesê het: "Die Seun van die mens het gekom om te dien en sy lewe as losprys vir baie te gee." Tot op hierdie punt in die verhaal is Jesus se <u>diens</u> beskryf, en van hierdie punt af verder word sy <u>lyding</u> beskryf.

3. Die gedeelte in die Bybel waar die Lydende Dienskneg beskryf word – Jesaja 52:13-53:12 – word dikwels die vyfde evangelie genoem. Lees die gedeelte en skryf die maniere neer waarop die Messias gedien het in sy lyding.

4. Saam met die fisiese lyding aan die kruis het Christus ook dwarsdeur sy lewe baie verwerping beleef. Lees die volgende gedeeltes en skryf neer watter mense Christus verwerp het.

a) Markus 3:21

b) Johannes 5:16-18

c) Matteus 26:56b

d) Matteus 26:47-50

e) Matteus 27:20-23

f) Lukas 22:54-62

g) Matteus 27:45-46

5. Christus het hoofsaaklik om twee redes gely. Vir ons lewe in Christus is dit noodsaaklik dat ons albei redes verstaan. Lees die volgende gedeeltes. Identifiseer die twee redes en sê wat dit vir jou eie lewe beteken.

a) Rede # 1: _____ (Joh 1:29 en 1 Joh 2:2)

b) Rede # 2: _____ (1 Pet 2:20b-21)

Die aard van ons lyding as Christene

1. Lyding is 'n deel van ons roeping.

a) Lees 1 Petrus 2:20-21 en 1 Petrus 3:14, 17.

i. Hoe beskryf Petrus hierdie deel van ons roeping? Waarom ly ons?

ii. Noem 'n paar voorbeelde van "lyding wanneer ons goed doen" in ons tyd.

iii. Hoe verskil dit van die lyding wat die wêreld beleef as gevolg van die sondeval en sonde (die lyding "wanneer julle kwaad doen" waarvan 1 Petrus 3:17 praat)?

b) Lees Filippense 1:29. Uit watter twee dinge bestaan ons roeping volgens hierdie gedeelte?

c) Ons is dankbaar vir die eerste aspek van ons roeping – om in Hom te glo. Wat is jou reaksie op die tweede aspek van ons roeping? Wat dink jy daarvan en hoe voel jy daaroor?

2. Lyding is 'n deel van ons heerlikheid.

a) Lees 1 Petrus 4:12-16, 19.

i. Hoe reageer ons daarop dat ons deel het aan Christus se lyding?

ii. In 'n land waar godsdiensvryheid deel van ons erfenis is en in die wette is, hoe ly ons? Hoe word ons beledig oor die Naam van Christus? Sluit 'n deel van ons lyding in dat mense ons gewilligheid om te dien uitbuit?

b) Lees Romeine 8:17-18. Wat sal volg op die dienskneg se lyding?

William Barkley het in 'n kommentaar gesê: "To suffer for Christ is not a penalty, it is our glory."

Die doel van lyding

1. CS Lewis het gesê: "The tortures occur. If they are unnecessary, then there is no God or a bad one. If there is a good God, then these tortures are necessary."[15]

2. Lees Hebreërs 2:9-10, 17-18.

a) Wat het God die Vader aan Christus gedoen ("die outeur van ons verlossing")? (Vers 10b)

b) Watter middele het die Vader gebruik? (Heb 2:10b, 18a)

c) Wat was die gevolg van hierdie proses vir Christus? (Heb 2:17, 18b)

3. Lees Hebreërs 5:8.

a) Wat het Christus geleer?

b) Hoe het Hy dit geleer?

Let op dat lyding as instrument vir onderrig gebruik kan word. Dit kan groei veroorsaak. Selfs Christus was "gekwalifiseerd" om ons te lei omdat Hy gely het.

4. Lees 2 Korintiërs 11:23-33. In hierdie gedeelte vertel Paulus van die lyding wat hy deurgemaak het.

   a) Skryf neer wat jy dink die moeilikste vir Paulus van sy lyding was.

   b) Hoe reageer jy op Paulus se lyding? Het jy daaraan gedink dat lyding 'n verwagte deel van die Christen se lewe is of dat dit net iets is wat met die "ongelowiges" gebeur?

5. Lees Jakobus 1:2-4.

   a) As Christene soek ons nie na lyding nie, maar wat is ons gesindheid wanneer ons met beproewings te doen kry? (vers 2)

      Die JB Philips se parafrase van hierdie vers sê dat ons die beproewings nie soos indringers moet verag nie, maar om hulle te verwelkom as vriende.

   b) Hoekom moet ons hierdie gesindheid hê? Probeer ons martelare wees? Nee! Ons moet hierdie gesindheid hê omdat ons besef dat God ons soos Christus maak "volmaak (heilig) en volledig (heel), terwyl ons niks kortkom nie". (vers 4)

      Beproewing ----------→ Volharding ----------→ Heiliging/voltooiing

   c) Ons vra in gebed om die liefde van Christus te hê, maar die enigste manier waarop hierdie liefde in ons na vore kan kom, is wanneer ons met iemand te doen kry wat nie geliefd is nie. Net so bid ons om geduld, maar die enigste plek om geduld te leer is in die klaskamer van spanning. Ons bid om hoop, maar die enigste plek om hoop te leer is in 'n hopelose situasie. Ons bid om nederigheid, maar die enigste tyd om nederigheid te leer is wanneer ons lewens ineenstort. Moenie bid om soos Christus te wees en dan te kyk hoe jy die lyding gaan vermy nie, want die beproewings en lyding mag die antwoord op jou gebed wees.

6. *Streams in the Desert* is 'n Christelike dagboek waarin daar vertel word van die Christen se reaksie op beproewings by die inskrywing van 7 September:

"God uses trouble to teach His children precious lessons. They are intended to educate us. When their good work is done, a glorious recompense will come to us through them. There is a sweet joy and a real value in them. He does not regard them as difficulties but as oppurtunities."[16]

en

"There are two ways to get out of a trial. One is to simply try to get rid of the trial and be thankful when it is over. The other is to recognize the trial as a challenge from God to claim a larger blessing than we have ever had and to hail it with delight as an oppurtunity of obtaining a larger measure of Divine grace. Thus, even the adversary becomes an auxiliary and the things that seem to be against us turn out to be for the furtherance of our way. Surely, this is to be more than conquerors through Him who loved us." (AB Simpson)[17]

7. Net so gee die inskrywing by 9 Januarie in *Streams in the Desert* 'n mooi illustrasie van God se hand in die moeilike tye in ons lewens:

"For I reckon that the sufferings of this present time are not worthy to be compared with the glory that shall be revealed in us." Romans 8:18

"Kept for nearly a year is the flask-shaped cocoon of an emperor moth. It is very peculiar in its construction. A narrow opening is left in the neck of the flask, through which the perfect insect forces its way, so that a forsaken cocoon is as entire as one still tenanted, no rupture of the interlacing fibres having taken place. The great disproportion between the means of egress and the size of the imprisoned insect makes one wonder how the exit is ever accomplished at all – and it never is without great labor and difficulty. It is supposed that the pressure to which the moth's body is subjected in passing through such a narrow opening is a provision of nature for forcing the juices into the vessels of the wings, these being less developed at the period of emerging from the chrysalis than they are in other insects.

"I happened to witness the first efforts of my imprisoned moth to escape from its long confinement. During a whole forenoon, from time to time, I watched it patiently striving and struggling to get out. It never seemed able to get beyond a certain point and, at last, my patience was exhausted. Very probably the confining fibres were drier and less elastic than if the cocoon had been left all winter on its native heather, as nature meant it to be. At all event, I thought I was wiser and more compassionate than its Maker and I resolved to give it a helping hand. With the point of my scissors, I snipped the confining threads to make the exit just a little easier and, lo! Immediately and with perfect ease, out crawled my moth dragging a

huge swollen body and little shriveled wings. In vain, I watched to see that marvelous process of expansion in which these silently and swiftly develop before one's eyes; and as I traced the exquisite spots and markings of diverse colors which were all there in miniature, I longed to see these assume their due proportions and the creature to appear in all its beauty, as it is, in truth, one of the loveliest of its kind. But I looked in vain. My false tenderness had proved its ruin. It never was anything but a stunted abortion, crawling painfully through that brief life which it should have spent flying through the air on rainbow wings. I have thought of it often, often, when watching with pityfull eyes those who were struggling with sorrow, suffering and distress; and I would fain cut short the discipline and give deliverance. Short-sighted man! How know I that one of these pangs or groans could be spared? The far-sighted, perfect love that seeks the perfection of its object does not weakly shrink from present, transient suffering. Our Father's love is too true to be weak. Because He loves His children, He chastises them that they may be partakers of His holiness. With this glorious end in view, He spares not for their crying. Made perfect through sufferings, as the Elder Brother was, the sons of God are trained up to obedience and brought to glory through much tribulation."[18]

Die oorwinning deur lyding

1. As diensknegte sal ons nie opgewasse wees vir die taak wat God ons oplê nie. Maar God is opgewasse vir die taak waarvoor Hy ons roep.

2. Lees 2 Korintiërs 12:7-10. Aan Paulus is "'n doring in die vlees" gegee. Hierdie doring het dit vir hom baie moeilik gemaak en baie lyding veroorsaak.

   a) Hoeveel keer het Paulus, volgens 2 Korintiërs 12:8, gebid dat die doring verwyder moet word? Het God dit weggeneem?

   b) Watter twee beloftes het God gemaak? (vers 9)

   c) Watter twee redes gee Paulus wat daarop dui dat hy tevrede is met die swakheid? (vers 9-10)

   d) Hoe kan hierdie begrip jou lewe beïnvloed?

   e) God laat sy krag deur ons swakheid na vore kom. Gee 'n voorbeeld hiervan in jou eie lewe.

3. Lees Filippense 4:13. Kan jy aan drie ander Skrifgedeeltes dink waarin God se hulp vir ons belowe word in tye van beproewing?

a)

b)

c)

4. Ons moet God met ons laat werk in tye van swaarkry. Ons verhinder sy werk wanneer ons weier om ons vyande te vergewe en toelaat dat bitterheid in ons wortel skiet en groei. Ons sal nie voordeel trek uit lyding nie, tensy ons vergewe. Wat leer ons in die volgende drie Skrifgedeeltes?

   a) Matteus 18:21-22

   b) Matteus 6:14-15

   c) Hebreërs 12:14-15

Die dienskneg se lyding – 'n oorsig

Lyding ... is algemeen onder mense as gevolg van die sondeval. Christus, die Dienskneg, het gely, sodat die mensdom die gevolge van die sondeval kan oorwin. Ons moet sy voorbeeld volg en ter wille van Hom ly. Lyding is deel van ons roeping en is deel van ons heerlikheid. Wanneer ons Hom toelaat, sal God ons beproewings gebruik vir ons groei en vervolmaking. Ons moet erken dat lyding tot oorwinning lei. Ons moet ook in tye van lyding erken dat God ons Vader ons in die palm van sy hand het.

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom,
want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.
En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom,
sonder enige tekortkoming.

Jakobus 1:2-4

Jou aandeel

5. Soek na 'n tyd van lyding in jou lewe wat uitgeloop het op bitterheid.

   a) Wat het gebeur?

b) Hoe het jy daarop gereageer?

c) Wat dink jy wou God jou deur daardie lyding geleer het?

d) Hoe kon jy gereageer het sodat geloof en groei eerder die resultaat kon wees?

e) Neem nou die vrymoedigheid en vra God om vergifnis en om enige bitterheid wat nog oor mag wees en jou kan verhinder om met God te wandel, te verwyder.

6. Identifiseer iemand wat hierdie week ly. Kry ’n manier om daardie persoon te dien.

7. Dink aan iets wat tans lyding in jou lewe veroorsaak. Hoe kan jy toelaat dat God dit gebruik vir jou groei?

Hoofstuk 8

Die gesindheid van die dienskneg

Vorige Bybelstudie

In die vorige Bybelstudies het ons gesien dat dit ons ambisie in die lewe is om mense te dien in die Naam van Christus. Ons het na voorbeelde van diensknegte gekyk en gelet op ons motivering om te dien en die konteks van ons diens, terwyl ons ontdek dat ons nie ons eie baas is nie maar dat ons aan iemand anders behoort – aan Christus.

Voorskou

In hierdie Bybelstudie fokus ons op die gesindheid wat ons as diensknegte moet hê. Dit is natuurlik moontlik om soos 'n robot op 'n meganiese manier te dien ("Dit is my plig – ek doen dit net omdat dit reg is"). Dit is ook moontlik om met 'n teësinnige houding te dien. Maar God het dit vir ons moontlik gemaak om met blymoedige en gewillige harte dien.

Wanneer ons nadink oor die liefde wat God in sy Seun, Jesus Christus, aan ons bewys het, sien ons dat ons vry is om onsself in liefde te gee. Daarom, hoe behoort die gesindheid van ons hart en die houding van ons lewe te wees? Kom ons bid dat God in ons die houding en gesindheid van Christus sal laat posvat wanneer ons dien.

Ken en doen

Die doel van hierdie Bybelstudie is om agter te kom dat gesindhede gevolge in ons lewenstyl het, om 'n gesindheid te identifiseer wat ons moet verander en om hierdie verandering konkreet te begin nastreef.

Studie

Nederigheid van gees

1. In die tweede Bybelstudie het ons Filippense 2:1-11 ondersoek en die sewe stappe van Christus se vernedering gesien. Hierdie gesindheid van nederigheid – hierdie ingesteldheid van hart en gees – moet ons s'n wees as volgelinge van Jesus Christus. Skryf die kontrasterende gesindhede neer wat jy in Filippense 2:3-5 vind:

DIE WÊRELDSE BAAS	DIE DIENSKNEG VAN GOD
a)	a)
b)	b)
c)	c)

2. Gebruik ’n woordeboek en skryf die definisie van die volgende woorde neer:

   a) Trots

   b) Nederigheid

3. Gebruik ’n konkordansie of ’n Bybelse woordeboek om agter te kom wat die Bybel met hierdie woorde bedoel:

   a) Trots

   b) Nederigheid

4. Watter ander woorde het dieselfde betekenis?

   a) Trots

   b) Nederigheid

5. Nederigheid is die geaardheid van iemand wat die regte perspektief van God en homself het, terwyl ’n trotse persoon ’n verkeerde siening van homself en God het. Watter voorstel maak die volgende verse hieroor?

   a) Jeremia 9:23-24

   b) Korintiërs 10:17-18

6. Wat dink God van ’n nederige mens? Hoekom dink jy heg God so ’n groot waarde aan nederigheid? Lees 1 Petrus 5:5-7.

7. Hoe word iemand nederig?

   a) Merk een:

      i. Deur daarop te konsentreer om nederig te wees. _____ Hoekom of hoekom nie?

      ii. Deur op die Persoon van Jesus te konsentreer. _____ Hoekom of hoekom nie?

   b) Wie se werk is dit om ons nederig te maak? Lees Jakobus 4:10 en Lukas 14:11.

   c) As dit wat hierbo in 7.(a)ii. geskryf staan nie gebeur nie, wat sal wel gebeur? Lees weer Lukas 14:11 en Spreuke 16:18.

8. Lees Lukas 14:7-15, Christus se gelykenis van die gaste en instruksies oor etiket by die ete.

   a) Hoe het die trotse persoon in elkeen van die illustrasies opgetree?

   b) Hoe het die nederige persoon in elkeen van die illustrasies opgetree?

9. ’n Christen word nederig as gevolg van sy verhouding met Iemand groter as hyself – ’n verhouding met Jesus Christus. Trots kom as gevolg van ’n beheptheid met onsself. Trots kan in twee gedaantes kom:

   a) Om te veel van onsself te dink – “God kan nie sonder ons klaarkom nie.”

   b) Om te min van onsself te dink – “God kan niks deur ons doen nie.”

In albei gesindhede het ons ’n verkeerde fokus op onsself.

10. Wat illustreer die volgende verse?

    a) 1 Korintiërs 12:15-17

    b) 1 Korintiërs 12:21

11. Met watter vorm van hierdie trots (beheptheid met jouself) worstel jy?

12. Op watter maniere word trots in jou lewe sigbaar?

13. Lees Romeine 12:1-3. Hoe kan hierdie verse ons help om die geneigdheid tot trots teen te werk?

Die hartsgesindheid van die dienskneg

1. Die dienskneg se hartsgesindheid teenoor God

    a) Watter gesindheid word in die volgende verse uitgedruk?

        i. 1 Korintiërs 16:13-14

        ii. Hebreërs 11:8

    b) Plaas jouself in die posisie van die persoon wat aangespreek word in elk van die Skrifgedeeltes hieronder. Beskryf waarvoor elke persoon bang sou wees en verduidelik die reaksie van elkeen op die roeping van God.

        i. Lukas 1:26-28 (Maria)

            a. Vrees

            b. Reaksie

        ii. 1 Samuel 3:1-18 (Samuel)

            a. Vrees

            b. Reaksie

iii. Handelinge 9:10-19 (Ananias)

a. Vrees

b. Reaksie

Die dienskneg is baie lief vir God en
het ’n groot vertroue te midde van onseker omstandighede

2. Die dienskneg se hartsgesindheid teenoor sy bediening.

a) Lees Johannes 8:50, 54. Op wie het Christus die aandag gevestig?

b) Lees Johannes 16:13-14. Op wie het die Heilige Gees die aandag gevestig?

Let op dat Christus en die Heilige Gees op iemand anders gefokus is. Hulle ligte verlig nie hulleself nie – Hulle wys elkeen na iemand anders.

c) Som in jou eie woorde op wat in Matteus 6:1-2, 5 en 16 geskryf staan.

’n Keniaanse pastor het by geleentheid gesê dat ’n goeie dienskneg homself deur sy werk vestig en nie deur sy teenwoordigheid nie; jy sien die diens en nie die dienskneg nie.

> “The late Indira Ghandi once stated, ‘My grandfather once told me that there are two kinds of people – those who take the work and those who take the credit. He told me to try to be in the first group for there is much less compitition there’ ... The servant of the Lord may not care which other people get the credit, but he cares greatly that his Lord gets the credit.
>
> “A large group of European pastors came to one of DL Moody’s Northfield Bible Conferences in Massachusette in the late 1800’s. Following the European custom of the time, each guest put his shoes outside his room to be cleaned by the hall servants overnight. But, of course, this was America and there were no hall servants.
>
> “Walking the dormitary halls that night, Moody saw the shoes and determined not to embarrass his brothers. He mentioned the need to some ministerial students who were there,

but met with only silence or pious excuses. Moody returned to the dorm, gathered up the shoes and, alone in his room, the world's most famous evangelist began to clean and polish the shoes. Only the unexpected arrival of a friend in the midst of the work revealed the secret.

"When the foreign visitors opened their doors the next morning, their shoes were shined. They never knew by whom ... Perhaps the episode is a vital insight into why God used DL Moody as He did. He was a man with a servant's heart."
(Gary Inrig, Career Life Times, April 1989)

Die dienskneg se bediening moet so gedoen word dat dit die aandag op God vestig en Hom verheerlik.

3. Die dienskneg se hartsgesindheid teenoor ander mense

   a) Lees Hebreërs 5:1-2. Dink daaroor na dat elke gelowige nou deelneem aan die priesterlike werk (1 Petrus 2:5, 9) en 'n "priesterlike" metode ontvang het om met mense te werk.

      i. Met verwysing na Hebreërs 5:2, wat behoort die dienskneg se priesterlike gesindheid te wees?

      ii. Op watter soort mense is hierdie gesindheid gerig?

         a.

         b.

      iii. Wat is jou natuurlike gesindheid teenoor hierdie soort mense?

      iv. Wat moet ons besef om meer van 'n goddelike gesindheid te hê?

         a. Lees Lukas 13:10-16 en Markus 6:31-34, 46. Watter gesindheid het Jesus in elkeen van hierdie situasies geopenbaar?

         b. Lees Lukas 10:30-37. Skryf die reaksie van die Selfgerigte/Selfsugtige/Egosentriese godsdienstige mense en die reaksie van die Samaritaan neer.

Selfgerig/Selfsugtig/Egosentries	Onselfsugtig/Onbaatsugtig/Bedagsaam
1.	1.
	2.
	3.
	4.
	5.
	6.

c) Die twee woorde wat gebruik word om die Samaritaan se reaksie te beskryf, is *medelye* en *genade*. Gebruik 'n woordeboek, konkordansie of Bybelse woordeboek om die ryke betekenis van hierdie woorde te ontdek.

Medelye

Genade

Die dienskneg moet 'n gesindheid van medelye hê
vir die mense wat hy dien.

4. Die dienskneg se hartsgesindheid teenoor besittings.

a) Lees Handelinge 20:33-35. Hoe word Paulus se gesindheid beskryf teenoor:

i. Ander mense se besittings? (vers 33)

ii. Die gebruik van sy eie besittings? (vers 34-35)

a.

b.

c.

iii Hoekom is dit beter om te gee as om te ontvang?

JRR Tolkien, in sy reeks fantasiestories, het hierdie Bybelse gedagte ernstig opgeneem toe hy die Hobbits se gebruik met 'n verjaardagviering beskryf het. In die boek gebeur dit dat wanneer iemand verjaar, die persoon baie vreugde daaruit put om 'n partytjie te hou waar hy dan geskenke vir sy vriende uitdeel.

5. Lees Hebreërs 10:32-36. Hierdie is 'n besonderse gedeelte.

a) Hoe behoort 'n dienskneg se gesindheid te wees wanneer sy besittings gesteel is?

b) Hoekom behoort hy hierdie gesindheid te hê?

c) Te dikwels word ons deur ons besittings besit. God het bedoel dat ons kanale moet wees. Ons moet kanale van sy seën te wees, in plaas van opgaardamme.

Die dienskneg moet 'n gesindheid hê
van mededeelsaamheid.

6. Die dienskneg se hartsgesindheid teenoor omstandighede.

a) Lees Filippense 1:12-14. Paulus was vir omtrent vyf jaar in die tronk opgesluit, die laaste twee jaar in Rome. Tog staan hy verhewe bo sy omstandighede. Skryf die positiewe dinge neer wat Paulus in sy gevangenskap raaksien.

b) Lees 1 Tessalonisense 5:18 en Efesiërs 5:20. Watter van die volgende behoort ons verstaan van hierdie verse te wees? (Merk een)

i. Ons moet net soms dank betoon.

ii. Ons moet dank betoon net wanneer iets lekker en maklik is.
iii. Ons moet dank betoon net wanneer iets na ons sin gaan.
iv. Ons moet die meeste van die tyd dank betoon.
v. Ons moet dank betoon wanneer ons so voel.
vi. Ons moet dank betoon net wanneer ons weet dat ons
vii. omstandighede deur God beskik is.
viii. Ons moet altyd en in alle omstandighede dank betoon.

Die dienskneg moet in alle omstandighede dank betoon.

7. Die dienskneg se hartsgesindheid teenoor medewerkers.

a) Lees Handelinge 19:18 en Jakobus 5:16. Wat behoort die praktyk onder Christene te wees volgens hierdie gedeeltes?

b) Ons moenie dink dat Christene nooit sonde doen nie. “Almal het gesondig (verlede tyd) en is ver van God af (teenwoordige tyd)” (Rom 3:23). Jou vriende sal jou in die steek laat. Verwag dit. Wees geduldig met hulle.

c) Skryf die gesindhede neer wat ons teenoor ander diensknegte moet hê:

i. Efesiërs 4:1-3

ii. Efesiërs 5:21

iii. Romeine 14:3-4

Die gesindheid van die dienskneg teenoor medewerkers moet een van belydenis, gesamentlike onderdanigheid, aanvaarding en soeke na eenheid wees.

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Moet niks uit selfsug of eersug doen nie,
maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.
Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie,
maar ook aan dié van ander.
Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was.
Filippense 2:3-5

Jou aandeel

"Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was."

1. Identifiseer daardie dele in jou lewe waar jy meer op jouself fokus en wat jou verhinder om meer soos Christus te wees.

2. As jy hierdie Bybelstudie saam met 'n groep doen, bid dat God aan elkeen van julle die hartsgesindheid en liggaamshouding van 'n dienskneg sal gee.

3. Wees baie sensitief teenoor mense hierdie week. Soek iemand wat in nood is en bid dat jy medelye sal hê en genade sal betoon, soos die barmhartige Samaritaan.

4. Maak notas van jou hartsgesindheid, medelye, genade, houding en diens in jou Diensknegdagboek wat jy by die tweede Bybelstudie aangeskaf het.

Hoofstuk 9

Die gedrag van die dienskneg

Vorige Bybelstudie

In die Bybelstudie wat gehandel het oor die motivering vir diens het ons gesien dat ons lewens as diensknegte afgelei word uit die genade van God – ons is gered sodat ons kan dien. In die Bybelstudie oor die konteks van diens het ons geleer dat ons kinders van God is – kinders wat nie net in die krag van daardie verhouding lewe nie maar ook kinders om die Vader na te doen. In ons laaste Bybelstudie het ons gesien dat ons dieselfde gesindheid as dié Dienskneg, Jesus Christus, moet hê.

Voorskou

Al hierdie Bybelstudies het opgebou na hierdie een, naamlik die gedrag van die dienskneg. Hoe moet ons optrede wees? Hoe moet ons morele karakter wees?

Ken en doen

Ons sal weet dat ons 'n goddelike lewenstyl moet bevestig voor die oë van die wêreld. Ons gaan een terrein in ons eie lewens identifiseer waar ons met 'n nuwe gewoonte gaan begin.

Studie

Hierdie vrae is belangrik vir ons dienskneglewe, veral omdat ons in 'n amorele samelewing leef. Ons "morele" slagspreuke is oorvloedig – "Doen jou eie ding", "As dit goed voel, doen dit", "Doen wat ook al werk", "Doen dit op jou eie manier" en "Wees op die uitkyk vir nommer een".

Is ons as Christene vry om volgens hierdie standaarde te lewe? Kan 'n persoon die roeping hê om dienskneg te wees en hom terselfdertyd vereenselwig met die wêreld se moraliteit?

Hierdie mensgesentreerde (humanistiese) gesindheid van morele relativisme (moraliteit gebaseer op die persoonlike opinie van die mens in plaas van op die Goddelike openbaring) het ongelukkig die kerk binnegedring. Ons lewens as Christene is ten minste op twee maniere beïnvloed.

Ons aanvaar (bewustelike of onbewustelik) dikwels die wêreld se standaarde van optrede as ons eie.

en/of

Ons oorreageer dikwels op die wêreld se morele relativisme en skep ons eie morele relativisme. As ons dit doen, word ons Christelikheid 'n reeks van "moets" en "moenies" wat nie deur die Bybel ondersteun word nie.

Diensknegte van Christus moenie die wêreld na-aap wanneer dit by morele optrede kom nie, maar hulle moet ook nie oorreageer deur hulle reëls van optrede daar te stel nie. Diensknegte van Christus moet daarna streef om die optrede van Christus na te doen.

Kontraste van die dienskneg se optrede

Om te sien wat die dienskneg se optrede behoort te wees moet ons kyk na wat dit nie behoort te wees nie.

a) Die dienskneg se optrede versus die natuurlike mens se optrede

Lees Titus 3:1-5 en kontrasteer die optrede van die gelowige met dié van die ongelowige:

Gelowige	**Ongelowige**
a)	a)
b)	b)
c)	c)
d)	d)
e)	e)
f)	f)
g)	g)

Let op dat daar in vers 5 gesê word dat ons gered word op grond van sy genade en nie op grond van ons optrede nie. Let ook op dat die ongelowige mens humanisties is in sy benadering van die lewe. Hy sê daar is nie 'n God nie ... en dan tree hy op asof daar nie 'n God is nie.

b) Die dienskneg se optrede teenoor die huigelaar se optrede

Die huigelaar se optrede is radikaal anders as dié van die dienskneg. Sy optrede verskil ook van dié van die ongelowige. Die huigelaar sê daar is 'n God ... maar hy tree nie op asof God bestaan nie.

a. Die volgende uittreksel kom uit *Shadow of the Almighty* deur Elizabeth Elliot. Sy haal eers die apostel Johannes aan en skryf dan oor die goddelike beginsels wat deur haar man, Jim Elliot, 'n gemartelde sendeling, uitgeleef is.

"It is only when we obey God's law that we can be quite sure that we really know him. The

man who claims to know God but does not obey his laws is not only a liar, he lives in self-delusion. In practice, the more a man learns to obey God's laws, the more truly and fully does he express his love for Him. Obedience is the test of whether we really live 'in God' or not. The life of a man who professes to be living in God must bear the stamp of Christ.

"These words, written about 90 AD in the First Epistle of John, embody the radicals of Jim Elliot's life. Obedience leads to knowledge. Obedience is the expression of love to God. Obedience means that we live in God. And if we live in Him, our lives bear the stamp of Christ."[19]

b. Die huigelaar mislei homself; hy maak daarop aanspraak dat hy God ken, maar hy is nie gehoorsaam nie. Egte huigelary sê dat iets waar is en tree dan op asof dit nie waar is nie. Om die merk van Christus te dra, moet daar 'n verhouding wees tussen dit wat ons bely as waar en hoe ons lewe.

c) As ons eerlik is met onsself sal ons agterkom dat ons dikwels in die kategorie van die huigelaars val. Lees Lukas 18:9-14. Ons moet saam met die tollenaar uitroep: "_____ _____."

Die dienskneg se roeping – om waardig te lewe

1. Die Bybel gebruik die frase, *wandel op 'n waardige wyse* en *gedra julleself op 'n waardige wyse*.

Wandel of *gedra* verwys na 'n lewenstyl. Ons lewenstyl, of optrede moet waardig aan iets wees.

Wat beteken die woord *waardig*?

a) In Grieks is die woord "*aksios*".

b) Die Engelse woord "*axis*" kom direk van hierdie Griekse woord af. "*Axis*" verwys na die punt van balans.

c) "*Aksios*" beteken letterlik *verdienstelik*, *vergelykend* of *waardig*.

d) Die woord "*aksios*" teken die prentjie van 'n skaal op die markplein. Die handelaar bepaal die waarde van 'n artikel op die mark deur middel van die skaal. In die een bak van die skaal word die handelsware geplaas (byvoorbeeld graan). In die ander bak word die gewigte geplaas.



Die handelaar sowel as die koper wil seker maak van die waardigheid of waarde van die handelsware.

2. Soos ons met hierdie Bybelstudie vorder, sal ons agterkom dat God iets aan ons gegee het en Hy verwag dat ons *waardig* die gawe wat ons ontvang het moet wandel – ons optrede moet vergelyk met die geskenk wat Hy vir ons gegee het.

Die gewig van God se gawes

Ons optrede moet die skaal laat begin kantel om waardig die gewig van genade te wees.

3. Lees Efesiërs 4:1-3; Filippense 1:27; Kolossense 1:10 en 1 Tessalonisense 2:10-12. Skryf die gawes neer waarmee ons lewenswandel in ooreenstemming moet wees.

   a) Gawes van God

   b) Hoe gaan waardig lewe aan hierdie gawes ons lewenstyl en optrede beïnvloed?

4. Is dit moontlik om 'n volmaakte balans op die skaal te kry en om waardig die gawes van God te lewe? Hoekom of hoekom nie?

   As jy dink dat dit heeltemal onmoontlik is, dink jy dit het nog sin om enigsins te probeer om waardig aan die gawes van God te lewe? Hoekom of hoekom nie?

5. 'n Ander manier om agter te kom wat die verhouding tussen God se roeping en ons lewenstyl is, kan in die volgende pare verse gesien word. Lees die gedeeltes en vul die antwoorde in.

a) Efesiërs 1:4 – God het ons uitverkies om ...

Efesiërs 4:24 – ... lewe as nuwe mense ...

b) Efesiërs 1:5 – God het in sy liefde ons beskik om ....

Efesiërs 5:1 – Daarom ...

6. In sy genade het God sekere dinge vir die gelowige in Christus waar verklaar. Ons moet in die werklikheid van daardie waarhede lewe. Voltooi die volgende lyste:

GOD HET VERKLAAR:	DAAROM MOET EK SO LEWE:
Ek is sy kind	'n godvrugtige lewe
Ek is regverdig in sy oë	_____
Hy het my _____	liefdevol
Ek het hoop in Hom	_____
Ek het vergifnis	_____
Ek is _____	regverdig

Opsomming: God se optrede is in ooreenstemming met sy karakter. As ons deur Jesus Christus in harmonie met God is, sal ons optrede dit weerspieël. Die dienskneg is deur Christus vry om waardig te lewe.

Die aard van die dienskneg se optrede – godsvrug

Paulus se eerste brief aan Timoteus is 'n brief van 'n pa aan 'n seun, van 'n volwasse gelowige aan 'n jong gelowige, van 'n ou dienskneg aan 'n jong dienskneg. In hierdie brief wys God vir ons die aard van die dienskneg se optrede deur die lewens van Paulus en Timoteus.

1. Lees 1 Timoteus 3:14-15. Hoekom skryf Paulus hierdie brief aan Timoteus, die jong dienskneg?

2. Lees 1 Timoteus 4:12. Alhoewel Timoteus 'n jong man is, is daar genoeg rede hoekom mense na hom moet opkyk. Paulus spoor Timoteus aan om 'n voorbeeld van 'n godvresende mens te wees. Op watter terreine wil Paulus hê moet Timoteus 'n voorbeeld wees?

3. Wat 'n godvresende optrede betref, gaan die bespreking in hierdie brief oor twee terreine – algemene karakter en verhoudings.

   a) Algemene karakter: Paulus het Timoteus beveel om godvresende manne te vind om leiers in die kerk in Efese te wees. In hierdie opdragte het hy 'n lys gemaak van die moreel-spirituele kwalifikasies van godvresendheid. Aangesien Paulus hierdie karaktereienskappe gebruik as standaard vir godvresendheid, kan ons aanvaar dat hulle ook die gewensde karaktertrekke behoort te wees van alle diensknegte, nie net van kerkleiers nie.

      Lees 1 Timoteus 3:1-7. Skryf hierdie godvresende karaktereienskappe in jou eie woorde neer.

   b) Verhoudings:

      i. Lees 1 Timoteus 5:1-2. Skryf in jou eie woorde die Christen se optrede in hierdie vier basiese verhoudings neer:
         a. Ouer mans

         b. Jonger mans

         c. Ouer vroue

         d. Jonger vroue

      ii. Gebruik 'n konkordansie of 'n Bybelse woordeboek om die woord *reinheid* te bestudeer. Skryf 'n definisie neer.

         Hou die morele klimaat van vandag in gedagte en sê wat die implikasies van 1 Timoteus 5:2 inhou rakende die behandeling van jonger vroue.

Ontwikkel die dienskneg se optrede

Godvresendheid is nie iets wat outomaties gebeur nie. Dit is soos om te leer loop of motor bestuur; dit verg tyd, moeite en oefening. Die Heilige Gees is in die gelowige teenwoordig en Hy gee die krag, die motief en die voorbeeld. Maar die gelowige se verantwoordelikheid is om onder leiding van God die gedrag van 'n dienskneg te ontwikkel.

1. Die “metode”

   a) Gebruik ’n woordeboek om die woorde *dissipel* en *dissipline* te bestudeer. Skryf ’n definisie vir elkeen van hierdie woorde:

      i. Dissipel

      ii. Dissipline

   b) Gebruik ’n konkordansie of ’n Bybelse woordeboek om die woord *oefening* of *afrigting*, wat in 1 Timoteus 4:7-8 geskryf staan, te bestudeer. Wat is die betekenis van hierdie woord?

      Let op dat *dissipline* die basiese begrip van die woord is.

   c) Wat is die verhouding tussen die volgende?

      i. Dissipelskap en dissipline

      ii. Dissipline en godvresendheid

2. Die “oefening”

   God het aan ons ’n drievoudige beginsel gegee om ’n godvresende optrede te beoefen. Lees Romeine 12:1-2 en Efesiërs 4:22-24.

   In albei hierdie gedeeltes beskryf Paulus ’n drievoudige proses om ons optrede te verander van dit wat nie godvresend is nie na dit wat godvresend is. Indien nodig, skryf elkeen van hierdie gedeeltes in jou eie woorde neer om agter te kom wat God sê.

   Skryf in jou eie woorde die drievoudige verhouding in albei hierdie gedeeltes neer.

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Ek druk dit julle op die hart, ek wat ’n gevangene is omdat ek die Here dien:
Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.

Efesiërs 4:1

Jou aandeel

1. Die Persoonlike Evaluering wat in Bylaag 1 aan die einde van die Bybelstudies gegee word, is 'n samestelling van die karaktertrekke wat in 1 Timoteus 5:1-2, 1 Timoteus 3:1-9 en Titus 1:5-11 genoem word. Dit moet gebruik word om die sterk en swak punte in jou lewe te evalueer. Maak vyf afskrifte van hierdie vorm. Jy moet een afskrif invul. Gee 'n afskrif aan jou beste vriend, nog een aan 'n familielid en 'n vierde aan jou predikant of pastoor. Vra hulle om die vorm eerlik in te vul en so gou as moontlik aan jou terug te gee.

2. Gebruik die vorms en kies een van die swakhede in jou optrede en pas die drievoudige beginsel wat jy hierbo by punt 2 (p. 74) ontdek het toe.

   a) Skryf die goddelose praktyk neer wat jy moet laat staan.

   b) Skryf verskillende Skrifgedeeltes neer wat handel oor hierdie saak soos wat Christus wil hê jy dit moet hanteer.

   c) Skryf die godvresende praktyk neer wat jy moet aanleer.

3. Bid dat God jou hierin sal help en vra 'n vriend om jou aan te moedig.

4. Wat kom jy uit die vorms agter is jou sterkste punt? Hoe moet jy dit gebruik om ander te help wat saam met jou dien?

5. Wat kom jy uit die vorms agter is jou swakste punt? Hoe kan ander mense jou ten opsigte hiervan help?

NB: Skeur asseblief die *Persoonlike evaluering*-vorm agter in die boek uit. Maak afskrifte en versprei dit soos wat aangedui is in *Jou aandeel*-afdeling hierbo.

Hoofstuk 10

Die persone vir wie ons dien

Vorige Bybelstudie

In die vorige Bybelstudie het ons ondersoek ingestel na hoe ons lewenstyl as diensknegte van Christus behoort te wees en hoe ons kan begin lewe in ooreenstemming met ons roeping.

Voorskou

Ons nader die einde van hierdie reeks Bybelstudies, daarom begin ons fokus op die twee groot vrae – "Vir wie dien ons?" en "Hoe dien ons?" In hierdie Bybelstudie gaan ons die eerste vraag aanspreek – "Vir wie dien ons?"

Ken en doen

Ons sal tot die begrip kom dat ons elke soort mens moet dien. Ons sal iemand buite ons normale vriendekring identifiseer vir wie ons op 'n praktiese manier gaan dien.

Studie

In sy liedjie *Slow Train Coming* bekyk Bob Dylan die spektrum van mense en kom tot die slotsom dat dit nie saak maak wie jy is nie, *You gotta serve somebody. It may be the devil, or it may be the Lord, but you're gonna serve somebody*.

Die apostel Paulus het dieselfde uitspraak 2 000 jaar gelede gemaak. Lees 1 Tessalonisense 1:9.

Van nature is ons mense daarop ingestel om onsself te dien. In Christus vind ons egter die Mens wat gekom het om ander te dien. As volgelinge van Hom behoort ons diens ook om ander mense te draai. Ons moet in die eerste plek ons Skepper en Verlosser dien, en in die tweede plek ons naaste.

Prioriteit #1 – Om God te dien

1. Lees Psalm 100.

    a) Vir wie moet ons dien? (vers 2)

    b) Hoe moet ons Hom dien? (vers 2)

    c) Hoekom moet ons Hom dien? (vers 5)

2. Lees Kolossense 3:23.

   a) Op watter manier moet ons ons diens verrig?

   b) Vir wie behoort ons dit te doen?

   c) Vir wie behoort ons dit nie te doen nie?

3. Soos ons in die Bybelstudie oor ons motivering om te dien, geleer het, behoort ons grootste motivering te wees om dankbaarheid aan God te bewys vir sy liefde.

   a) Lees 1 Johannes 4:19. "Ons het lief omdat _____."

   b) Lees Kolossense 3:17. "En wat julle ook al sê of doen, _____ en _____ dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank _____."

Die sentrum van ons eerste en primêre kring van diens is God.



Ons aanbid God wanneer ons Hom en ander mense dien; ons dien Hom ook wanneer ons Hom aanbid. Soms kan ons besig wees om te dien ons fokus van die middelpunt van die sirkel – God – af wegneem. Ons moet onthou dat God ons tye van gebed, lofprysing en Bybellees begeer omdat dit ook diens aan Hom is. Lees Psalm 119:15-16. Wat beteken dit vir jou lewe?

Prioriteit #2 – Om die gesin te dien

In die Groot Opdrag (Matt 28:16-20) sê Jesus dat "alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is". Wanneer Hy aan sy dissipels die reg gee om sy gesag te bedien, beteken dit eintlik *vryheid om te dien*. Normaalweg beskou ons gesag as die mag om te regeer. Christus het ons *vrygemaak om te dien*.

1. Die gesin van God

   God het 'n prioriteit in ons diens aan mede-Christene daargestel. Lees 1 Tessalonisense 5:14-15 en Galasiërs 6:10. Wat is daardie prioriteit?

2. Ons “menslike” gesin

    1. Lees Efesiërs 5:22, 25 en 6:1-4. Watter naaste gesinslede dien? Vir wie dien hulle?

        _____ dien _____; en _____ dien _____; en _____ dien _____.

        Dit word in Efesiërs 5:21 opgesom, waar daar geskryf staan: “_____”

    2. Lees 1 Timoteus 5:4, 8, 16. Hoe belangrik is dit vir God dat ons na ons gesin sal omsien? As ons dit nie doen nie, wat sê Hy oor ons?

        Terwyl ons eerste fokus van diens op God gerig is, is die tweede kring van diens die gesin – die gesin van God en ons eie “menslike” gesin:



Prioriteit #3 – Om ons medemens te dien

Ons derde prioriteit van diens is om ons medemens te dien – daardie mense buite ons geloofsgenote. Hoe groot behoort daardie sirkel te wees? Wat is die grense daarvan?

1. Lees Romeine 1:14.

    a) Teenoor wie staan Paulus onder ’n verpligting?

    b) Hoekom staan hy, na jou mening, onder ’n verpligting?

2. Lees 1 Korintiërs 9:19-23. Hoe het hierdie waarheid Paulus se lewenstyl beïnvloed?

3. Lees Genesis 1:27. Let op dat die Bybel ons leer dat alle mense na die beeld van God geskep is. Ons moet hulle almal behandel asof hulle werd is om ’n beelddraer te wees. Is daardie gedagte ’n kragtige motivering vir ons om ons medemens te dien?

4. Lees Galasiërs 5:13-14. Ons is in Christus vry. Ons moenie _____, maar ons moet _____.

5. Lees Lukas 10:25-37, die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

   a) In vers 25-26 probeer 'n kenner van die Joodse wet Jesus uitvang. Hy vra: "Wat moet ek doen om _____ te hê?" Dit is 'n akademiese vraag. Wanneer 'n mens die oorspronklike taal en kulturele gedagtewêreld in ag neem, kan die vraag eerder soos volg gestel word: "Watter een ding moet ek doen om die ewige lewe te hê?" Christus het, soos Hy gewoonlik gedoen het, die vraag nie beantwoord nie maar met 'n vraag gereageer. "Wat staan in die wet geskryf?" Die wetsgeleerde het met Deuteronomium 6:5 (Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou kragte) en met Levitikus 19:18 (Jy moet jou naaste liefhê soos jouself) geantwoord. Let op na die verband wat daar gestel word tussen die liefde vir God en die liefde vir die naaste.

   b) Christus erken dat die wetsgeleerde die regte antwoord op die akademiese vraag ken (Luk 10:28). Maar Christus laat dit nie daar nie. 'n Blote verstandelike begrip was vir die wetsgeleerde nie genoeg nie, en vandag is dit vir ons ook nie genoeg nie. Ons moenie aanvaar dat alles reg is wanneer ons die regte akademiese antwoord ken nie.

   c) Lees Levitikus 18:5, waarna Jesus in sy gesprek met die wetsgeleerde verwys wanneer Hy sê: "Doen dit en jy sal lewe." Jesus se antwoord is nie akademies nie; dis prakties. In die Griekse teks het hierdie antwoord meer krag. Dit beteken "Ek beveel jou om God en jou naaste aanhoudend lief te hê – elke oomblik van elke dag – en jy sal die ewige lewe hê."

      i. Is dit moontlik?

      ii. In watter posisie het dit die wetsgeleerde gelaat?

      iii. Lees Lukas 10:29. Wat het die wetsgeleerde probeer om te doen?

      Om dit te doen het die wetsgeleerde 'n tweede akademiese vraag gestel: "Wie is my naaste?" Indien Jesus *naaste* sou definieer as *my beste vriend* of *my buurman*, dan sou die wetsgeleerde kon redeneer dat hy miskien aan die vereistes kon voldoen. Hy het gedink: "Met genoeg grense, kan ek miskien vir die hemel kwalifiseer."

d) Lees Lukas 10:30-35. Om die wetsgeleerde te antwoord het Christus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel.

   i. Stel jouself die twee “goeie” Joodse godsdienstige leiers voor wanneer hulle hierdie stukkende en seremonieel onrein Joodse man nader. Hulle is haastig om hulle godsdienstige pligte na te kom. Om hulle gebrek aan belangstelling te regverdig het hulle seker hierdie reël toegepas: “Is hy my _____ ? ____!

   ii. Aan die ander kant, die Samaritaan het die beseerde Jood gesien, sy natuurlike vyand, en hy het hom jammer gekry. Sy vraag moes gewees het: “Sê nou hierdie man is my _____?”

   iii. Watter vraag is jy geneig om te vra wanneer jy iemand in nood sien?

   iv. Verwoord bogenoemde vraag vir jouself as jy probeer om jouself te regverdig hoekom jy die persoon nie gaan help nie.

e) Lees Lukas 10:36-37. Jesus het die wetsgeleerde se vraag met ’n ander een beantwoord. Let op die twee vrae:

   i. Die wetsgeleerde se vraag: “_____ is my naaste?”

   ii. Christus se vraag: “___ van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?”

f) Christus het *naaste* van passiewe persoon na ’n aktiwiteit verander. Hy het dit van ’n akademiese vraag na ’n praktiese handeling verander.

   i. “na naaste”

   ii. “naburig”

   iii. “om naaste te wees”

g) In Lukas 10:36-37 impliseer Jesus dat die *naaste* nie die beseerde Jood is nie, maar die goeie Samaritaan, omdat die Samaritaan *naburig* was. Die vraag van Christus oor wie van die drie mans ’n naaste vir die beseerde man was, beskryf die aktiwiteit van die Samaritaan. Wat het die Samaritaan gedoen?

h) Hierdie aktiwiteit was gerig tot 'n Jood, die natuurlike vyand van die Samaritaan. John Stott het gesê: "The attempt to restrict those to whom we have to love and serve is a posture of Pharisees, not Christians."[20]

i) "Wie is ons naaste?" – die mens met 'n behoefte wat die Here oor ons pad bring! "Wie is die behoeftige persoon se naaste?" – ons is, wanneer ons hom dien en hom help in sy nood. Ons moenie 'n "verlossing-ingesteldheid" hê deur te dink dat ons alle mense in die wêreld van hulle probleme moet verlos nie, maar ons moet God gehoorsaam deur toepaslik te reageer op werklike nood en geleenthede van diens wat Hy vir ons gee.

Ons sirkel van diens lyk nou so:



'n Verdere verstaan van die naaste vir wie ons dien

Tot dusver het ons gesien dat ons God, ons Christelike en naaste familie en ons *naaste* moet dien. Binne die sirkel van diens aan ons naaste, word ons spesifiek beveel om die vreemdeling, die uitgeworpene, ons vyande en die armes en behoeftiges te dien.

1. Die vreemdeling

'n Ander woord wat help om te definieer vir wie ons dien, is die woord *gasvryheid*.

a) Gebruik 'n woordeboek en definieer *gasvryheid* en vind sinonieme.

b) Die Griekse woord vir *gasvryheid* is "*philoxenos*". Wat kan ons leer uit die betekenis van die woord *gasvryheid* in die tyd toe die Nuwe Testament geskryf is? Hier is die betekenis van die twee Griekse woorde waaruit die woord "*philoxenos*" saamgestel is:

   i. *philo* – liefhebber van, gek oor, vriend van, een wat 'n gevoel het vir

   ii. *xenos* – uitlander, buitelander, vreemdeling

   "*Philadelphia*" beteken *liefhebber van 'n broer*, "*philanthropia*" beteken *liefhebber van mense* en "*philosophia*" beteken *liefhebber van wysheid*. Gee die direkte vertaling van "*philoxenos*", die Griekse woord wat ons met *gasvryheid* vertaal.

c) Wat is dan die verskil tussen ons begrip van gasvryheid en die Bybelse begrip daarvan?

d) Diens aan ons naaste sluit in diens aan die vreemdeling.



2. Die uitgeworpene

a) Lees Handelinge 10:1-48.

i. As ’n goeie Jood, wat was Petrus se gesindheid teenoor ’n nie-Jood? (vers 14, 28)

ii. Dink jy dat Petrus ooit gehoor het toe Jesus van die barmhartige Samaritaan vertel het?

iii. Indien wel, wat moes hy uit die gelykenis geleer het?

iv. Kan ’n mens uit Handelinge 10:9-17 aflei of hy wel die les geleer het?

v. Is ons ook soms stadig om God se waarhede te begryp?

vi. Hoeveel keer het Petrus die gesig gesien?

vii. Wat was Petrus se reaksie? (vers 17a)

viii. Watter omstandighede het God beskik om vir Petrus die praktiese les te leer? (vers 17b-22)

b) Kan jy mense identifiseer wat jy reken “onrein” is? (Byvoorbeeld: mense met ’n spesifieke lewenstyl of geloof, mense van sekere etniese, sosiale of rasseagtergrond, mense met sekere siektes, probleme of tekortkomings, of mense van ’n spesifieke ouderdomsgroep)

Is dit vir jou moontlik om tot God te bid om vir jou ’n gewillige hart te gee om die “uitgeworpenes” in jou lewe te dien?

Die uitgeworpene, die “onrein” persoon, is binne ons derde sirkel van diens:



6. Ons vyande

Die dienskneg se roeping gaan verder as om die te dien wat hy nog nie ontmoet het nie (vreemdeling) en die met wie hy nie goed oor die weg kom nie (uitgeworpene). Christus roep ons tot 'n lewenstyl wat in die oë van die wêreld belaglik is – Hy roep ons om ons vyande lief te hê! Dit is een ding om jou vriende lief te hê, maar dit is heeltemal 'n ander saak om hulle wat jou haat te dien. Dit is nog erger om te ontdek dat God wil hê dat ons mense moet dien en liefhê van wie ons nie eintlik hou nie!

Ons Here beskryf die dienskneg se ingesteldheid in die Bergrede. Lees hierdie beskrywing in Matteus 5:3-48 en Lukas 6:20-49. Die dienskneg moet verder as <u>wederkerigheid</u> gaan.

a) <u>Wederkerigheid</u> vind plaas wanneer twee mense 'n gemeenskaplike oordrag van emosies en aksies met mekaar het.

   i. "Wederkerigheid" was die leer van die humanistiese Jood in Christus se tyd. Twee vorme van wederkerigheid word in Matteus 5:43 genoem:

      a. Beloning: "Jou naaste _____."

      b. Vergelding: "_____ moet jy haat."

   ii. Samuel Johnson het gesê: "Kindness is generally reciprocal; we are desiring to please others because we receive pleasure from them." Is dit waar in jou lewe?

iii. Watter twee voorbeelde van wederkerigheid gee Christus in Matteus 5:46-47?

a.

b.

b) Christus se oproep is verby wederkerigheid na "*agape*", wat 'n manier van gee is, 'n eenrigtingliefde. "*Agape*"-liefde verwag dat ons mense eensydig moet dien, ongeag of hulle ons dien of liefhet. Christus wil hê dat sy volgelinge inisieerders van liefde en diens moet wees, nie vergeldenaars nie. In Matteus 5:44 gebruik Christus die woord *maar* om sy onderrig in te lei. Wat leer Hy ons oor ons verhouding met ons vyande?

c) Kyk na Lukas 6:27-31. In hierdie verse vind ons sewe moontlike teenstrydighede. Stel die mens se natuurlike reaksie – vergelding – teenoor die Goddelike reaksie – inisieer liefde en diens:

	Mens se reaksie	**Goddelike reaksie**
Tipe persoon	Vergelding	Inisieer
Vyande	verafsku	_____
Haters	_____	doen goed
Vervloekers	_____	_____
Misbruikers	buit uit	_____
Bedelaars	vermy	_____
Diewe	_____	vra nie die goed terug nie

Wanneer ons ook al onreg of ongemak ly, moet ons ons reaksie baseer op "wat is die beste vir die persoon deur wie ons onreg ly" en nie op wat ons natuurlike geaardheid die meeste tevrede stel nie, naamlik om te vergeld.

Binne die derde sirkel van diens aan ons naaste is diens aan ons vyande:



7. Die armes en behoeftiges

Die Bybel leer ons baie keer oor ons verantwoordelikheid teenoor die armes en behoeftiges. God se hart is oop vir die armes en behoeftiges en ons het 'n duidelik omskrewe roeping:

a) Lees Jakobus 2:15-18. Hoe moet ons optree teenoor die mens wat fisiese nood beleef?

b) Lees Jakobus 1:27. Noem twee van die kategorieë mense wat die hulp van die Liggaam van Christus nodig het.

i.

ii.

Verwag God dat ons hulle moet dien?

c) Lees Jesaja 58:6-7. Oor watter ander behoeftige mense is God besorg? God neem dit ook aan as diens aan Hom. Eintlik noem Hy dit die soort van _____ wat Hy verkies (vers 6).

d) Lees Matteus 25:31-46. Watter kategorieë van armes en behoeftiges noem die Koning? Wanneer ons die behoeftiges dien, doen ons iets wat noodsaaklik is in die oë van die Here? Doen ons iets meer as wat dit op die oog af lyk? Indien wel, wat? Doen Jesus meer as net om die behoeftiges lief te hê? Identifiseer Hy Homself met hulle? Wat beteken dit?

Suster Mary Theresa van die *Sisters of Charity* beskryf die mense wat hulle dien so:

> "The poor, the unwanted, the dying – for us they are Jesus. Because God cannot tell us a lie – and Jesus said: "This is my Body. Whatever you do to these least of my brethren, you do to Me." So we touch Him twenty-four hours a day in His broken Body, in His often terrible disguise ... we touch Him with our compassion."[21]

Ons het geleer dat ons geroep is om die armes en behoeftiges te dien en dat dit (a) geloof in aksie, (b) suiwer en opregte godsdiens, (c) die vas wat Hy verkies en (d) 'n diens aan niemand anders nie as aan die Koning self is.

e) Wat is die gevolge daarvan om nie die armes en behoeftiges te dien nie? (Matt 25:45-46a)

f) Wat is die voordele daarvan om die armes en behoeftiges te dien?

i. Ons was gehoorsaam aan God en het Hom gedien.

ii. Die mense vir wie ons gedien het, het nie meer so 'n groot behoefte as wat hulle gehad het nie.

iii. Die behoeftiges leer maniere ken om hulleself en ander te help.

iv. Hulle kan Christene word.

v. Ons kan baie by hulle leer.

vi. Van die voordele wat in Jesaja 58:8-14 genoem word.

vii. Van die voordele wat in Matteus 25:46b genoem word.

DIE VREEMDELING, DIE UITGEWORPENE, ONS VYANDE en DIE ARMES EN BEHOEFTIGES – ALMAL IS NA DIE BEELD VAN GOD GESKEP. Hulle word almal ingesluit in die buitenste sirkel van hulle wat nood het – ons naaste.



Opsomming: vir wie dien ons?

Ons het gesien dat ons God, ons gesin en mede gelowiges, sowel as ander wat in nood is, dien.

1. Ons diens aan mense is eenvoudig 'n konkreet wording van ons liefde vir die Vader en ons dankbaarheid teenoor die Seun.

2. Die mens se natuurlike geaardheid is om die grense van diens in te perk. ("Wat is die minste diens wat hier verwag word?" en "Watter guns sal ek ontvang as ek dit gedoen het?")



3. Christus het egter alles onderstebo gekeer en geleer dat diens geen grense ken nie. (“Hoeveel diens mag ek verrig?” en “Vir wie mag ek dien?”)



Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.
As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer,
is hy ’n leuenaar, want wie sy broer,
wat hy kan sien, nie liefhet nie,
kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.
En hierdie gebod het ons van Hom gekry:
Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.
1 Johannes 4:19-21

Jou aandeel

Sal die wêreldse mense wat jou aanstaar weet dat jy Christus dien deur jou verhouding met God, jou gesin, gelowiges, vreemdelinge, uitgeworpenes, die behoeftiges en die mense wat daarop uit is om jou te benadeel? Hoe sal jy graag jou geloof wil kommunikeer aan die starende wêreld?

Bid en vra God om jou hierin te lei. Vra die Heilige Gees om jou die mense uit te wys wat Hy wil hê jy moet gaan dien.

1. Dink aan iemand buite jou vriendekring:

   a) ’n Vreemdeling (iemand wat jy glad nie ken nie)

   b) ’n Uitgeworpene (’n persoon of groep teenoor wie jy bevooroordeeld is)

   c) ’n Vyand (iemand met wie jy ’n gebroke verhouding het, spanning het, oor wie jy bitter is of teenoor wie jy slegte gevoelens koester – miskien ’n familielid, vriend, spanmaat, of ’n gesagsfiguur)

   d) ’n Behoeftige persoon

2. Bid vir hierdie persoon of groep mense. Vra God om jou te help om hulle hierdie week te dien. As jou verhouding met hulle gebroke is, wees bereid om hulle en God om vergifnis te vra. Druk deur met die vergifnis en dien. Vra ander om jou te ondersteun in gebed en diens.

Hoofstuk 11

Die werk van die dienskneg

Vorige Bybelstudie

Ons staan einde se kant toe met hierdie Bybelstudie oor dienaarskap. Kom ons bid tot God, die Heilige Gees, dat Hy hierdie Bybelstudies sal gebruik om elkeen van ons meer soos ons Here en Dienskneg, Jesus Christus, te maak. Ons het gesien dat daar geen grense is oor wie ons moet gaan dien nie. Alle mense dra die beeld van God en ons Here het gesê: "Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." Daarom, wanneer ons dien, dien ons Christus en dank ons die Vader vir die verlossing wat Hy gegee het.

Voorskou

In hierdie Bybelstudie wil ons na die werk van die dienskneg kyk. Wat moet ons doen? Christus het ons geroep om diensknegte te wees, maar hoe moet ons dien?

Ken en doen

Ons sal sien dat daar baie algemene take in ons diens is, maar daar is ook 'n unieke soort diens na gelang van die gawes en vermoëns van die dienskneg. Ons gaan begin om daardie terreine te identifiseer waarvoor ons in die besonder die gawes ontvang het om te dien.

Studie

Om 'n dienskneg te wees, is primêr 'n saak van lewenstyl. Dit is die funksionering van ons lewens. Ons word nie ingestem om 'n dienskneg te word nie. Om te dien is nie iets eksklusiefs nie. Hierin is ons almal eintlik dieselfde. Om te dien is ons almal se roeping.

Tog is daar iets wat ons nie moet vergeet nie. Elkeen van ons is 'n unieke mens met spesifieke gawes, belangstellings en vermoëns. Ons moet as diensknegte funksioneer binne ons eie persoonlikhede. Ons sal die werk van die dienskneg ondersoek vanuit hierdie twee perspektiewe:

1. Om te dien is 'n algemene opdrag aan alle gelowiges

2. Elkeen dien binne die raamwerk van sy en haar eie individualiteit

Die algemeenheid van diens

1. Om te dien is algemeen vir alle Christene

   Die werk van 'n dienskneg is 'n opdrag wat alle Christene het. Ons het immers gesien dat *Christen* en *dienskneg* sinonieme is. Psalm 100 sê:

   "Juig tot eer van die Here, almal op aarde!
   <u>Dien</u> die Here met blydskap!
   Kom voor Hom met gejubel!"

   Dit is 'n algemene oproep vir Christene; ja, selfs vir alle skepsels.

2. Om te dien is algemeen in alle verhoudings

   Die werk van die dienskneg is algemeen. Dit moet in alle verhoudings gedoen word.

   a) In die mees basiese verhoudings in die lewe behoort die dienaarskap van Christus konkreet te word in die manier waarop ons teenoor mense rondom ons optree. In die 10de Bybelstudie het ons gesien dat elke gesinslid die ander gesinslede moet dien. Lees nou Kolossense 3:17-22 en kyk hoe elkeen dien:

      Vers 18 – vroue

      Vers 19 – mans

      Vers 20 – kinders

      Vers 21 – vaders

      Vers 22 – slawe/werknemers

   b) Die Christen behoort enige persoon in enige situasie te dien. Geen situasie is onbelangrik of so uitsonderlik nie en geen persoon is so hoog of so minderwaardig dat hy/sy nie kan dien nie.

3. Om te dien is doodgewone werk

Die dienskneg se werk is doodgewoon – dit is werk wat enigeen kan doen.

a) In 1 Korintiërs 10:31 word ons opgeroep om alles tot eer van God te doen, selfs die alledaagse werk.

   i. Watter dinge word genoem as voorbeeld van hierdie werk?

   ii. Hoekom dink jy het Paulus sulke algemene voorbeelde gekies in plaas van buitengewone voorbeelde?

b) Die Christen word geroep om betekenis te gee aan wat vir die wêreld minderwaardig is.

   Op 'n keer het 'n gesin, wat oor land gereis het, stilgehou by 'n 1930's antieke vulstasie hoog in die Rotsgebergte (Rocky Mountains). Die pa het in die badkamers ingegaan met die verwagting dat die aakligste reuk hom sou begroet. Tot sy verbasing het hy gevind dat die badkamers spoggerig skoon is, selfs met vars snyblomme in 'n vaas by die wasbakke. Die werkers by hierdie vulstasie het gewys dat hulle iets van God se karakter weet.

c) Blaai terug na die eerste Bybelstudie. Kyk weer na die drie woorde wat in die Nuwe Testament gebruik word vir *dienskneg*. Hersien, skryf neer en dink na oor die betekenis van

   i. doulos

   ii. diakonos

   iii. therapon

   Let op dat hierdie woorde bediende- of eenvoudige take beskryf. Wanneer ons dien op die manier wat in die woorde beskryf word, volg ons Christus na en dien ons Hom.

d) "The things that Jesus did were of the most menial and commonplace order and this is an indication that it takes all God's power in me to do the most commonplace things in His way. Can I use a towel as He did? Towels and dishes and sandals, reveal more quickly than anything what we are made of. It takes God Almighty incarnate in us to do the meanest duty as it ought to be done."[22]

e) Maak 'n lys van daardie dinge wat jy as bediendewerk beskou – skottelgoed was, slote grawe, toilette skoonmaak, ens.

f) God roep ons om te dien op maniere wat vir ons moontlik is. Lees Markus 14:3-9.

   i. Wat het die vrou gedoen? (vers 3)

   ii. Wat het Christus van haar optrede gesê? (vers 6)

   iii. Wat het Christus gesê sal hierdie optrede vir die vrou in die sak bring? (vers 9)

   iv. Hoe beskryf Christus dit wat sy gedoen het? (vers 8a)

   v. Indien 'n daad van diens lyk asof dit buite ons bereik is en dit vir ons onmoontlik is om te doen, moet dit alleen so wees omdat ons nie die vermoë het om dit te doen nie. Wanneer ons egter die vermoë het, maar nie dien nie, is dit omdat ons ....

g) Nadia Boulanger, 'n pianis en onderwyser, het gesê:

> "There is nothing boring in life except ourselves. The most humble work does not have to be boring. I remember Madame Duvall, the old woman who cleaned the floor in my place in Gargenville. I think of her with profound respect and reverence. She was 80 years old. One day she knocked at my door and said, 'Mademoiselle, I know you don't like to be disturbed, but the floor, come and see it, it shines.'
>
> "In my mind, Stravinsky and Madame Duvall will appear before the Lord for the same reason. Each had done what he does with all his consciousness. When I said this to Stravinsky, who knew Madame Duvall, he said, 'How you flatter me, for when I do something, I have something to gain. But **she,** she has only the work to be well done.'"[23]

h) Soms rus ons opvoeding en onderrig ons nie toe vir diens nie, maar ons gewilligheid, nederigheid en onderrigbaarheid rus ons wel toe. Vir hierdie taak is ons beskikbaarheid meer belangrik as ons vermoë. Daar is nog 'n ander dinamiese element – ons is nie alleen nie!

i. Lees Handelinge 4:13. Wat het mense van Petrus en Johannes agtergekom?

ii. Lees Hebreërs 13:20-21. Waarmee sal God ons toerus?

(Let op dat dit dieselfde krag van God is, wat Christus uit die dood opgewek het, wat Hy gebruik om ons toe te rus!)

iii. Lees Johannes 14:26. Hoe rus die Heilige Gees ons toe?

i) Die soort "vas" (aanvaarbare diens) wat God verkies is diensknegwerk. Kyk weer na Jesaja 58:1-7. In hierdie gedeelte veroordeel Jesaja die rebellie en sondigheid van God se volk. Hulle het berou en soek God deur te vas en deur hulleself te "verneder". God verwerp dan hulle vas en sê dan vir hulle wat sy vas behels. Skryf die eienskappe van elke soort vas neer:

	<u>Die vas wat mense verkies</u> (vers 3-5)	<u>Die vas wat God verkies</u> (vers 6-7)
i.	_____	_____
ii.	_____	_____
iii.	_____	_____
iv.	_____	_____

j) In sowel die Ou as die Nuwe Testament sien ons dat God sy mense gaan oordeel op grond daarvan of hulle hulle aangewese werk of diens gedoen het of nie. Kyk weer na Matteus 25:34-40 en let op dat Jesus al die mense van die aarde oordeel volgens hoe hulle Hom gedien het.

i. Op watter manier, sê Jesus, het die regverdige mense Hom gedien? (vers 35-36)

ii. Op watter van hierdie maniere het jy die afgelope maand gedien? Jou antwoord kan óf 'n letterlike óf 'n figuurlike betekenis hê. Byvoorbeeld, jy kon iemand in die gevangenis besoek het – iemand wat gevange is in 'n tronk of deur depressie.

iii. As jy nie op hierdie maniere gedien het nie, wat het jou verhinder om so te dien?

4. Om te dien het ’n algemene basis – liefde

a) Lees 1 Johannes 3:16-18.

i. Hoe weet ons wat liefde is? (vers 16a)

ii. Wat behoort ons dan te doen? (vers 16b)

iii. Hoe moet ons nie liefhê nie? (vers 18)

iv. Hoe behoort ons te dien/lief te hê? (vers 18)

v. Wat is die implikasies vir die mens wat die wêreldse besittings het, sy broer sien gebrek ly maar geen gevoel vir hom het nie? (vers 17)

vi. Noem sommige van die dinge wat ons behoort te deel:

	Ons het ...	Ons broer het ...
a.	Mediese kennis/hulp	Siekte
b.	Kennis	Onkunde
c.	_____	_____
d.	_____	_____

vii. Beteken dit dat die dienskneg ’n verantwoordelikheid het wanneer hy oor hierdie hulpbronne beskik? (kyk na Matteus 25:21)

b) Lees 1 Korintiërs 13:4-8a.

Hierdie gedeelte beskryf die lewenstyl van die dienskneg in verhouding met ander mense.

Skryf op die volgende kaart die eienskappe van liefde neer en gee ’n praktiese voorbeeld vir elkeen:

	Eienskappe	Praktiese voorbeelde
i.	_____	_____
ii.	_____	_____
iii.	_____	_____
iv.	_____	_____
v.	_____	_____
vi.	_____	_____
vii.	_____	_____
viii.	_____	_____

5. Die Christen moet in alle omstandighede, met alles wat hy is en het, ’n dienskneg wees. Dienaarskap is ’n algemene taak wat groot waarde in die oë van God het.

Die uniekheid van die individu se diens

Elkeen van ons het dieselfde roeping – diens. Tog verskil ons van mekaar wanneer dit kom by ons individuele gawes, belangstellings en vermoëns waarmee ons dien. God het aan elkeen van ons geestelike gawes gegee (Rom 12:6; 1 Kor 12:4, 11 en Efes 4:8). Hy het ook aan ons sekere “natuurlike” belangstellings en vermoëns gegee – dinge wat eie is aan ons persoonlikheid en karakter wat nie algemeen by alle Christene is nie. Hierdie belangstellings, talente en gawes lei ons in die rigting van ons “unieke diens”. Terwyl ons dit in gedagte hou, hoe behoort ons ons dienswerk te doen?

1. Eenheid en verskeidenheid in die liggaam van Christus

   a) Lees 1 Korintiërs 12:4-6. Die kerk – die liggaam van Christus (eenheid) – is saamgestel uit baie dele (verskeidenheid).

b) Volgens hierdie gedeelte is daar ...

	Verskillende soorte	Maar dieselfde
i.	_____	_____
ii.	_____	_____
iii.	_____	_____

c) 1 Korintiërs 12:4-6 impliseer 'n oneindige verskeidenheid kombinasies van gawes, dienste en uitwerkings. Aan elke Christen is ten minste een gawe gegee. Baie verskillende bedienings of dienste kan voortvloei uit daardie een gawe en elkeen van die spesifieke bedienings kan 'n ontelbare aantal uitwerkings in ander mense se lewens hê.

d) Lees 1 Korintiërs 12:7 en Efesiërs 4:11-13. Wat is die doel van die verskeidenheid gawes?

Ons moet ander in die liggaam van Christus komplementeer. Terselfdertyd moet ons ons eie unieke gawes en styl van diens bevestig. Ons is vry in Christus. Ons hoef nie enigiemand anders se gawes te kopieer nie. Elkeen van ons is uniek, een van 'n soort. God maak nie klone nie.

2. Jou unieke gawes

Wat is jou unieke gawes en vermoëns? Wat maak jou diens spesiaal? Watter soort werk het die Vader vir jou om te doen?

a) Lees Johannes 17:4. God het 'n spesifieke werk vir Christus. Lees Galasiërs 1:15-16. Wat het Paulus oor sy roeping gesê?
b) In aansluiting by God se algemene wil vir ons (ons algemene diens), het Hy ook 'n spesifieke wil vir elkeen van ons (ons spesifieke diens). Lees Romeine 12:3-8.

Hierdie gedeelte gee vir ons riglyne om ons spesiale terrein en diens te ontdek.

i. Evaluering (Rom 12:3) – "Moenie van jouself _____." Soos ons vroeër gesien het, moet ons 'n akkurate beoordeling van onsself hê. Ons moet onsself sien soos God ons sien ... Ons moenie te veel van onsself dink nie en ook nie te min nie.
ii. Koördinering (Rom 12:4-5) – "Ons het baie lede _____." Ons moet besef dat ons spesiale diens sy volle potensiaal bereik wanneer dit komplementeer en saamwerk met die dienste van ander. Ons moet saamwerk, integreer en koördineer.
iii. Deelneming (Rom 12:6-8) – "laat ons dit gebruik _____." Ons spesiale gawe moet gebruik word, gedeel word in bediening aan ander Christene en aan ons naaste. Daar is 'n direkte verbintenis tussen die mate van ons geloof en die gebruik van ons gawes. Deelneming in bediening beteken dat ons die gawes wat aan ons gegee is, gebruik – hoe meer geloof ons het, hoe meer bruikbaar sal ons gawes wees.

c) God het elkeen van ons spesiaal gemaak vir 'n rede. Hy het 'n plek vir elkeen van ons om te bedien. Dank Hom vir sy kreatiwiteit!

Daar is 'n eenvoudige oefening in die toepassingsgedeelte van hierdie Bybelstudie om jou te help om jou spesiale diens wat God vir jou het, te ontdek.

Manifestering van diens

1. God manifesteer diens aan ons

a) Lees Johannes 3:16, "God het die wêreld so liefgehad dat ...."

i. Hoe anders sou dit gewees het as die vers geëindig het by die woord "liefgehad"!

ii. Wat is die verskil? Dit is die woord *dat*! God het so baie liefgehad dat Hy iets daaraan gedoen het. *Dat* verwys na die manifestering of demonstrasie van sy liefde.

b) Manifestering is om iets wat waar is in 'n nie-materiële sin te vat en die waarheid op 'n fisiese manier te demonstreer.
c) In Michelangelo se skildery van die skepping teen die plafon van die Sistynse Kapel het God so pas vir Adam geskape. Eva is nog net in God se gedagte en nie geskape nie. As God net sou gesê het: "Ek het 'n vrou vir jou in gedagte," hoe anders sou dit gewees het vir Adam? Hoe dink jy sou Adam gereageer het as God haar in sy gedagte gelos het?

d) As God net sou gesê het: “Ek het ’n plan vir redding in gedagte,” watse goed sou dit vir ons beteken het? As God maar net gesê het: “Ek het ’n goeie idee,” waar sou ons vandag gewees het?

e) Lees die volgende verse:

i. 1 Johannes 4:9. Hoe het God sy liefde gemanifesteer?

ii. Johannes 5:17; 14:8-10. Hoe het Christus die Vader gemanifesteer?

2. Die dienskneg se manifesterende diens

a) In die verlede het God Homself gemanifesteer deur die profete en toe deur sy Seun Jesus. Nou het Hy gekies om Homself te manifesteer – Homself bekend te maak – deur die kerk, die liggaam van Christus.

b) In Hebreërs 11:1 kry ons hierdie stelling: “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.”

Watchman Nee het dit so verduidelik: Om te glo is om substansie te gee aan die dinge wat ons sê waar is. Ons sê dat Christus Here is en geloof gee substansie daaraan deur die manier waarop ons lewe.

c) Lees 1 Johannes 2:4-6. Hoe manifesteer ons (gee ons substansie aan die feit) dat ons God dien?

d) Lees Matteus 25:31-40. Hoe manifesteer ons (gee ons substansie aan die feit) dat ons God dien?

e) God manifesteer sy liefde aan ons. Ons kan ons liefde aan Hom manifesteer deur ons diens, in ons gewone take sowel as in ons unieke bedienings.

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

En nou doen ek ’n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God:
Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.
Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.
Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Romeine 12:1-2

Jou aandeel

1. Bid en vra die Heilige Gees om aan jou leiding en wysheid te gee.

2. Skryf op ’n afsonderlike vel papier die dinge neer wat jy van hou om te doen. (Sluit ook die dinge in waarvoor jy ’n belangstelling het, maar nie noodwendig die vermoë voor het nie. Sluit alles in waaraan jy kan dink – kook, lees, praat, houtwerk, stap, ens.)

3. Skryf op ’n ander vel papier die dinge neer wat jy goed kan doen. (Sluit in die dinge waarvoor jy die vermoë het, maar nie noodwendig die belangstelling voor het nie. Sluit alles in waaraan jy kan dink – rekeningkunde, huishou, tale leer, berading, ens.)

4. Vra mense na aan jou (vriende, famielie, predikant, ens.) om te evalueer wat hulle as jou geestelike gawe sien. Sluit ook in wat vriende in die verlede vir jou gesê het.

5. Hierdie drie evaluerings – belangstellings, vermoëns en geestelike gawes – behoort jou ietwat van ’n rigting te gee rakende jou unieke diens. Maak seker dat jy dit koördineer binne die liggaam van Christus en soek na geleenthede om daagliks deel te neem – om die gawes te gebruik.

6. Begin om meer bewus te wees van jou verantwoordelikheid om jou gawes te gebruik. Doen daardie dinge wat jy goed doen; deel dit met ander. As jy dit geniet om te bak, bak brood en gee dit aan iemand. As jy die gawe het om die Woord te verkondig, begin om iemand te leer om ’n volgeling van Jesus te wees of lei ’n Bybelstudie. Kies ’n spesiale terrein van diens waarvoor jy die gawe het – en gebruik dan jou gawes.

7. Kry iemand om saam met jou te bid en jou te ondersteun in jou diens. Gebruik jou gawes hierdie week. Wees verantwoordbaar aan jou gebedsvriend oor hierdie saak.

Hoofstuk 12

Waar dien ons?

Vorige Bybelstudie

Daar is ’n tema in hierdie reeks Bybelstudies wat teen dié tyd sekerlik al duidelik is. In die eerste Bybelstudie, oor ambisie, het ons gesien dat dit ons roeping is om ’n dienskneg te wees. Ons het verder ook gesien dat diens ’n lewenstyl is. Daarom moet ons nie vra: “Wie is my naaste?” nie, maar “Wat is die behoefte?” Ons het in ’n onlangse Bybelstudie gesien dat die opdrag om te dien vir alle Christene geld, en dit is algemeen vir al ons verhoudings en algemeen in die werk.

Voorskou

Die vraag waarmee ons in hierdie Bybelstudie te doen kry, is: “Waar dien ek?” In die lig van alles wat ons tot dusver geleer het, is die antwoord: “Waar ek ook al is!” Ons gaan die volgende dinge ondersoek:

1. Die vraag oor ontplooiing: **Nie wie** nie? – maar **waar**?

2. Die vraag oor gehegtheid: **Nie van** nie – maar **in**

3. Die vraag oor betrokkenheid: **Nie wanneer** nie? – maar **nou**!

Ken en doen

Ons sal agterkom dat ons nie oorsee hoef te gaan om ’n dienskneg te wees nie. Ons gaan oefen om toegewyd te wees waar ons is.

Studie

Mense se agendas

Wat is sommige mense se verskonings om nie by sending (uitreike) betrokke te raak nie? Watter vrae sal ons vir hulle moet beantwoord sodat hulle daartoe verbind en betrokke kan raak in diens/sending?

1. Skryf die vyf tipiese vrae neer.

   a)

   b)

   c)

d)

e)

2. Watter van hierdie vrae is jou eie vrae ook? Wat verhinder jou om diens te verrig/sending te doen?

Die vraag oor ontplooiing

Daar word dikwels 'n onbybelse verdeling gemaak tussen die fisiese en geestelike. Wie so 'n verdeling voorstaan, sien die geestelike altyd as hoër, beter en heilig, terwyl die fisiese gesien word as iets laag, sleg en aards. Dit is die Griekse denke – nie die Bybelse nie.

Tans word dit uitgedruk met die begrip "voltydse Christelike diens". Iemand wat sending, pastoraat, of kerkwerk doen, is 'n "voltydse Christen". Hierdie onbybelse gedagte lei tot die gevolgtrekking dat alle ander Christene "deeltyds" is.

Hierdie onderskeid is nie 'n verskil in <u>beginsel</u> nie, aangesien alle Christene "voltyds" vir die Here is. Dit <u>is</u> eerder 'n verskil in <u>ontplooiing</u>. Elkeen van ons word uitgestuur en in 'n strategiese posisie geplaas om te dien. Ons moet diensknegte wees waar ons ook al ontplooi word.

1. Lees Efesiërs 6:5-8.

   a) Praat Paulus hier met predikante en sendelinge?

   b) Met wie praat hy?

   c) Hoe moet hierdie mens sy "sekulêre werk" doen?

   d) Hoeveel keer gee Paulus in hierdie vier verse dieselfde opdrag?

   e) Hoekom dink jy het Paulus dit so baie keer gesê?

2. Jeremy Jackson het 'n uitstekende waarneming gemaak in *No Other Foundation*. Hy sê:

> "... the most basic preparation for full-time service in the usual sence is the recognition that it represents NO HIGHER CALLING THAN ONE'S PRESENT OCCUPATION (emphasis added). In other words, if one is not totally dedicated to God right now, there is no reason whatever to suppose that by putting on the mantle of a pastor, missionary, or whatever, one will be miraculously transformed into a dedicated servant."[24]

3. Wat beteken dit vir jou as 'n student, skrynwerker, ouer, ingenieur, vakleerling, dokter, sendeling, busbestuurder, ensovoorts?

Die vraag oor gehegtheid

3. Hebreërs 11 gee 'n beskrywing van geloof deur gebruik te maak van die voorbeelde van die gelowiges in die Ou Testament. Dit is duidelik dat hulle pelgrims was. Lees Hebreërs 11:13-16.

   a) Wat was hulle belydenis? (vers 13)

   b) Waarna het hulle gesoek? (vers 14)

   c) Wat het vir hulle spanning gebring en is hierdie spanning op ons van toepassing?

   d) Wat is God se wonderlike antwoord aan die pelgrims? (vers 16)

4. Lees Kolossense 3:1-4.

   a) Waarop moet ons oë gefokus wees? (vers 1-2)

   b) Hoekom is dit ons fokus? (vers 3)

5. Ons verhouding tot die wêreld

   a) Die woord *wêreld* kom 110 keer in die evangelies – 77 keer in die evangelie volgens Johannes – voor. Met een uitsondering gebruik Johannes deurgaan die Griekse woord "*kosmos*", waarvandaan ons Afrikaanse woord *kosmos* of *heelal* kom. Hierdie woord het sowel 'n wye betekenis (die hele skepping) as 'n eng betekenis ('n individuele persoon). Lees Johannes 8:12 en 9:5. Wat het Christus gesê, is Hy en wat het Hy vir die wêreld kom doen?

b) Lees Johannes 12:35-36. Wat het Christus bedoel dat sy volgelinge moes wees en doen?

c) Lees Johannes 3:16-17. Ons sal dikwels hierdie gedeelte verpersoonlik deur 'n persoon te vra om sy eie naam in die plek van *die wêreld* te plaas sodat hy lees: "God het _____ so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat _____ nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê." Skryf jou eie naam in en dank die Vader vir sy geskenk van oorvloedige liefde vir jou.

Nou gaan ons die vrymoedigheid neem en hierdie vers op 'n ander manier verpersoonlik: "want God het die wêreld so liefgehad dat Hy _____ in die wêreld ingestuur het ..." Skryf jou eie naam neer.

d) Ons moet <u>in</u> die wêreld wees, maar nie <u>van</u> die wêreld nie. Lees Johannes 17:13-23.

i. Waarheen het Christus ons gestuur? (vers 18)

ii. Waarom het Hy ons in die wêreld ingestuur? (vers 20, 23)

iii. Waarvoor bid Christus dat dit sal gebeur? (vers 15)

iv. Terwyl Christus ons in die wêreld wil hê, watter stelling maak Hy oor ons?

v. Soos gewoonlik stel die Bybel die balans – "in" maar nie "van". Ons lewenstyl moet deur hierdie balans gedefinieer word. Dit gebeur te dikwels dat ons ons balans verloor, na die een of die ander kant toe.

Die gevaar aan die een kant is dat ons so baie "in" die wêreld word dat ons "van" die wêreld word. Dit is die proses van sekularisasie/verwêreldliking. Die Christen en die kerk word ononderskeibaar deel van die wêreld.

Die gevaar aan die ander kant is dat, in ons vlug van "van" die wêreld te wees, <u>verlaat</u> ons die wêreld. Dit is die staat van separatisme en kloosterwese. Hier verlaat die Christen en die kerk die markplein en beskerm hulleself binne-in hulle programme en die mure van hulle geboue.

6. As Christene moet ons fokus op ons hemelse woonplekke en besef dat ons hier op aarde pelgrims is. Ons gehegtheid aan Christus maak ons daarvan vry om <u>in</u> die wêreld te wees en nie <u>van</u> die wêreld nie.

Die vraag oor betrokkenheid

Christus se laaste opdrag aan sy dissipels voordat Hy gesterf het, was om te dien. Sy laaste opdrag voor sy hemelvaart was dat hulle in besit moet neem en uitsprei vir die Koning (sien Hand 1:8). Hulle moes wag vir die Heilige Gees; daarna moes hulle nie nog verder wag vir 'n toekomstige "wanneer" nie. Hulle word aangesê, soos ons vandag, om "nou" te dien.

1. Lees Lukas 19:11-27. In hierdie gelykenis lê Christus die fondament vir sy voor-hemelvaartboodskap en vir sy opdrag aan sy diensknegte totdat Hy weer kom.

   a) Wat het die dissipels verwag? (vers 11)

   b) Christus se openbare bediening het begin met Johannes die Doper se verkondiging dat die Koning aan die kom was en dat sy koninkryk naby is. Voor sy dood het die dissipels verwag dat Christus Homself sou openbaar as die Koning, terwyl hulle glo dat hulle maar net moet wag vir hulle deel van die gesag (Luk 19:12).

   c) Wat het die edelman vir sy diensknegte gesê om te doen in Lukas 19:13?

      Christus se boodskap is duidelik. Die dissipels moenie **passief sit en wag** en vra wanneer Hy sal terugkom nie. Hulle moet **verantwoordelik optree**. Hulle moet hulle werk doen "totdat ek kom" (Lukas 19:13). Die King James-vertaling gebruik 'n nog duideliker bewoording:– "Occupy until I come."

      Die Griekse woord vir "*occupy*" of *om werk te doen* is "*pragmateuomai*". Dit beteken *om te verhandel, om te beset, om besigheid te doen*. Dit word afgelei van die primêre werkwoord "*prasso*" wat beteken *om te beoefen, om aanhoudend of gewoonlik uit te voer, om uit te voer, om te doen, om toe te vertrou*.

      Die beeld wat Christus teken is dié van die Koning wat gaan om sy koninkryk in ontvangs te neem. En sy diensknegte moet die hulpbronne wat Hy gegee het, gebruik en hulle in werking te stel in die land as voorbereiding vir die Koning se terugkoms. Die Koning sowel as diensknegte het werk om te doen om die koninkryk te laat kom.

   d) Dit is duidelik dat Christus se diensknegte die verantwoordelikheid het om die strandhoof te vestig – om die land in besit te neem en die vyande van die Koning terug te dryf.

2. Jesus se laaste boodskap aan sy dissipels

a) Lees Matteus 28:18-20, “Jesus se opdrag aan sy dissipels”. Let op die verhouding tussen die werklikheid van Christus se gesag (vers 18) en die diensknegte se verantwoordelikheid (vers 19-20).

b) Waar het Christus aan die gesag gekom? (vers 18)

c) Daarom, wat vra Christus sy diensknegte om te doen? (vers 19-20)

d) Dink aan die verste plek van jou huis af waar jy kan dink om te wees. Waar is dit?

As jy nou “verder” sou gaan as dit, na ’n plek wat jou bang sou maak (dit mag so naby wees as die middestad van die plek waar jy bly), waar sou dit wees?

Gaan verder as daardie plek waar Christus nie met jou sou wees nie. Waar sou dit wees?

e) Hoe lank sal Christus met ons wees? (vers 20)

f) Daar is geen plek of stadium – maak nie saak hoe ver (’n donker oerwoud of ’n stad se hole) of hoe naby (jou buurman se huis) – waar Christus nie met ons sal wees en deur ons teenwoordig wil wees nie.

g) Ons moet na Christus se teenwoordigheid in elke oomblik van ons lewens soek. Soos Jona, kan ons deur God geroep word na ons “Nineve”, tog wil Hy hê ons moet _____ “wees” waar ons ook al is.

h) Jim Elliot, ’n jong sendeling wat alles opgeoffer het om na Ecuador te gaan, is op ’n keer gevra waarom hy na Ecuador toe gaan as daar so baie nood in die Verenigde State is. Hy het geantwoord: “How can I not go? I have been commisioned to go (Matt 28:19-20) and I have no calling to stay.” Wat dink jy het hy bedoel?

3. Jesus se voor-hemelvaartboodskap

a) Lees Handelinge 1:6-9. Hier is die woorde van die opgestane Christus net voordat Hy na die hemel opgevaar het.
b) Wat wou die dissipels graag weet? (vers 6)

c) Wat het Christus gesê hoef ons nie te weet nie? (vers 7)

d) Wat het Christus gesê sal die dissipels ontvang? (vers 8)

e) Wat wou Hy hê moes die dissipels doen? (vers 8)

f) Wat is die verhouding tussen Handelinge 1:7 en Handelinge 1:8? Hoekom het Christus die dissipels se fokus verskuif?

g) Die Griekse woord vir *getuie* is "*martus*". Dit word as 'n regsbegrip gebruik, soos 'n getuie in 'n hof.

   i. Dink aan 'n hofsaak. Wat moet die getuie kom doen?

   ii. Wat sal bepaal of die getuie 'n goeie of 'n slegte getuie is?

   iii. Watter Engelse en Afrikaanse woord dink jy word afgelei van die Griekse woord "*martus*"?

   iv. Hoe dink jy het die woord daardie betekenis gekry?

   v. Let op die plek in Handelinge 1:8 waar die Christene kan getuig. Let op dat daar 'n uitwaartse groei is van getuienis gee van waar ons na die hele wêreld moet uitreik.

4. Die vraag oor ons betrokkenheid gaan nie oor 'n toekomstige plek en tyd nie, maar oor nou. Jim Elliot het gesê: "Wherever you are, be all there!" Francis Schaeffer, van L'Abri Fellowship, het gewoonlik gesê: "How you treat a person in the brief moment when you pass together through a revolving door tells the world what you believe about them."[25] Wat het hierdie manne vir ons gesê?

Opsommend: Ons elkeen is ontplooi om te dien; ons moenie geheg wees aan die wêreld nie; en ons moet betrokke wees deur die plek waar ons ook al is vir ons Koning in besit te neem. Met hierdie werksomskrywings beveel ons Verlosser ons om Hom te verteenwoordig in 'n stukkende wêreld.

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Matteus 28:18-20

Jou aandeel

Vat 'n uur se stilte, weg van die selfoon, TV en mense af. Dink na en bid. Doen een en/of albei van die volgende oefeneinge.

1. Maak jou oë toe en gebruik jou verbeelding.

    a) Roep Johannes 3:16-17 in herinnering. Visualiseer God die Vader wat sy Seun in die wêreld instuur. Sien in jou verbeelding Christus loop en praat en mense bedien.

    b) Bring Christus in jou wêreld in, in die "markplein" van jou lewe. Volg Hom terwyl Hy die mense bedien wat jy ken.

    c) Visualiseer nou hoe Christus daardie selfde mense deur jou lewe aanraak.

2. In hierdie stil tyd, vra:

    a) Is ek waar God my wil hê?

        i. Wil Hy hê ek moet oorsee wees of in die Derde Wêreld? Het ek sy bevel gehoorsaam om te gaan?

        ii. Het Hy my geroep om te "bly"? Is ek heeltemal daar ("all there")? Vervul ek sy avontuur vir my deur die land in besit te neem waar ek is?

        iii. Is ek 'n "stuurder"?

        iv. Ondersteun ek diegene wat gegaan het aktief?

    b) Is ek gewillig om te gaan? Is ek gewillig om heeltemal daar ("all there") te wees?

    c) Is ek toegewy aan Christus? Is ek toegewy om betrokke te wees in die bring van sy koninkryk?

Hoofstuk 13

Die toegewydheid van die dienskneg

Vorige Bybelstudie

In die mees onlangse Bybelstudies het ons gesien hoe, vir wie en waar ons moet dien. Ons het gesien dat dit ons taak is om oral te dien, beginnende met waar ons daagliks is en die mense met wie ons te doen kry en daarmee voortgaan, selfs tot op die moeilikste plekke in die wêreld.

Voorskou

In hierdie Bybelstudie gaan ons weer kyk na voorbeelde van ongevoeligheid en gebrek aan betrokkenheid aan die kant van ons samelewing en die kerk. Ons gaan ons eie gewilligheid om betrokke te wees ondersoek. Ons sal sien dat geloof ons aksie en toegewydheid vereis – nie ongevoeligheid nie – wanneer ons die land in besit neem vir die komende Koning.

Ken en doen

Ons sal agterkom dat elkeen van ons se lewens 'n verskil maak in die bring van die koninkryk. Laat ons sy wederkoms saam vier!

Studie

Die krisis van toewyding

Ons lewe in tye van verskriklike menslike lyding en nood.

Op 18 Maart 2005 is 'n jong vrou van Florida, Terri Schiavo, se voedingsbuis verwyder op grond van 'n hofbevel. Dertien dae later, op 31 Maart, sterf sy weens ontwatering. Met hierdie hofbevel het Amerika nog 'n tree in sy dans met die dood gegee. Die besluit om Terri dood te maak is maar net die volgende tree wat volg op die wettiging van die gerieflikheidsmoorde van ongebore babas wat gewettig is op grond van die Hooggeregshofuitspraak in die saak Roe vs Wade in Januarie 1973 – 'n uitspraak wat gelei het tot die wettige moorde van meer as 49 miljoen kinders in Amerika.

In Februarie 2003 het die regering van Sudan begin om deur middel van 'n gevolmagtigde militêre aanslag etniese reiniging te doen teen die nomadiese Arabiere in die Darfur-streek van westelike Sudan. Oor die volgende drie jaar is 'n geskatte 480 000 mense doodgemaak, dikwels wreedaardig. Duisende kinders het gesterf as gevolg van die hongersnood wat veroorsaak is deur die oorlog. Dit alles het gebeur skaars 'n dekade na 1997 se Rwandese volksmoord met sy honderde duisende slagoffers – 'n volksmoord waarop leiers dwarsoor die wêreld gepleit het "nooit weer nie!"

In 2007 het die wêreld 2 000 metrieke ton kos geproduseer, waarvan 1 700 metrieke ton graan was. Die graan alleen was genoeg om twee eenpond-brode per dag aan elke mens op die aarde te voorsien. Tog het daar in dieselfde jaar (2007) 3 000 000 kinders gesterf weens ondervoeding. Wat is verkeerd?

Hierdie gebeure kan ons verskrik, maar ons vra: "Wat kon ek doen? Wat kon ek doen teenoor 'n gewetenlose diktator? Wat kon ek doen vir 3 000 000 kinders per jaar?"

Gewoonlik is die antwoord: "Niks nie." Hierdie vraag lei tot verlamming, tot onaktiwiteit en tot afsydigheid, effektief geïsoleer van enige verantwoordelikheid.

Die probleem is met die vraag. "Wat kon ek doen?" is die verkeerde ding om te vra. Voordat ons vra wat ons, as individue, kon doen, moet ons eerder die persoonlike vraag oor toewyding vra: "Is ek gewillig om te dien?"

'n Mens kan duisende behoeftes gewys word en tien duisende geleenthede om te dien, maar as daar geen toewyding is om te dien nie, sal die vraag altyd wees: "Wat kon ek doen?" As iemand die toewyding het om op te tree en te dien, sal God die toepaslike diens aanwys.

Byvoorbeeld, die saak oor honger is duidelik. Verlede jaar het ons genoeg kos geproduseer om twee keer die wêreld se bevolking te voed. Met die bestaande landbougrond en tegnologie kan ons kos produseer om tien keer die wêreld se bevolking te voed. Dit is dus nie 'n probleem van te veel mense en te min kos nie. Die probleem is gebrek aan wilskrag. Daar is 'n krisis aan toewyding.

God treur oor die gebrokenheid van die wêreld. Christus het gesterf om ons vry te maak van slawerny. Christus het gelewe om vir ons 'n voorbeeld te gee van hoe om te sorg, hoe om te dien. Die Vader het Christus se wederkoms belowe om sy koninkryk te vestig. Christus het sy diensknegte opdrag gegee om die land in besit te neem totdat Hy kom.

Ons moet bid: "Here, help ons om gewillig te wees om te dien."

Ongevoeligheid van die kerk

Die wêreld ly weens 'n krisis aan toewyding. Die kerk het ook in dié ongevoeligheid verval.

1. 'n Christenvriend het 'n Bybelkonferensie saam met 2 000 ander kerkleiers bygewoon. Hy het die werkswinkel "Die Bybel en wêreldsending" gekies, wat deur 'n toonaangewende sendeling aangebied is. 'n Handjievol mense het dit bygewoon. Na hierdie werkswinkel het hy by 'n deur verbygeloop waar 'n ander

werkswinkel aangebied is, en die vertrek was gevul met honderde mense. Verbaas oor watter onderwerp so ’n groot klomp mense kon gelok het, het hy die program nagegaan. Die onderwerp? “Die oorwinnende Christelike lewe”.

a) Wat was die verskil in die fokus van die twee werkswinkels?

b) Waarvan is dit ’n aanduiding?

2. Definieer *ongevoeligheid*

a) Wat is ongevoeligheid? (gebruik ’n woordeboek)

b) Die Engelse woord “*apathy*” is afgelei van die Griekse woord “*apatheia*”.

i. Die Griekse woord “*apatheia*” word saamgestel uit die negatiewe voorvoegsel “*a*” en die Griekse woord “*pathos*”. Die Griekse voorvoegsel “*a*” word vertaal met “on” of “nie” in Afrikaans. Lees die volgende vers en kyk hoe die verwante woorde “*metriopatheo*”, “*sumpatheo*” en “*sumpathes*” vertaal word.

a. Hebreërs 5:2 “Hy (Jesus) kan _____ hê met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self aan swakheid onderhewig is.”

b. Hebreërs 4:15 “Die Hoëpriester wat ons het, is nie een wat geen _____ met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos aan versoekings onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.”

c. Hebreërs 10:34 “Julle het met die gevangenes _____ gehad, en toe op julle besittings beslag gelê is, het julle dit met blymoedigheid aanvaar omdat julle geweet het dat julle ’n besitting het wat beter en blywend is.”

d. 1 Petrus 3:8 “Ten slotte: Wees almal eensgesind, _____, liefdevol, goedhartig, nederig.”

ii. “*Apatheia*” beteken dus die teenoorgestelde van medelye, meegevoel en goeie optrede. ’n Mens kan selfs sê dat dit die teenoorgestelde is van *agape* liefde.

c) Om op te som, ons dink gewoonlik ongevoeligheid is dieselfde as luiheid, onverskilligheid of botheid. Dit is egter nie 'n neutrale woord nie, maar 'n aktiewe woord. Dit is die teenoorgestelde van meegevoel. Apatie is om ongevoelig te wees, versuim om te identifiseer met en versuim om op te tree. Dit is 'n versuim om liefde handelend te laat optree.

Apatie versterk die sondeval. Dit aanvaar dit fatalisties. Apatie skep die geleentheid vir die onafwendbaarheid van Nancy Cruzan se dood en die hongerdood van 35 000 mense elke dag.

3. Sekularisasie/verwêreldliking

Die korporatiewe kleur van apatie is sekularisasie, of gelykvormig word aan die wêreld. Die moderne westerse kerk het so verstrengeld geraak met materialisme dat dit versuim om profeties betrokke te raak in ons kultuur – in denke, innerlike krag of aksie. Die "Amerikaanse droom" is net met kerk op Sondag versier in plaas daarvan om by die Bybelse koninkryk van God te bly.

Sekularisasie is die proses wat die kerk losmaak van haar sending om die koninkryk te bevorder. Sekularisasie is korporatiewe apatie ... dit laat die kerk ontoegewyd aan die Here en sy koninkryk, onbetrokke en sonder enige reaksie op menslike nood.

Soos wat Os Guinness dit in *The Gravedigger's File* stel, hierdie korporatiewe apatie veroorsaak 'n "crisis of plausibility". Die geloofwaardigheid van die kerk (of Christelikheid waar **is**) is in die geskiedenis gevestig, maar die aanneemlikheid/geloofwaardigheid (of Christelikheid waar **lyk**) word gevestig deur die aksie van die kerk in bediening. Guinness skryf dat daar 'n gaping is tussen ons "geestelike retoriek" en ons "sosiale werklikheid". Die wêreld glo nie ons boodskap nie – nie omdat ons dit nie genoeg sê nie, maar omdat ons dit nie genoeg uitleef nie.[26]

Liefde in aksie – ken en doen

Liefde is die natuurlike gevolg van ons geloof en ons ervaring van God se liefde vir ons.

1. Lees 1 Johannes 3:16-18.

a) Hoe weet ons dat God ons liefhet? (vers 16)

b) Tot watter slotsom word gekom oor die man wat hulpbronne het maar nie reageer op sy broer se nood nie? (vers 17)

c) Vers 18 stel die beginsel van "ken en doen". Skryf dit in jou eie woorde neer.

d) Is dit duidelik dat ons ons hulpbronne moet aanwend waar ons toewyding is?

2. Paulo Freire, 'n Brasiliaanse opvoedkundige, beskryf die verhouding tussen ken en doen met die gebruik van die Griekse woord "*praksis*". Hy het gesê dat oor 'n woord wat lewendig is daar nagedink word en daarop ook gereageer word. 'n Woord waaroor nagedink word en waaroor gepraat word sonder dat daarop gereageer word, is blote verbalisme. 'n Woord waarop gereageer word sonder om daaroor na te dink, is blote aktivisme."[27]

   Nadink + reaksie = PRAKSIS
   Nadink – reaksie = VERBALISME
   Reaksie – nadenke = AKTIVISME

3. CS Lewis het in *The Screwtape Letters* die onvermoë beskryf wat 'n Christen oorval wat versuim om te handel op grond van wat hy weet waar is. Screwtape leer vir Wormwood hoe om die Christen se effektiwiteit te ondermyn:

   "The great thing is to prevent his doing anything. As long as he does not convert it into action, it does not matter how much he thinks about this new repentance. Let the little brute wallow in it. Let him, if he has any bent that way, write a book about it. That is often an excellent way of sterilizing the seeds that the Enemy plants in a human soul. Let him do anything but act. NO amount of piety in his imagination and affections will harm us if we keep it out of his will. As one of the humans has said, 'ACTIVE HABITS ARE STRENGTHENED BY REPITITION, BUT PASSIVE ONES ARE WEAKENED. THE MORE OFTEN HE FEELS WITHOUT ACTING, THE LESS HE WILL BE ABLE EVER TO ACT, AND, IN THE LONG RUN, THE LESS HE WILL BE ABLE TO FEEL'" (beklemtoning bygevoeg).[28]

4. Liefde is dan om vir iemand anders iets te doen wat ons weet die beste is. Dit is die teenoorgestelde van apatie – weet, nie doen nie.

5. Ons moet onthou dat die werk van die dienskneg ons verantwoordelikheid is. Tog kan ons nie ons verantwoordelikheid nakom sonder sy bemagtiging nie. Lees Johannes 15:5. Let op dat ons in Christus moet bly om instrumente in sy diens te wees.

U koninkryk kom

1. Lees die *Onse Vader* in Matteus 6:9-13. Let op dat die teenswoordige en toekomstige aspekte van die koninkryk in vers 10 geïdentifiseer word waaroor Christus ons geleer het om te bid.

   a) Vir watter toekomstige aspekte moet ons bid?

   b) Vir watter teenswoordige aspekte moet ons bid?

2. Christus is verantwoordelik vir die toekomstige koninkryk. Ons, toegerus met sy inwoning en bemagtigende Gees, is verantwoordelik vir die teenswoordige koninkryk. Ons het in die vorige Bybelstudie gesien dat Christus gegaan het om sy koninkryk te ontvang. Ons moet dit in besit neem totdat Hy terugkom. Sy diensknegte is sy voetsoldate, die voortstuwende mag vir sy terugkoms. Ons toegewydheid om te dien is nie maar net vir die toekoms nie, maar dit is vir nou.

   Elke keer dat ons handelend optree, gee ons hoop aan mense in oënskynlik hopelose situasies. Elke weerstand wat ons bied, gee geleentheid vir ander om betrokke te raak. Elke tree vorentoe neem 'n groter gebied in besit vir Christus.

3. Ons toewyding aan Christus en sy koninkryk moet altyd groter wees as die dinge wat ons wil verlei. Dikwels dink en tree ons op asof ons beperkings en sonde groter as Christus is en so laat ons toe dat dit ons lewens domineer. Christus is baie groter as alles! Sy oneindigheid oorwin ons beperkings; sy heiligheid bedek ons sondes.

   Watter vrese, frustrasies of vorms van trots verhinder jou groei en betrokkenheid?

   Ons dink die uitbreiding van die koninkryk is iemand anders se verantwoordelikheid – Christus s'n, ons predikante s'n, ens. Ons sê: "Vra iemand anders!" of "Hier is ek, Here, stuur my broer." Nee, dit is ons <u>eie</u> verantwoordelikheid!

4. Ons behoort in gevaar te wees met ons lewens en ons hulpbronne. Ons behoort "gekke vir Christus", radikale revolusionêres te wees. Die status quo is veilig, maar dit lei tot volharding van die sonde en onmenslikheid. Wanneer ons egter toegewyd is om ter wille van Christus op te tree, dwing dit om ons lewens in ooreenstemming met die Koning se beginsels te bring; en die resultaat is heling.

5. Wanneer ons vir die Koning werk, word die koninkryk se doelwitte ons middele. Christus sal geregtigheid in sy koninkryk bring en ons sal regverdige lewens lei. Christus sal heiligheid in sy koninkryk bring en ons behoort heilig te lewe. Christus sal alle trane afdroog en ons moet vertroosters wees. Hy sal alle waarheid verlig en ons moet waarheid nastreef. Hy sal nuwe en oorvloedige lewe gee aan sy skepsels en ons moet lewe, lag, kuns en musiek skep.

   Dr Larry Ward, stigter van Food for the Hungry, het gesê: "It is our responsibility to plant flower seeds in the refugee camp."[29] Hoekom? Omdat God aan ons die toekoms vertel het! En deur aan ons die toekoms te vertel, het Hy ons van ons huidige tyd vertel.

6. Dit is duidelik! God het dit verklaar! Sy koninkryk is aan die kom!

   "Nancy, we are coming to help ... we don't know how ... we are scared, but we are coming!"

   Aan die Dinkas sê ons: "Dit sal nie ongesiens verbygaan nie! Ons sal daaraan werk om die menseslagting in die toekoms te keer. Ons sal dit van die dakke af uitskree ... ons sal die boosheid ontbloot!"

   "Kleintjie, ons hoor jou gekerm vir kos. Jou broer mag gister gesterf het, maar ons is woedend ... ons wil jou help om te lewe!"

Betrokkenheid

Wat nou? Indien jy gekies het om as 'n nederige dienskneg van Christus op te staan, is dit nou die tyd om op te tree!

1. Sê vir God dat jy sy roepstem gehoor het en dat jy gekies het om Hom te volg. Maak dit dan, tot jou eie voordeel, vas met 'n fisiese herinnering van jou toewyding. Vertel 'n vriend, skryf jou toewyding in jou Bybel neer of "bou 'n altaar" (Jos 4:1-7).

2. Voeg jouself by ander by die kerk, werk of skool wat ook in gevaar wil kom.

3. Identifiseer jou terreine van belangstelling, laste, gawes en roeping. Verklaar jou voorneme en begin optree.

4. Identifiseer 'n kerk, organisasie of groep gelowiges wat reeds betrokke is om die koninkryk van Christus uit te brei. Voeg jouself by hulle in hulle diens.

5. Lees Johannes 13:1-17. Skryf in jou eie woorde die laaste les neer wat die Dienskneg-Koning vir sy dissipels gegee het.

Onthou dat die **handdoek** die simbool is van jou roeping.

Op jou eie

Dink na en/of memoriseer die volgende gedurende hierdie week:

Jy vir wie Ek van die uiteindes van die aarde af gegryp het,
van sy uithoeke af geroep het, vir jou het Ek gesê:
Jy is my dienaar, Ek het jou uitverkies,
Ek het jou nie verwerp nie.
Moenie bang wees nie, Ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou,
Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.
Jesaja 41:9-10

Jou aandeel

Hê lief, lag, geniet, waag en wandel met God ...

Aangaande Disciple Nations

Toerusting vir die kerk om die wêreld te verander

Die Disciple Nations Alliance is deel van 'n wêreldwye beweging van individue, kerke en organisasies met dieselfde visie: om te sien dat die wêreldwye Kerk tot haar volle potensiaal kom as God se instrument om te genees, te seën en om die nasies te verander.

Die Disciple Nations Alliance is in 1997 gestig deur 'n vennootskap tussen Food for the Hungry (www.fh.org) en Harvest (www.harvestfoundation.org). Ons missie is om die paradigma en praktyk van die plaaslike kerke oor die hele wêreld te beïnvloed, deur hulle te help om valse oortuiging te identifiseer en daarvan ontslae te raak, en om 'n robuuste Bybelse wêreldbeeld te omhels – deur waarheid, geregtigheid en skoonheid in elke sfeer van die samelewing te bring, en om Christus se liefde op praktiese maniere te demonstreer, deur die gebrokenheid in hulle gemeenskappe en nasies aan te spreek, beginnende met hulle eie hulpbronne.

Vir verdere inligting oor die Disciple Nations Alliance sowel as toegang tot 'n skat van hulpbronne, curricula, boeke, studiemateriaal en toepassingsgereedskap, besoek asseblief ons webblad.

www.disciplenations.org

E-pos: info@disciplenations.org

Bylaag 1 – Persoonlik evaluering

PERSOON WAT GEËVALUEER WORD: _____

Algemene karakter	**Altyd**	**Dikwels**	**Soms**	**Selde**	**Nooit**	
Geduldig						(Ongeduldig)
Verstandig						(Onverstandig)
Kuis						(Onrein)
Bedaard						(Onstuimig)
Betroubaar						(Onbetroubaar)
Bekwaam om te leer						(Onkundig met die woord)
Waaksaam						(Nalatig)
Gasvry						(Ongasvry)
Onberispelik						(Besmet)
Geordende huishouding						(Opstandig)
Regverdig						(Onregverdig)
Selfbeheersd						(Ongedissiplineerd)
Heilig						(Goddeloos)
Fatsoenlik						(Onfatsoenlik)
Vreedsaam						(Geweldadig)
Word stadig kwaad						(Humeurig)
Gee om vir ander						(Selfgesentreerd)
Vervul met die gees						(Dronkaard/onder ander se invloed)
Soek die koninkryk						(Lief vir geld)

Eensgesind						(Twisgierig)
Vrygewig						(Gierig)
Verhoudings						
Ouer mans as vaders/respek						(Teregwys)
Jonger mans as broers/respek						(Teregwys)
Ouer vrouens as moeders/respek						(Teregwys)
Jonger vrouens as susters/kuis						(Onkuis)

Notas

1 Tetsunao Yamamori, "Toward a Symbiotic Ministry: God's Mandate for the Church Today," Missiology: An International Review, Vol. V, Number 3 (July, 1977), pp. 265-274.

2 Uit 'n persoonlike gesprek met Francis Schaeffer, L'Abri Fellowship, Huemoz, Sollon, Switzerland

3 Francis Schaeffer, No Little People, No Little Places, (Downers Grove, IL: InterVarsity Press, 1974), p. 25.

4 Richard Foster, Celebration of Discipline, (New York: Harper & Row, Publishers, Inc., 1978), p. 15.

5 Myron Rush, Management: A Biblical Approach, (Wheaton, IL: Victor Books, 1983), p. 10.

6 Schaeffer, pp. 19, 20.

7 ibid.

8 Kefa Sempangi and Barbara R. Sempangi, A Distant Grief, (Glendale, CA: Regal Books, 1979), p. 133.

9 W.E. Vine, Expository Dictionary of New Testament Words, (Grand Rapids, MI: Zondervan, 1982), p. 131.

10 ibid., p. 131.

11 Foster, p. 103.

12 Roscoe Brewer, uit 'n lesing aangebied by Food for the Hungry, Herfs 1981.

13 Foster, p. 96

14 Oswald Chambers, My Utmost for His Highest, (Discovery House Publishers, 1989), p.177.

15 C.S. Lewis, aangehaal deur A.E. Wilder Smith in The Paradox of Pain, (Harold Shaw Publishers, 1971), p. 7.

16 Mrs. Charles Cowman, Streams in the Desert, (Grand Rapids, MI: Zondervan, 1971), p. 279.

17 Ibid, p. 279.

18 Ibid, p. 16.

19 Elisabeth Elliot, Shadow of the Almighty, (New York, NY: HarperCollins, 1979), p. 11.

20 John R. W. Stott, Christian Counter-Culture: The Message of the Sermon on the Mount, (Downers Grove, IL: InterVarsity Press, 1978).

21 D. Jeanene Watson, Teresa of Calcutta: Serving the Poorest of the Poor, (Fenton, MI: Mott Media, 1984), p.69.

22 Cowman, p. 255.

23 Wisdom of Our Time, red. by James Nelson, aangehaal in Reader's Digest, Desember 1984, "Points to Ponder," p. 58.

24 Jeremy Jackson, No Other Foundation: The Church Through Twenty Centuries, (Wheaton, IL: Good News Publishers, 1980), pp. 245-246.

25 Francis Schaeffer, uit 'n gesprek met die outeur by L'Abri Fellowship in 1968.

26 Os Guinness, The Gravedigger's File: Papers on the Subversion of the Modern Church (Downers Grove, IL:InterVarsity Press, 1983), p. 143.

27 Paulo Freire, Pedagogy of the Oppressed, (New York, NY: The Seabury Press, 1968), p. 75.

28 C.S. Lewis, The Screwtape Letters (New York, NY: MacMillan Publishing Company, 1961), p. 71.

29 Dr. Larry Ward in 'n toespraak aan die Raad van Direkteure van Food for the Hungry in 1984.